

EERSTE PART

Waarin behandel word die Afrikaanse spreektaal, sy afwykings, eienaardighede en invloede wat dit beheers het en nog beheers.

§1—DIE AFRIKAANSE SPREEKTAAL.

Afrikaans as afsonderlike taal het onder sterk invloede ontwikkel uit die Hollands van die sewentiende eeu—en wel op die klein oppervlakte geleë tussen die see, die Berg-rivier en die Hottentots-Hollandse gebergtes. Op hierdie streek van ongeveer vyftien uur lank en gemiddeld ses uur breed het die burgers eers wyd van mekaar gewoon. Ofskoon die bevolking uit Hollandse, Duitse en Franse koloniste samegestel is, het elke nasionaliteit nie afsonderlik gewoon nie, maar hulle het met mekaar vermeng en dus die vorming van groepe van dieselfde stamland in die nuwe vaderland voorkom. Omdat die burgers hul geboorteland verlaat het om kennis te maak met nuwe gebiede, was hulle nie van die huis-sit-soort nie en het flink hul bure en medekoloniste, verder weg, gedurig besoek—waardeur geen geleentheid gelaat was om Afrikaanse dialekte te vorm nie.

Die begeerte om die wêreld te sien en nuwe oorde te besoek het hier in Suid-Afrika vry spel gekry om te ontwikkel en het steeds in krag vermeerder. Nadat die Afrikaner sy taal ontwikkel het, en nadat dit 'n vaste vorm en sy taalkundige konstruksie verkry het, het die burgers in alle rigtings die land ingetrek—sommige suid, „oorberg”, om hulle te vestig in Caledon, Bredasdorp en omgewing; ander oos, tot in die vallei van die Breërivier, tot waar Swellendam nou is, en nog verder; 'n derde groep het noord-oos getrek om die binnelandse streke, waar Graaff-Reinet nou is, tot 'n verblyfoord te kies; en 'n vierde afdeling het noordwaarts verskuif en die geweste van die Sandveld en Namakwaland gaan bewoon. Vas aan een plek was die verskillende trekkers nie gebonde nie, maar hulle het gedurig hul woning van die een oord na die ander verplaas. Hulle het in kommunikasie met mekaar gebly, al was dit maar om met ossewa te gaan kuier. Op hierdie manier het hulle die nuwe name van pas-ontdekte voorwerpe oor en weer gedra, waardeur min of meer dieselfde woorde in gebruik gebly het.

Wanneer ek van dieselfde woorde of benamings praat, dan gee ek nou 'n uitleg van wat ek hiermee bedoel. Dié deel van die koloniste wat aan die trek nie deelgeneem het nie, het hul woordeskat behou; maar dié wat weggetrek het, het in die binnelande nie meer in aanraking met see-

visse, wynbou en sekere plante, ens., gekom nie; so het dié name mettertyd vir hulle—maar nie vir die agtergeblewenes nie—verlore geraak. Maar dan weer het die trekkers nuwe ondervindings opgedoen en het kennis gemaak met voorwerpe wat vantevore onbekend was; dié nuwe dinge moes name kry—en hulle *het* name gekry—, waardeur die Afrikaanse woordeskat verryk geword is. Hoe verder die burgers verspreid die land ingetrek het, hoe ryker aan woorde het die taal in sekere opsigte geword.

Op dié wyse het Afrikaans tydelik sy ewewig verloor; maar die feit was nog nie in staat om dialekte te skep nie. Ons praat *dieselfde taal*, slegs met die onderskeid dat een deel ryker is aan woorde van 'n sekere soort as die ander. En dit vereis oplettendheid om die onderskeid vas te stel. Wat uitspraak en woordekeuse betref, is die afwykings so gering dat selfs geleerdes dit moeilik vind om dit te ontdek; hiervan het ek ondervinding genoeg opgedoen met die lysie van woorde en uitdrukkinge wat ek oor die hele Unie rondgestuur het om met plaaslike spraak te vergelyk. Nie minder as vier geleerdes het geantwoord dat hulle nie 'n geleentheid het om die plaaslike afwykings in hul wyk te kan bepaal nie. Onderling vergelyk, lewer die spraak van verskillende dele van ons land aan die getroue waarnemer net *afwykings* in uitspraak en gebruik van sekere woorde—wat nie belet dat sprekers van watter parte van die Unie ook mekaar kan verstaan nie. Die skrywer oor sogenaamde „Dialektiese Afrikaans” sal nêrens in Suid-Afrika 'n tongval aantref wat deur die gros—nee, deur die hele Afrikaans-sprekende bevolking—nie verstaan sal word nie: hy sal hom net kan bepaal by die afwykings wat deur sekere invloede ontstaan het. En dit is hierdie *afwykings in spraak* wat die onderwerp van ons bespreking in hierdie geskrif vorm; ook sal ons die aandag gerig hou op die invloede wat meegehelp het om dié afwykings te bevorder en die ander invloede wat Afrikaans teen ondergang, of ontaarding, bewaar het. Selfs ons nederige ossewa het in 'n groot mate bygedra om ons taal te maak wat dit vandag is. Die ossewa het vir die beskawing en ontwikkeling van Suid-Afrika tot nou toe meer gedoen as die trein. Oor berge heen, deur vol riviere, het hy oor uitgestrekte velde en langs ongemaakte paaie die vaandel van vryheid en beskawing heengevoer; die materiaal vir boerhuise, dorpswonings, kerke en kommando-benodigdhede het hy aangevoer; selfs Johannesburg, Kimberley en ander nywerheidsplekke het stede geword voor die trein gekom het.

Die ossewa was die draer van Afrikaans tot die buitenste grense van ons land en het nog verder die onbekende ingedring. Was die afrikaner-os en die tentwa nie daar nie, dan was Afrikaans vandag armer en nie oor so 'n uitgestrekte oppervlakte versprei nie.

§2—TAALONDERSOEK EN KRITIEK.

Die meeste van ons moet erken dat hulle 'n sekere mate van voorliefde besit vir die spreektaal van die distrik waarin hulle gebore is. In daardie distrik opgegroeï, het hulle miskien met 'n paar ander distrikte kennis gemaak. Hieruit volg nog nie dat hulle volkome vertrouwd is met Afrikaans soos *dit oor die hele land gepraat word* nie—of ons moet van die hoogdenkende standpunt uitgaan: Soos *ons* dit praat, en soos die mense in die distrik waar *ons* opgegroeï is, dit praat, só is die enigste suiwer Afrikaans wat daar bestaan.

Maar ondersoek ons die taal wat in ander dele van die land gepraat word, om daardeur ons begripveld te verbreed, dan kom ons lig tot ander gevolgtrekkings en verwonder ons dan dat daar nog so baie te leer is. Totnogtoe was ons gesigsruimte beperk tot die klein wêreldjie waarin ons gewoon het. Maar laat ons die hoogste bergtoppe van taalondersoek beklim; dan, hoe hoër ons klim, hoe wyer ons gesigskring vir waarneming word, tot ons oor die rantjies van onkunde daar vèr op die gesigseinder kan sien, om ook met bestaande feite daaragter kennis te maak. Van een persoon kan nie te veel verwag word nie: taalondersoek is by uitnemendheid 'n saak van samewerking, waar iedereen sy handvol moet insamel en dit op die hoop lê.

Om vir ons doel vir spraakvergelyking 'n naam vas te stel vir die bodem waar Afrikaans sy taalvorm gekry het, sal ons die landstreek tussen die see, die Bergrivier en die Hottentots-Holland-gebergte die *Bakermat van Afri'aans* noem. Die Bakermat of Boland sal ons af en toe gebruik as standaard om afwykings mee te vergelyk.

Om die afwykings op te vang moet die gehoor van die waarnemer fyn wees; anders gebeur dit lig dat hy verskille, vernameklik in swakbeklemde lettergrepe, nie goed opmerk nie. Om 'n voorbeeld te noem: In die Bakermat en oor die hele land is die algemene benaming vir wat die Hollanders *vlinder* of *skoenlapper* noem, *skeelapper*; in

Oostelike Transvaal hoor ons *skoerlapper*. Omdat die letter *r* so sag in hierdie woord uitgespreek word, is daar nie baie persone wat dit in die eerste instansie sal opmerk nie. So is daar mense wat nie gou die verskil tussen *bai-e* en *ba-jé* ontdek nie.

Om die spreektaal grondig te ondersoek wil nog nie sê dat dit net so aan die skryftaal opgedring moet word nie. Nee, glad nie! Wat die studie daarvan ons sal baat, is dit: Ons kom volkome op die hoogte van al die woorde wat in die geselstaal gebruik word, en ook van ons Afrikaanse gedagtegang, wat, helaas, deur sommige skrywers van Afrikaans nog nie genoeg beoefen word nie—waarlik sommige van ons voortbrengsels is anders as die Afrikaner hom uitdruk, en deurspek met Hollandse en vreemde woorde wat nie deur al die lesers verstaan word nie.

'n Stelselmatige taalondersoek het in Suid-Afrika nog nie plaasgevind nie. In Engeland was daar 'n *Dialect Society* (1873-1896) gestig. Die werk wat hulle verrig het, was om aantekeninge te maak van alle woorde in die bestaande dialekte van Engeland; agter ieder woord is vermeld in watter distrik dit gehoor word, om die afleiding makliker na te spoor. Dr. Wright, van Oxford, het uit die gegewens 'n grondige studie van al die Engelse tongvalle gemaak. Hy het nog verder gegaan en het die suiwer uitspraak van die woorde op plate van 'n grammofoon (praatmasien) bewaar. Sir James Murray het dieselfde gedoen vir die streeksprake van die Laelande van Skotland. Die ondersoek van tale is die arbeid van jare en vereis 'n goeie organisasie as waarborg teen halwe werk.

Allemanwerk is niemand se werk nie. Wanneer elkeen van ons maar 'n handjievul op die hoop lê—al is dit nie juis 'n volle gerf nie—, dan sal dit nie lank duur nie, of die hele oes is ingesamel. En wil iemand met ons twis oor die weinige wat ons tot stand gebring het, dan het ons ook die reg om uit te roep: „Nou gaan en doen jy dit beter!”

As daar een onderwerp is wat almal graag kritiseer en waarop elkeen hom as bevoegde outoriteit beskou, dan is dit die spreektaal. Dit is hierdie sug om te vit op taalgebruik wat die ontwikkeling van Afrikaans baie skade berokken het. Die ou Genootskap van Regte Afrikaners het gedurig moes hoor dat hulle die volk tot barbaarsheid terug wou bring. Om die gebruik van sekere paslike woorde is skrywers op die vingers getik. Die Bolanders spot met die manier hoe „Ondervelders” hul uitdruk.

Daarenteen lag die Ondervelders die Bolanders uit vir hul eienaardige segswyses. Sommige mense roep dikwels uit: „Ek praat tog nie só sleg nie”, of: „Ons hier praat nie so krom as julle nie”, en so meer. Elkeen het reg in sy eie oë; en hoe minder die een van tale afweet, hoe heftiger is sy veroordeling van die spraak van ander. Selfs taalgeleerdes is van hierdie kwaal nie vry te pleit nie. Die oorsaak van dit alles is: Ons beskik nog nie oor ’n grondige ondersoek van ons eie taal nie. Sonder dit wil sommige hê dat die kunsvlag moet wapper bo ’n vesting wat ons nog nie ingeneem het nie, en hul spoor die skrywers aan om ’n taal te gebruik wat wemel van vreemde en on-Afrikaanse woorde en uitdrukkings wat nooit Afrikaans sal word nie. Woorde en sinswendings wat uit daardie kritiek gebore is, sal daarin sterwe—want met vreemde vuur word geoffer.

Deur oor die volle Afrikaanse woordeskat te beskik—wat deur grondige ondersoek alleen kan verkry word—kan die skrywer kies wat skoon en paslik is en daarmee ’n verdienstelike produk lewer; maar wanneer die foutsoeker self arm aan woorde is, sal swye sy armoede bedek.

Deur opname van vreemde woorde in Afrikaans word beweer dat dit die woordeskat vollediger maak. Jawel, vir die geleerdes wat ’n Franse, Latynse of Griekse woordeboek op hul rakke het, maar vir die meerderheid van die volk beteken dit heel iets anders: hulle word bedien met woorde waarvan hulle geen begrip het nie; een van sulke woorde in ’n sin maak die hele sin vir hulle onverstaanbaar. Dit weet ons uit eie ondervinding dat onder die lees die leser in die rede geval word met die vraag: „Wat beteken die woord?” En wanneer hy geen uitleg kan gee nie, antwoord hy: „Dit moet glo dit of dat beteken”, of hy antwoord eerlik: „Ek weet ook nie.”

By ondersoek sal blyk dat die hoogte wat Afrikaans tans bereik het en die feit dat dit nou eers op ons skole geleer word, terwyl die meeste leerlinge skool met Standaard VI verlaat, dit wenslik maak om die ontbrekende woorde met suiwer Germaanse materiaal aan te vul—net soos ons ouers en voorouers dit reggekry het, soos blvk uit al ons egte Afrikaanse woorde wat beeld en voorwerp so duidelik aan die begrip voorstel dat dit omskrywing oorbodig maak.

Die vraag doen hom voor: Wat is die beste weg om te volg om ’n algemene en grondige ondersoek na eienaardighede in Afrikaans te verkry? Ons dink in die eerste in-

stansie: Geld is skaars; die goedkoopste plan om aan die hand te neem is om gebruik te maak van die dienste van studente van uniwersiteite, uniwersiteitskolleges, normaal-skole en teologiese seminariums. Aan al die studente moet 'n lys van woorde gegee word om gedurende die lang vakansies te vergelyk met die spraak van die distrik waarheen hulle gaan. Wanneer al die lyste ingedien is, kan die verskillende inrigtings dié oorhandig aan 'n taalkundige kommissie deur 'n verantwoordelike liggaam benoem. Die nasien van al die lyste is 'n reusewerk; maar wanneer die gegewens stelselmatig neergeskrywe is, vergemaklik dit die werk baie. Die kommissie het dan meteens 'n grondslag om op te bou; want daardie werk van die studente kan nog nie as volledig beskou word nie: dit moet slegs dien as vingerwysing in watter rigting ondersoek ingestel moet word.

Vir die kommissie om al die geskifte na te gaan is dit die beste om die werk onder die lede te verdeel, sodat elkeen hom met sekere distrikte se gegewens besighou. En omdat dit 'n saak van toewyding is, en die beloning daarvoor nie te winsgewend kan wees nie, moet ruim tyd aan die arbeid verleen word. So vèr as die skrywer van *Ons Geselstaal* hoef die lede nie te gaan nie. Vir hom beteken die samestel en publikasie van hierdie werkie 'n geldelike verlies; en al sou iemand die tekort finansiël wil dek, dan sal hy bly weier om van dié welwillendheid gebruik te maak. Want hy is ná 'n taalstryd van vyftig jaar nog fris en gesond om sy volk te dien; en al is hy amper blind, dan nog is hy gewillig om homself en sy tyd te offer aan 'n saak van liefde.

Elkeen van ons—ja almal—, as ons die pen hanteer en Afrikaans skryf, voel ons oortuig dat ons 'n skone taal het om ons gedagtes in uit te beeld, maar tog voel ons ons aan iets skuldig. Wat dit juis is, kan ons nie verklaar nie. Die naaste beskrywing wat ons van dié gewaarwording kan gee, is dat dit ons laat dink aan iemand wat honderde male deur 'n lushof gewandel het, en tog nog nie al die mooi plekkies gaan besoek het nie. Presies so! Ons oortuiging spreek luid: „Daar in jou taal is baie skoonhede waarmee jy nog nie kennis gemaak het nie! Soek hulle op, en jou vreugde sal groot wees.” En die bewys hiervoor is: Ons sit altyd aandagtig luister wanneer iemand van gesag oor Afrikaans gesels, oor die skoonhede uitwei, en ons aandag by sekere eienaardighede bepaal.

§3—VLUGTIGE OORSIG.

Die landstreek tussen die see, die Bergrivier en die Hottentots-Hollandberge het die Hollandse besitting aan die Kaap uitgemaak toe die Franse Hugenote hier in 1688 aangeland het. In daardie tyd is grondbriewe aan die vryburgers en immigrante aan Stellenbosch, Drakenstein (nou die Pêrel) en Riebeeck uitgereik. Toe ek as landmeter in daardie distrikte met opmetings besig was, het dit my so menigmaal getref—uit die kaarte en grondbriewe—dat die plase aan Hollanders, Duitsers en Franse verleen, so geleë is dat die drie nasionaliteite deurmekaar moes woon, en nie elke nasionaliteit in klompies nie; soms was dit: eers 'n Hollander, dan 'n Fransman en dan 'n Duitser. Dit vereis nie so 'n danige verbeeldingskrag om 'n idee van hul geselstaal te vorm nie. Die Hollanders was in die meerderheid; hul taal was dié van Kerk en Staat, en hierby kom nog dat, behalwe die Franse en immigrante, almal in Hollandse diens was. Die Duitsers, onder aanvoering van mnr. Melck, het later in Strandstraat, Kaapstad, 'n Hollandse Lutherse Kerk gebou; en die Franse het so flink Hollands geleer dat hulle ná verloop van enige jare die Hollandse kerkdienste bygewoon het—en so het die taal van die regering die oorhand gekry. Hierby het dit nie gebly nie, daar die drie nasionaliteite huwelike met mekaar gesluit het, wat die vermenging nog sterker bevorder het—en so is alle rassegevoel die bodem ingeslaan.

So is die ontstaan van Afrikaans te danke aan hierdie ineensmelting van die drie verskillende volke. Die inlywing van Franse en Duitsers het stellig veel bygedra om die Hollandse taal in Suid-Afrika te laat verander; maar dit was maar een van die oorsake van verandering. Verwydering van die kultuur van die stamland, nuwe landsomstandighede, inwerking van vreemde tale, maar veral die afwesigheid, of seldsaamheid, van remmende invloede soos skole, kerke, letterkunde en letterkundige kringe, is almal sake wat die taalverandering in Suid-Afrika sterk beïnvloed het. Watter aandeel elke nasionaliteit hieraan geneem het, sal ons later bespreek; alleen wil ons nou daarop wys dat die samestelling en bou van Afrikaans reeds teen die helfte van die 18de eeu sy voltooiing bereik het; want die burgers wat in daardie tyd inlands getrek het, het die taal met hulle meegeneem. Uit mekaar het hulle in klompies oor die hele land versprei, en hul spraak is tot vandag toe dieselfde—met uitsondering van afwy-

kings wat te danke is aan nuwe omstandighede, omgewing, en die invloede daaraan verbonde. Maar in hoofsaak wat betref die samestelling, die bou en die weinige verbuigings wat daarin voorkom, is daar geen verskil nie. Die verbuiging van byvoeglike naamwoorde is in Afrikaans glad anders as in Hollands en is nogal die ingewikkeldste part van ons taal; maar van Kaap tot in Transvaal, van wes na oos, oor die hele land, word dit eenders verbuig. Dus, waar kan 'n sterker bewys gevind word dat die taal klaargemaak was voor die burgers oor die grense van die Bakermat van Afrikaans getrek het? Graaff-Reinet was reeds so dig bevolk dat daar 'n gemeente in 1792 gestig is. Swellendam het dié voorbeeld in 1798 gevolg; en dit sou miskien baie eerder geskied het, was predikante maar in daardie dae nie so skaars nie. Vergelyk die spraak van die Bakermat en dié van Graaff-Reinet en Swellendam met mekaar, en die verskil is onbeduidend en baie gering. Dit bly en is nog maar een spraak met klein afwykings.

Wat almal moet tref, is hoe 'n naam aan 'n nuwe voorwerp in een deel van die land gegee die ander deel onvervals bereik het, want die enigste verkeer in daardie dae was met ossewa, en wapaai was ongemaak. Onder sulke omstandighede sou 'n mens dink dat daar twee, drie en meer name vir een voorwerp moet wees—wat die gewone reël nie is nie. Dit gebeur wel dat een ding twee of meer name het; maar gewoonlik is die name aan almal in die streek bekend, en die spreker in dieselfde gesprek bedien hom soms van albei benaminge. Met die verspreiding van nuwe woorde het dit gegaan soos met 'n klip wat in die middel van 'n dam water val: dit maak 'n klein kring wat groter en groter word, tot dit die grense van die water bereik het.

Terloops het dit ons ontval dat die burgers wat binnelande-toe getrek het, sekere woorde uit hul skat verlore laat gaan het; ons wil nou hieroor breedvoeriger uitwei. Omdat in die binneland geen seewater is nie, so vind ons dat seediere soos *robbe* (*seehonde*), *dolfyne* (*seevarkens*), *pikkeyne*, *malmokke*, *meeus*, *seekatte*, *oesters*, *perlemoen*, *drilvisse*, *snoek*, *geelbek*, *harders*, *bokkoms* en die hele leër wat in die see te vinde is, nie meer aan die nageslag van die plattelanders bekend is nie. Dieselfde is die geval met seeplante soos *seegras*, *seebamboes*, *seetakke*, ens., of dinge soos *dokke*, *seehoof*, *kotter*, *sloep*, *breekwater*, *reddingsboot*, *visseën*, ens. Die ander klas van woorde sluit in terme by wynboerdery nodig, soos *vaatwerk*, *kuip*, *stuk-*

vat, okshoof, halfaam, lêer, anker, gelling, hewer, en nog baie meer. So ook vrugtename van bome en gewasse wat in die koue streke nie groei nie, soos name van druifsoorte, *jamboes*, ens. Ook het baie kosname vir hulle verlore gegaan, soos *bobotie, pienang, tassal, sosaties, oblietjies*, ens. Baie van die Maleise woorde het verdwyn uit hul woorde-skat, soos *tjurang (kurang), kaparrings, toering*, en so meer. Sels benaminge in boerdery, soos *weesboom (wiesboom), voorleer en agterleer* (by gerwewaens), *uitwan* (vir graan uitwaai), *wanmasien, sens, vaarlansdolf*: dan waar Kaffers vir afoes gebruik word, hoor ons nie meer van *aasvoëlmars, toktokkiemars*, ens., nie. Ook word vermis die name van plante wat net in die Boland inheems is, soos *koekmakranka, inksblom, klokkiesgras, janbewertjies, turksnael (muskusgras)*. Verder name van voël-tjies wat net daar aangetref word, soos *sysies, piet-makou, nuwejaarsvoël*, ens.

Al die bogenoemde woorde is vir die binnelander nie totaal verlore gegaan nie; praat met hom b.v. oor 'n *halfaam*, dan weet hy dit is 'n houtvat; maar wat die inhoudsmaat daarvan is, kan hy met sekerheid nie verklaar nie; ook weet hy dat 'n *anker* 'n vat is, maar of dit groter of kleiner as 'n halfaam is, sal baie nie kan vertel nie. Hy weet wat 'n *walvis* is: die prente daarvan het hy in boeke gesien. Die woord *gelling* ken hy uit sy skoolboek en noem dit *gallon*; maar vra hoeveel inhoud dit bevat, dan het hy gehoor dit bevat ses bottels water. Maar by voorkeur vra hy aan die winkelier: „Gee my 'n *klein blik lampolie*”, pleks van 'n *gellingblik*; en so ook wanneer hy lynolie of koolteer koop, dan koop hy dié by die *blik*.

Het bogenoemde woorde vir die trekker in sy nuwe omgewing geen waarde meer nie, aan die ander kant het hy sy woordeskat verryk met baie meer woorde as wat hy laat vaar het. In die eerste plaas het die woord *veld* 'n baie mooier betekenis gekry as wat dit in Hollands besit. Sels die Engelse het daarop verlief geraak, sodat dit ook nou 'n Engelse woord geword het. In die veld is nie een natuurtoneel of voorwerp nie, of dit het 'n Afrikaanse naam ontvang—van die hoogste bergtop tot die diepste plek, soos *kop (spitskop, rondkop, platkop, tafelkop, kranskop, boskop)*. Die kort afstand tussen twee koppe is 'n *nek (holnek, platnek, klipnek, bosnek, langnek)*. Waar 'n rivier deur 'n berg of rant vloei, heet die pas 'n *poort (witpoort, kranspoort, noupoort, sandpoort)*. 'n Rotswand aan die sy van 'n berg, rant of oewer van 'n rivier heet 'n

krans (*klipkran*s, *vaalkran*s, *holkran*s, *aasvoëlkrans*). Is daar holtes in die *krans*, dan word dit genoem *klipgat*, *kliphuis*, *spelonk*, *grot*, *wolwegate*. So hoor ons ook van *hanglip* (wanneer rotse soos 'n veranda oorhang), *kliplys* (wanneer dit die vorm van 'n stoep het). Wanneer die opening smal is, is dit 'n *klipskeur*. Word die vesting deur *dassies* bewoon, dan heet dit *dassieskrans*, ens. Die sy van die berg word *hang* of *helling* genoem; waar dit die gelyk grond ontmoet, is dit sy *voet*. Vertakkings word ook *berg-arms* genoem. So word ook gepraat van *gebergtes*, *gramadoelas*, *losberg*, *tafelberg*, *platberg*, *langberg*, *rondeberg*. Word 'n berg beklim en anderkant is nie 'n hang nie, dan kom ons op 'n *tafelland* of *hoëveld*. Die kruin van 'n berg word meesal omskryf as *bo-op die berg—kruin* kom nie algemeen in die geselstaal voor nie; die kruin word soms die *rug* van die berg genoem.

Laer as 'n berg is 'n *rant*, en hiervan kan net soveel as van berge gesê word. Die *rante* met 'n skerp kliprif op die kruin is bekend as *maanhaar-rante*; so hoor ons ook van *platrant*, *bosrant*, *suikerbosrant*, *rooirant*. 'n *Koppie* is rond en het gewoonlik die vorm van 'n piramide, wat dan algemeen in die Karo en Namakwaland *pramkoppies* genoem word. Maar daar is ook *rondekoppie*, *platkoppie*, *tafelkoppie*. Laer as *rante* en *koppies* is *heuwel*, nog laer *bult* of *rug*; so word gepraat van *bulteveld*, *ruggensveld* (of, soos die Bolanders *sê*, *rûensveld*). Word 'n oppervlakte ingesluit deur berge, *rante*, *heuwels*, of *bulte*, dan heet die ingeslote terrein 'n *kom*. Laer as 'n *bult* of *rug* is *knoppies* of *bultjies*; so hoor ons van: „*bo-op die knoppie of bultjie*.” Laer as dit is die gelyk *vlakke*. Gaan ons 'n *bult* uit, dan beklim ons 'n *hoogte*; 'n *hoogte* kan *opdraand*, *skotig opdraand*, en *steil opdraand* wees; net so, as ons 'n *hoogte* afgaan, is dit *afdraand*, *skotig afdraand*, of *steil afdraand*. Op die vlakke tref ons aan *vloere* wat waterpas lê; in reëntyd staan daar water op, in droogte is dit bedek met die besinksel van modderwater wat deur die son hard gebak is, en dan word dit meesal die spookplek van *opgeefsels* of *lugspiegeling*. 'n *Pan* is 'n klein meer wat in reëntyd water het; of dit kan ook 'n standhoudende pan wees wat altyd water het. So hoor ons ook van *soutpan*, *brakpan*, *graspan*. Deur *laagte* of *leegte* verstaan ons 'n breë en vlak *duik* in die oppervlakte waarin water in reëntyd na 'n rivier of spruit vloei; 'n *vlei* het dieselfde betekenis min of meer as *laagte*, maar in die Boland is *vlei*, of *vleitjie*, wat in die binnelande 'n *pan* genoem word. Daar

is ook *kolke*, *waterkuile*, *seekoegate* en *maalgate*. Dieper as 'n *laagte* is 'n *kloof*. Daar is ook *bergklowe*, wat duidelik aan die hange van berge te sien is; so het ons ook *vlak-kloof*, *diepkloof*, *loskloof*, en so meer. Hoe omtrent die kanale waarin water vloei, soos *riviere*, *spruite*, *lope*, *slote*, *grippe*, *vore*, ens.? Waar 'n pad deur 'n stroom gaan, is 'n *drijf*; aan weerskante is *walle*, *opdrifsels*, *slyk*, *sandbanke*, *modderbanke*; in die stroom is *wildesand*, *dryfsand*, *klipbanke*. In die pad is *knikspore*, *slaggate*, *middelmannetjie*, *deurslaggate*, *waspore*, *holtes*, *stampplekke*. Selfs hoor ons in die geselstaal: „Die klein reëntjie het net *slangsleepseltjies* in die pad of veld gemaak.” *Duik* is die teenstelling van *bult*—net soos *holte*.

Eweso kan ons bladsye vul oor name van wild, plante en *gesteentes*, klimaat, tydaanduiding van voor dagbreek tot middernag, soos *skimmeldag*, *rooidag*, *hartjie* van die dag, *skemeraand*, ens. Waar is nog die ander woorde aan die trek ontleen? Sien hier, die skat van woorde waarmee die trekkers die Afrikaanse taal verryk het! Dit is nog nie al nie: in die volgende paragraaf en voortgaande sal ons meer onder die aandag bring, soos *uitspanning*, *suiping*, *skof*, *voorhaak*, ens.

§4—GRONDBESIT.

Die wyse hoe die burgers aan hul plase gekom het, die bewoon en vervreemding daarvan, het baie tot ons woordeskat bygedra. Landmeter Thibault het onder die Hollandse regering 'n standaardmaat meegebring, en dit moes die *Rynlandse* maat in Holland in gebruik voorstel. Gedurende die Engelse regering aan die Kaap is daardie standaard getoets, en dit is toe bevind dat 1000 voet gelyk staan met 1033 Engelse voet, terwyl volgens die regte maat 1000 *Rynlandse* voet gelyk is aan 1030 Engelse voet, soos in Holland by proklamasie vasgestel. Die standaard van Thibault kry toe die naam van *Kaapse maat* en word in Kaapland, Vrystaat en Transvaal gebruik; Natal gebruik Engelse maat en bereken plase volgens *acres*. In die Hollandse tyd is grond aan burgers uitgegee as *eiendomsplase*. Die ou burgers was slim en het hul plasies langs die strome of fonteine gekies, en baie maal het die kaart die fatsoen net soos die riviertjie kronkel, waardeur hulle ander van die water weghou, en dus het hul die vry gebruik van die grond wat buite hul plasies lê, gehad. Hier-

oor het dikwels onenigheid tussen aangrensende boere ontstaan; gevolglik het hulle aansoek gedoen vir die grond anneks hul plaas, en dié is aan hulle uitgegee onder die tiitel van *erfpag*, ook *ewigdurende erfpag* genoem.

Daar was, en is nog, feitlik drie klasse gronde: 1) *ope grond*, wat aan die Staat of publiek behoort. Almal is daaroor baas, en dit was op dié gronde dat die boere met hul vee vry rondgetrek het. 2) Wil die Regering vir 'n spesiale doel van dié gronde hê, dan laat hulle dit opmeet, en dan is dit *Goewermentsgrond*. 3) Die gronde vir burgers opgemeet, heet *private grond* en is verdeel in *eien- domsgrond*, *erfpag*, of *paggrond* op lang termyn. Ontvang 'n burger kaart en besitreg van ope grond, dan kry hy 'n *grondbrief*; verkoop die Regering van sy grond aan iemand, dan ontvang die een *Goewermentstransport*; verkoop een private persoon aan 'n ander, dan gee hy *transport*. Neem hy geld op op sy plaas, dan gee hy *verband*. Bogenoemde woorde mag as Hollandse beskou word; maar was ons stelsel van grondbesit nie só ingerig nie, sou dié woorde vir ons verlore gegaan het. Laat ons die aandag by egte Afrikaanse woorde bepaal. In die dae van die twee Suid-Afrikaanse Republieke het die Voortrekker aldus aan sy plaas gekom: As Voortrekker was hy *burger*, en hy moet sy naam aan die landdros van sy distrik opgee. Dit word in die *Landsboek* opgeskryf. Hy kry dan 'n serti- kaat van *burgerreg* en dat hy op twee plase geregtig is; die een is, 'n *eiendomsplaas* en die ander 'n *leningsplaas*—albei word sy vaste eiendom. Het hy 'n spesiale diens sonder betaling daarvoor verrig, dan kry hy nog 'n *uittreksel* vir 'n *voorkeurreg*. Hy het dan die reg om sy plase in enige deel van die land te kies. Vind hy 'n plek na sy sin, dan gaan hy na die landdros van die distrik en gee 'n beskry- wing van die plek; dié amptenaar teken dit op in 'n boek en gee aan die persoon 'n afskrif wat *aanvraag* genoem word. Daarmee gaan hy na die *inspekteurs van plase*, of *Baken-Kommissie*, en hulle *inspekteer* die plaas—dit wil sê, hulle ry die plaas af met perde wat 100 tree in 'n minuut moet stap; en so kry die man 'n plaas van 60 *minute* in *vierkant* (3750 morges). Nà die afbakening goedgekeur is, ontvang hy sy *inspeksie-rapport* (wat 'n voorlopige kaart is). Laat hy die plaas opmeet, dan ontvang hy sy *land- meterskaart*. Het 'n vrou twaalf seuns aan die land ge- skenk, kry sy ook 'n plaas. Ongemete gronde tussen plase heet *uitvalgrond*. Die plek waar die huise en werf is, is as *opstal* bekend. So het 'n plaas ook sy *hoekbakens*, *lyn-*

bakens en *snybakens* (wanneer 'n plaas verdeel is). Met opmeet van sy plaas is die boer by, en weet goed wat *kettingsleep* en *peilvlae* is; maar die teodoliet (landmeters-instrument) noem hy *driervoet* of *kompas*. Wanneer 'n plaas tydens opmeting onbeboud is, dan word vaste punte, soos rotse, koppies, deur die landmeter *vasgepeil*, bereken en op die kaart genlaas. So 'n punt heet *ordonnansie*. Ofskoon bogenoemde voorde van tegniese aard is, het dit my so menigmaal getref hoe tuis ons boere daarin is—meer so as grondeienare in dorpe. Wanneer 'n boer sê: „Landmeter, gooi die kaart reg dat die noordpyl teen noord wys,” dan is hy so tuis met die kaart asof hy op die grond van baken tot baken stap. En maak hy met potlood 'n tekening van sy grond, dan is sy *skets* taamlik noukeurig.

§5—HOE DIE AFRIKANER WOORDE VORM

Die Afrikaanse taal is seker een van die suiwerste Germaanse tale wat daar vandag gepraat word. Sy grondwoorde is direk uit die Hollandse taal van die 17de eeu geneem; en dié het, met min uitsonderinge, die oorspronklike betekenis behou, soos *grond*, *vet*, *boom*, *skaap*, *wit*, *steel*, *met*, *ja*, *verdriet*, ens. Dus, uit die aard van die saak is Afrikaanse enkelwoorde skaars. Die skat van suiwer Afrikaans bestaan egter uit sy samestellings, soos *nou-nou*, *ag-os-tou*, *wag-'n-bietjie*, *dwars-in-die-weg*, ens., en verder soos *vuurhoutjie*, *vuurhoutdosie*, *blikkieskos*, *naasagter*, *hotnaasagter*, *hotnaasagteros*, *swartwitpensbok*, *springbok*, *waterbok*, en so meer.

Dit is merkwaardig dat Afrikaans so 'n suiwer Germaanse rigting met sy vorming ingeslaan het. Want dit bevind hom tot vandag toe in 'n on-Germaanse omgewing van miljoene inboorlinge, wat minstens vyf verskillende tale praat. In die wording van Afrikaans was die Franse element sterk onder die toenmalige burgers verteenwoordig. Die slawe het minstens vyf tale van hul eie gepraat, nl. Maleis-Portugees, Malabaars, Malgas, Mosambiëks, en Angools. Dus is Afrikaans minstens tussen tien of meer on-Germaanse tale gebore. Dan het later Engels bygekome; en dit het gou-gou die taal van die skool, publieke kantore en geregshoue geword met die doel om Afrikaans te versmoor. Verder moet ons in ag neem dat tot vandag toe praat die oostelike grensboere en dié van Natal, Vrystaat en Transvaal met hul Kaffer-bediendes die Kaffertale.

En in baie gevalle leer die blank kinders die inboorlingtale voor hul Afrikaans kan praat. Met dit alles het dit al die tyd min invloed op Afrikaans uitgeoefen.

Wat egter trag om Afrikaans van sy Germaanse kleed te beroof, is die nuwe rigting wat die skryftaal, in navolging van Hollands, inslaan, en wat so baie Franse, Latynse en Griekse woorde opneem, waardeur egte Afrikaanse woorde teruggestoot word. Die Afrikaanse geselstaal het van sy begin af nog al die tyd die storms van vernietigende invloede getrotseer. waarvan die aanslag van lord Charles Somerset. om die Engelse taal aan ons op te dring, nogal die geweldigste was. Daar bestaan egter geen vrees dat daardie geleerde woorde verder invloed op die spreektaal sal uitoefen nie, maar hul sal opgesluit bly in die geskifte waar hulle ingetronk is. Die platteland het altyd, en sal altyd, die suiwerheid van die taal handhaaf, terwyl die stede en dorpe hierop minder gesteld is—soos ons later sal aantoon.

Veroorloof ons hier om 'n krans te lê op die onbekende grafte van baie van die afgestorwe „boerskoolmeesters”, wat meegehelp het om Afrikaans deur al sy gevare heen te voer. Sommige van hulle was vroeër matrose; ek het by een van dié Hollandse matrose, Jan Balt, later lid van die Genootskap van Regte Afrikaners, skoolgegaan en bly hom steeds dankbaar vir wat hy aan my en my medeskoliere gedoen het. Ek spreek van die dae toe Hollands uit ons skole in Kaapland verban was. Voorwaar, groot heil vir onderwys in Hollands was in daardie tyd in ons kerke nie te soek nie. Die Skotse leraars, wat in baie opsigte tot so 'n groot seën vir ons volk was, wat hul invloed op die hou van die Sabbat so treffend laat geld het—ook die Amerikaanse onderwysers, wat soveel nut gestig en dit met ons volk so wel gemeen het—,het baie, baie sterk vir die Engelse taal—tot nadeel van Afrikaans—geywer. Amper orals is destyds Engelse dienste in ons kerke ingevoer.

In daardie tyd is die Genootskap van Regte Afrikaners opgerig; en as ons volk toe ongeletterd sou gewees het—wat deur die hulp van daardie „meesters” verhoed was—, dan sou die Genootskap geen bodem gehad het om op te bou nie. En waar sou ons dan vandag gestaan het? Dit was daardie plattelanders wat die eerste behoefte aan 'n eie taal gevoel het—want die geleerdes was met hul „amper-Hollands” en Engels doodtevrede en het so hard moontlik teenstand gebied teen die ontwikkeling van Afrikaans tot skryftaal.

Tot opbou van die taal is goed ag geslaan op hoe die Afrikaner in die spreektaal sy woorde vorm; hoe, wanneer en vanwaar die woorde afkomstig was, is vereers buite kwessie gelaat; alleen is gelet op hoe die Hollandse woorde gebruik van gemaak is, en dit was die bevinding:

1) Suiwer Hollandse woorde in gebruik:

- a) onvervalste woorde, soos *aarde, brood, ja, staan*, ens.
- b) woorde wat in verbuiging verander, soos *gesteel, oë, dooie, ek het, ons was*, ens.
- c) vervormde Hollandse woorde, soos *volstruis, koei, spog*, ens.
- d) woorde wat in betekenis verander het, soos *kuier, bees*. Hieronder val baie van ons wildname, wat in Europa ander diere voorstel, soos *seekoei, steenbok, eland, wolf, gensbok, skoенlapper, das, sysie, hartbees*, en so meer.

2) Afrikaanse woorde, soos *benoude-bors (asma), blesbok, pampoentjies, brandsolder, trapsoetjies, seepbosie*, ens.

3) Klanknabootsende woorde, soos *ting-tinkie, jantatra* (ook *janfrederik*), *piet-makou, dirk-dirkie, kwêvoël, mahem, kelkiewyn*, en so meer—meesal toegepas op voëls.

Wat betref Maleis-Portugese, Engelse, Franse, Duitse, Hottentotse en Kaffer-woorde, dié sal ons later in afsonderlike paragrawe behandel, want dit eis meer aandag as om dié vlugtig aan te stip. Uit die baie gevalle van hoe sekere woorde en gesegdes hul, in gewysigde vorm, in Afrikaans ingeburger het, sal ons slegs by 'n paar die aandag bepaal.

As kind het ek dikwels gehoor hoe oupa tot ons kinderlike vermaak *slinger-om-die-smoel* vir *snysel* gesê het. Ons kleintjies het daar lekker oor gelag en gedink om dit maar aan die ou-man se opgeruimdheid toe te skrywe. Oupa was in Kaapstad gebore. In 1878 was ek in Brits-Kafferland, naby Stutterheim, en daar hoor ek mnr. Krips Erasmus dieselfde benaming vir *snysel* gebruik. Hy was in die distrik Pearston gebore. Later in 1915 hoor ek hier op die Hoëveld mnr. Hermanus de Jager, van Kafferstad, ook van *slinger-om-die-smoel* praat. Hy was in Natal gebore. As ons die ou vaders vra waar hulle aan die sonderlinge benaming kom, antwoord hulle: „Van ons oumense.” Mnr. C. P. Hoogenhout deel ons die volgende mee: „Terloops wil ek jou opmerkzaam maak dat *slinger-om-die-trap* (die

Afrikaners het daar *smoel* of *bek* van gemaak) in my kinderdae in Holland gebruiklik was. Dit is eintlik meelpap wat aanhoudend moet geroer (geslinger) word, sodat daar geen klonte in kan kom nie." Die gedagtegang is klaarblyklik dieselfde as by die Afrikaner se *hot-om* vir koringmeelpap, omdat dit in die pot gedurig omgeroer moet word en wel van links na regs—of soos die boere dit noem: *hot-om*.

In die omstreke van Port-Elizabeth het ek vir die eerste maal iemand die woord *gramadoelas* (meervoud) hoor gebruik. Mnr. Swanepoel, van wie ek dit gehoor het, het jarelank in die Vrystaat gewoon. Later, toe ek in Transvaal, Vrystaat en Natal kom, vind ek dat die woord in algemene gebruik is om 'n voorstelling te gee van 'n woeste en onherbergsame aaneenskakeling van gebergtes vol klowe, kranse en koppe, ook toegepas op 'n netwerk van diep slote. Hierdie toneel laat hom nie in een enkel woord in Hollands en Engels verklaar nie. Die afleiding is my onbekend, maar dr. S. P. E. Boshoff het in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 'n verklaring gegee en meen dat dit afgelei is van die Kafferwoord *amadoeli* vir berge. Hier sit iets aanneemliks in, dog hy kan nie 'n verklaring vind hoe die letter *r* in *gramadoelas* ingekruip het nie. Ons het immers genoeg woorde in Afrikaans waar die letter *r* in 'n Hollandse woord ingelas is, b.v. in *agte(r)losig*, *skie(r)lik*, *skoe(r)lapper*—die laaste twee woorde word met *r* in Oostelike Transvaal uitgespreek, waar die woord *gramadoelas* baie gebruik word. Vir verder oorweging wys ek op ander gegewens in verband met die afleiding. *Amadoelie* is die Kosa-meervoud vir berg—die Basoetoes *sê thaba*, die Soeloes en Swasies weer *amataba*. Om hierdie rede het ek weer verneem of die woord *gramadoelas* in algemene gebruik is langs die oostergrens van Kaapland en moes verneem dat dit daar onbekend is, en dat die mense daar dit van die Vrystaters en Transvalers gehoor het. Nou is die vraag: Hoekom het die woord *gramadoelas* daar verlore gegaan? Hoekom word die woord *gramadoelas* gebruik waar Kaffers van berge praat as *'mataba*? Die antwoord kan wees: „Omdat die naam van 'n voorwerp of denkbeeld in die eerste geval deur een persoon gegee is wat die Kosa-taal geken het, sonder om langs die oostergrens van Kaapland te gewoon het. Miskien kan die volgende voorbeeld dit verduidelik.

In die oorlog met Sekoekoenie in 1877 het 'n klompie burgers om 'n vuurtjie sit poffertjies maak; in 'n pot word

vet gesmelt, en daarin word stukke deeg gegooi om gaar te word. Dit het gebeur voor 'n aanval op die Kaffers gemaak was. Een van die geselskap noem die gereg *stormjaers*; die omsittendes vind uit 'n humoristiese oogpunt die benaming heel gepas; spoedig het die naam veld gewen deur die hele kommando; en die burgers, ná afloop van die kryg, het die woord na hul distrikte oor die hele Transvaal geneem. Langsaam het dit hom voortgeplant tot in die Vrystaat. In die tweede Vryheidsoorlog het die Transvaalse en Vrystaatse burgers die benaming vir poffertjies met hul meegeneem tot in Kaapland, waar dit dadelik posgevat het, sodat iemand aan my skryf: „By ons het die naam *stormjaer* heeltemal die woord *poffertjie* verdring” —wat reeds die geval is in Transvaal, Vrystaat en, na ek meen, ook in dié dele van Natal waar Afrikaans gebruik word.

Vir 'n hele ruk het daar onsekerheid bestaan omtrent die afleiding van die naam *seekoei*; later word my aandag getref deur 'n tekening van 'n klein walvis gevind aan die weskus van Afrika en bekend onder die kunsnaam van *Serenia*. Die dier word deur die Hollanders *zeekoe* en deur die Engelse *sea cow* genoem; in die dierkunde heet dié klein walvissoort, van ongeveer $7\frac{1}{2}$ voet lank, *lamantyn*. Dit is heel gebeurlik dat die ou koloniste die lamantyn en nylpaard met mekaar verwar het en het om hierdie rede die naam *seekoei* op die *nylpaard* toegepas. Hierdie feit het ek ook aan prof. Smith per brief meegedeel, en dit skyn dat hy van dieselfde opienie is. Die woord *nylpaard* het heeltemal uit die Afrikaanse spreektaal verdwyn en plek gemaak vir *seekoei*.

Ons sal liewers 'n reeks van tiepies Afrikaanse woorde later in 'n afsonderlike afdeling bespreek.

§6—SEEMANSTAAL.

Die invloed uit hierdie rigting is verby, daar Suid-Afrika vandag heeltemal in 'n ander betrekking tot Holland verkeer. Maar daar is een-en-'n-halfeeu in ons geskiedenis toe omstandighede glad anders was. Die Kaap was in daardie tyd onder die voogdyskap van die Oos-Indiese Kompanjie, wat baie amptenare en werkslui uit Holland en elders in diens gehad het, en wat die reg besit het om vryburgers op die land te plaas en ander in hul plek in diens te neem.

Die seereis van Amsterdam na Oos-Indië het ruim ses maande in beslag geneem, en die meeste dienaars is van die Oos-Indiese besittings na die Kaap gekom—dus kom daar nog 'n seereis van drie maande by. Die lewe aan boord is maar bra eentonig; en die geringste iets wat plaasvind en anders is as waar die passasiers tuis aan gewoond was, trek dadelik die aandag en maak gewoonlik indrukke van blywende aard.—Soos die geval is met alle ander nasies. het die Hollandse seelui 'n spraak wat in baie besonderhede van dié wat op land in swang is, verskil. Dit is dus heel natuurlik dat sulke eienaardighede aan boord dadelik die aandag trek; en die passasiers begin die sonderlinge woorde en uitdrukkings ook te gebruik. Hiervan het ons tans met ons diamant- en goudvelde klaar bewyse as ons daarop let hoe die nuwe delwers die spreekwyse van die ou veterane gou aanleer. Op 'n seereis van ses of nege maande kan iemand in hierdie rigting groot vordering maak. Met aanleer van een of twee woorde per dag kan die persoon in daardie tyd sy woordeskat met honderde woorde verryk. Prof. Smith wys daarop dat Van Ginneken in sy *Handboek der Nederlandsche Taal* 2,355 seemansterme behandel, en hy voeg hierby dat die lys op verre na nog nie volledi~ is nie.

Dan moet ons verder in gedagte hou dat—met geringe uitsonderinge—die meeste mense wat met daardie skepe geseil het, vir jare in die diens van die Oos-Indiese Kompanjie gewees het en moontlik baie met seelui in aanraking gekom het. So mag ons veronderstel dat hulle enigsins op die hoogte van dié taal was. Ook wil ons nie beweer dat die aristokratiese Huænote so dánig goed seemanstaal geken en verstaan het nie. Maar hulle het in ieder geval gewoon tussen vryburgers wat dit enigsins goed geken het, terwyl die persone wat in seediens was, deskundiges op dié gebied was.

Nie alleen het die seemanstaal sy invloed op die handelstaal laat geld nie, maar ook op die moederspraak van Holland, waarvan vandag nog etlike voorbeelde te vinde is.

In die Afrikaanse taal is bewaar gebly sulke woorde as *kooi*, *bulsak*, *maswerkslag*, *kombuis*, *arpuis* (*repuis*, *harpuis*, *rapuis*), *teerputs*, *kajuitraad*, *kombers*, *spens*, *hangmat*, *noordkapper*, *kaiing*, ens. Baie dergelike woorde het hul weg (soos reeds opgemerk) tot in die taal van Holland gevind en is daaruit deur Afrikaans ontleen, maar met water pad ook hulle na ons gekom het, dit neem nog nie weg dat die woorde seemanstaal is en in Afrikaans bestaan nie.

So het ons miskien ook oorgeneem sulke uitdrukings as *die seil na die wind draai, skoon skip maak, enige hawe in tyd van storm, vlot voor die wind seil, het hom daar vasgeanker, eie mas ophaal*, ens. Op hierdie wyse het Afrikaans baie woorde direk en indirek uit die seemanstaal verwelkom wat ons nog altyd die ou bande aan Holland laat voel.

Ons het reeds daarop gewys dat met die trek na die binnelande soveel woorde wat langs die kus gebruik word, vir die trekkers verlore gegaan is; in hoe verre het dit die invloed van seemanstaal geaffekteer? Die mens is in baie gevalle nes 'n pappegaai en sê dinge ná waarvan hy die juiste betekenis nie naspoor nie; so noem ons 'n boom 'n boom omdat almal dit so noem; so praat ons ook van 'n *huweliksbootjie* omdat ons dit uit die mond van ander het. Verskeie male het ons binnelanders hoor praat van *die seil na die wind sit* (of *draai*) en het dadelik gemerk dat hulle dit in 'n ander sin verstaan as wat die oorspronklike betekenis is. Deur direk 'n vraag daaromtrent te stel het die antwoord in twee gevalle gewees: „Dit beteken: Draai die bokseil dwars teen die wind en gaan daar agter skuil.” Vra jy hulle wat *van bakboord na stuurboord stuur* beteken, dan vertel hul jou: „Ons oumense het so gesê as iemand jou vir gek van een plek na 'n ander beduie, maar jy weet ons oumense het baie snaakse dingetjies kon sê.” Dit is 'n bewys dat hulle dit verstaan in dieselfde betekenis as *van Pontius na Pilatus stuur*—van die laaste kan hul uit die Bybel die betekenis gee. Die seemansgesegdes, waarvan die beeld vaag voor die gees geplaas word, of waarvan die beeld vir die oog van die binnelander verwyderd is, is minder bekend en word gou deur 'n ander vervang wat meer met die omgewing ooreenkom, b.v. *skoon skip maak* word dan *skoon veld maak* vir “opruim”. *Hy is skoonveld weg* beteken: “Hy is nêrens te vind nie. Sulke gesegdes soos: *Hy het hom vasgeanker* laat die binnelander nog altyd dink aan die ankers waarmee hy die hoekpale van draadkampe in die grond versekureer. En wanneer ons 'n bietjie nadink, vind ons baie sulke aanknopingspunte. Hy het natuurlik vir alles nie aanknopingspunte nie; hy kniehalter sy perd met 'n *maswerkslag* om die voorpoot omdat sy vader hom so geleer en dit so genoem het. *Onklaar trap* kan hy nie vergeet nie, want sy perde en osse doen dit so dikwels en so meer.

Vir nog meer as dit is die seemanstaal verantwoordelik. Die Hollanders was die transportryers op see van die hele

Europa; skepe is uitgegaan noord en suid, na Oos- sowel as na Wes-Indië; hulle het die Asiatiese en Amerikaanse hawens besoek en groot handel gedryf. Om met al die vreemde nasies handel aan te knoop moes daar 'n omgangs- of handelstaal wees wat deur die betrokke partye verstaan word. Die Portugese was voor die Hollanders in die veld, en hulle het reeds 'n handelstaal (*lingua franca*) geskep, wat woorde van al die tale opgeraap het; en so was die weg vir die Hollandse handelaars en seelui gebaan om hulle by die handelstaal aan te pas. En hulle het goed hiervan gebruik gemaak, sodat eindelijk geen grens tussen die handelstaal en die seemanstaal kon vasgestel word nie. Die handel moes kennis maak met die nuwe toestande, met name van onbekende artikels, diere, vrugte en grondstowwe waarvoor name nodig geword het. Die meeste handelsware het reeds teen daardie tyd vreemde name ontvang, en dié was in sy geheel of gewysig in die handels-, en gevolglik in die seemanspraak, oorgeneem. Die name is na Holland oorgebring en het daar gedurende die jare van voorspoed welig wortel gevat; maar sommige van die woorde is direk na ons oorgekom om deel van ons taal uit te maak. Baie daarvan is verlore gegaan, en nog meer vir die burgers wat landwaarts ingetrek het; dog genoeg van daardie vreemde woorde leef vandag nog in ons geselspraak, en ons sal aan sommige die aandag wy sonder om te bepaal deur watter pad dié woorde hul weg tot in Afrikaans gevind het—net soos met 'n Portugees of Maleier wat in hul land gebore is, wat vir jare in Holland gewoon het en daarna na die Kaap gekom het: hulle is 'n *gebore* Portugees en Maleier al het hulle die burgerskap van Holland en Suid-Afrika ontvang. Die doel wat ons voor oë gestel het, is immers om 'n troue beeld van die geselspraak in geskrif te lewer sonder om in taalbeskouing te verval. In die volgende paragrawe sal ons hulle onder afsonderlike hoofde behandel, maar wil eers op 'n paar ander bronne die aandag bepaal wat die behandeling in 'n duideliker lig sal stel.

§7—HOLLANDSE GEWESTELIKE SPRAAK.

Die verhouding in bloedvermenging van die Afrikaans-sprekende bevolking in Suid-Afrika is ongeveer: Hollands 10, Duits 5, Frans 4, en ander rasse 1. Maar dit was van die begin van die volksplanting nie so nie; voor

die Franse hier geland het, was die koloniste en dienaars van die Oos-Indiese Kompanjie amper uitsluitend Nederlanders; eers ná die Franse element bygevoeg is, het die Duitse instroming die sterkste toegeneem. Die Afrikaanse taal het toe reeds min of meer 'n vaste vorm aangeneem, sodat Franse en Duitse invloede hulle min laat geld het—die vorming van die taal het onder invloede plaasgevind deur die ineensmelting van Hollandse burgers uit verskillende provinsies van die geboorteland; en soos ons weet, het elke provinsie van die stamland tot vandag sy eie gewestelike spraak. Die meeste van die koloniste was afkomstig uit Seeland, Noord- en Suid-Holland, en daarom het die dialekte van daardie plekke die meeste invloed op Afrikaans uitgeoefen en het te duidelik hul spore nagelaat. Sommige daarvan is algemeen oor ons hele land soos *rot, perd, neut, seun, swaweltjie (swaaltjie), veul, speul, ens.* terwyl ander by ons net aan seker dele van ons land verbonde is, waar dié dan as algemeen beskou kan word.

So hoor ons vanaf Humansdorp, langs die Kaapse oostelike grensdistrikte, deur Colesberg, Aliwal-Noord, deur Vrystaat en Natal tot in Oostelike Transvaal die wisselgebruik van *kan* en *ken*. Ons hoor: „Ek *ken* dit nie doen nie” vir wat in die Westelike Provinsie van Kaapland tot in Westelike Transvaal gesê word: „Ek *kan* dit nie doen nie.” Hierdie spreekwyse bestaan vandag nog in sommige dele van Holland. Dan praat baie inwoners van die Vrystaat, Natal, en Oostelike Transvaal van: „Ek *kan* die men” vir „Ek *ken* die man” (wat algemeen in die ander dele van die land gehoor word). Selfs in die digbundel van Jacob Cats lees ons *gekan* vir *geken*.

So is daar nog meer gewestelike woorde wat die trekkers met hul meegeneem het, soos *aljimmsers, flus, flussies, pleks* (ook *ples* uitgespreek), *leegte*—almal woorde wat naby Kaapstad, die Bakermat van Afrikaans, nie meer gehoor word nie, terwyl andersom, baie van die oumense daar nog praat van *haarlie, sullie, jullie*, ens., wat inlands onbekend is.

Tussen die inwoners van Kaapstad aan die een kant en die boere van Koeberg, die Skiereiland, Stellenbosch, Pêrel en Riebeek aan die ander kant het in daardie dae nie te veel simpatie bestaan nie—net soos vandag nog maar orals die geval is tussen dorpelinge en plattelanders, wat mekaar deeglik kritiseer. In daardie tyd was die onsimpatieke gevoel—volgens oumense in my kinderjare—skerper as gewoonlik die geval is; hulle het baie te vertel gehad

oor griewe wat hul pa en oupa teen die Kapenaars gehad het. Dit het die ou koloniste in twee afsonderlike kampe gedryf—'n ieder met sy afsonderlike belange en besigheid. Soos maar gewoonlik die geval is, het die buiteman sy verblyf in die stad nie langer uitgerek as wat bepaald nodig was nie; hy voel hom ontuis; en dan, daar was so baie pligte aan sy boerdery verbonde, soos om sy vee te bewaak teen Hottentotte wat vry in hul krale gewoon het, en ook om balhorige slawe in bedwang te hou en hulle op te pas dat wegloop nie so maklik kan plaasvind nie. Die Kapenaar weer kon sy besigheid moeilik aan ander oorlaat, en gevolglik is sy uitstappe na die boerplase maar vir 'n beperkte tyd gewees.

Die gevolge was dat daar spoedig 'n verskil in die spraak van Kaapstad en die buitemense ontstaan het. Die taal van die boer was meer gelykvormig aan dié van sy buurman, terwyl weer in die stad in die eerste plaas Hoog-Hollands die toon aangeslaan het, daar dit die taal was van die amptenare en hoë stand; in die tweede plaas het die handels- en seemanstaal welig gebloei weens die gedurige aankoms van skepe, wat daar vir weke voor anker lê en ook die aanlandsitting van siekes wat vir herstel moet agterbly. Die Duitse reisiger Kolbe, wat nogal die meeste oor die taal aan die Kaap te vertel het, noem die Kaapstadse spraak die "warboel van Babel" weens die menigte nasionaliteite wat hy aldaar aangetref het.

Dus, die groot seehawe Kaapstad kan nie as die bakermat van Afrikaans beskou word nie, maar wel die buitedistrikte wat altyd min of meer onder dieselfde invloede verkeer het. Dit is dus die platteland wat die Afrikaanse spraak na die stad geleidelik oorgebring het. Ons kom later weer op hierdie punt terug wanneer ons die geselskap van die ou hoofstad bespreek.

Die woord *skaai* is nog 'n ander gewestelike woord wat in die omgewing van Kaapstad in gebruik gebly het, terwyl dit selde of nooit in die binnelande gehoor word nie. Mnr. C. P. Hoogenhout het hom in 'n brief aan my daaromtrent uitgelaat: „*Skaai* vir steel was ook onder ons in Holland algemeen. „Hy heit me knickers (albasters) *geskaaid* of *gekaapt*” was die gewone segwyse onder ons jongspan.” Mnr. Thomas Blok, 'n hoofonderwyser op Bloemfontein, is afkomstig uit Wes-Friesland, en hy het my meegedeel dat *gekaaid* in daardie Provinsie die gebruikelike vorm is vir skelmpies steel of wegneem. Dit kom my voor dat *skaai* afgelei is van die Hollandse woord *schaken*.

Aangesien die gewestelike spraak van Seeland en Holland soveel van die seemanstaal insluit, is dit maklik om te verstaan dat baie gesegdes uit daardie dele van Nederland in Afrikaans opgeneem is. In die Boland word hulle meer gebruik as in die binnelande, wat sommige vervorm het, b.v. *kinkel in die kabel* heet ook *daar het roes in sy koring gekom*; *enige hawe in tyd van storm* word soms vervang deur: *'n boer maak altyd 'n plan, of ek kan my met enigiets behelp*; *hy kyk eers watter koers die wind waai* word baie maal oorgesit in: *hy span eers sy ossies goed agter mekaar*, of: *hy loer eers goed waar die pad oop is*; *oor boord gooi* word soms vervang deur: *die boel laat versuip*, of: *die kop afgekap*; *'n vis voor iemand se hoek wegvang* word: *die vlieg voor sy neus wegvang*, of: *sy vuur uitmekaar skop*, en so meer. Hierdie wisselvorms in tiepies Afrikaans kan oneindig uitgerek word daar die Afrikaner 'n goeie besef van humor besit, wat sterk in die geselstaal afgespieël word. Hierdie karaktertrek van die Afrikaner verdien besondere aandag; daarom sal ons dit onder 'n afsonderlike paragraaf van hierdie geskrif behandel. Intussen sal ons voortgaan om aan te bied ons eie waarnemings van woorde, gesegdes, uitdrukkings en eienaardighede wat ons in die geselstaal aangetref het.

§8—MALEISE, PORTUGESE EN ANDER WOORDE.

Reeds in 1876—dit is 42 jaar ná die vrywording van slawe aan die Kaap—het ek met my aantekeninge omtrent woorde en uitdrukkings in Afrikaans begin. In daardie dae het nog baie van die ou slawevolk geleef, wat ons baie van die slawetyd kon vertel. En daarvan het ek goed gebruik gemaak.

Maar toe ek nog 'n kind was, het daar van tyd tot tyd Maleiers op die boerplaas gewerk. Drie daarvan het besondere aandag aan ons kinders bestee omdat dit hulle betaal het om met die „basies” vrinde te hou. Daar hulle Mohammedaans was, mog hulle geen wyn drink nie; en so het hulle by ons gepamperlang om dit aan hulle om 'n hoekie te gee, sodat die ander plaasvolk dit nie sien nie. Ons beloning hiervoor was stories uit die slawetyd en so meer. Wat die stories betref, was baie waar, en ander weer twyfelagtig. Maar wat ons daaruit geleer het, is die sielkunde van die ou Maleise volk, wat so anders was as dié van die swart volk met kroes hare. 'n Kind—net soos

die redelose diere—kan gou bemerk wie met hom simpatiseer en wie nie. In die gewone geselstaal het ons oumense aan die Kaap die kleurlinge in drie klasse verdeel: die *Slamaaiers*, die *Malbare* (almal wat steil hare het) en die *Afrikaner-volk* (met kroes hare). In die binnelande staan die verdeling: *Hotnots*, *Kaapse bastervolk* en *Kaffers*. Sulke name as *Afrikaner-volk*, *Masbiek-Afrikaner* vir kleurlinge het uit ons spraak verdwyn; maar in die laaste jare van die slawetyd en kort daarna nog in my kinderjare—was dit algemeen. Die gebruik van die woord *Afrikaner-volk* het betrekking gehad op die neërslawe en hul afstammelinge, en *Masbiek-Afrikaner* op 'n verbastering tussen Masbieker en Hottentot, daar die Hottentot op sigself te swak was vir harde plaaswerk. *Afrikaner* vir blanke en *Afrikaans* vir die taal het 'n vaste vorm aangeneem vanaf die eerste taalbeweging.

Die Maleiers word deur die Bolanders genoem *Malaaiers* of *Slamaaiers*, en soms deur ou mense *Jawaners* (heel selde). Die benaming *Slamaaiër* is oor heel Suid-Afrika bekend. Hulle stamouers het gekom in die slawetyd uit die Ooste, en as slawe was hulle nou verbonde aan die huishouding. Die groot Sweedse natuurkundige Thunberg het die Kaap in die tweede helfte van die 18de eeu 'n besoek gebring en het enige tyd hier rondgereis; hy vertel ons: „Die huisbediendes hier bestaan nie uit blanke nie, maar wel uit swart of bruin slawe van Malabar, Madagaskar of ander dele van Indië. Hulle spreek oor die algemeen òf gebroke Portugees òf Maleis—selde die Hollandse taal.”

In *Eerste Skrywers* het ek reeds aangetoon dat my oupa en nog twee ander persone op die plaas Vryeguns, Agter-Pêrel, gebroke Portugees in my kinderjare kon praat. Oupa is gebore in 1780 in Kaapstad; hy was die grootste bakker in groot- en kleinhandel in die stad; later het hy op groot skaal op Leeudans, Koeberg, geboer en het al die tyd oor groot werkkragte beskik. Met sy slawe het hy Portugees gepraat. Hy het besigheid in die begin van die Engelse bewind aan die Kaap gedryf. Oupa het wel Portugees kon praat, maar ouma ('n dogter van landdros Visser) was dié taal nie magtig nie. Met aantekeninge maak het ek voor my 20ste jaar baie ou mense ondervra wat slawe gehad het; en uit hulle mededeling het ek kon uitmaak dat dit in hulle tyd (gelyktydig met dié van oupa) met Portugees maar net so gegaan het as teenswoordig met die grensboere, wat nie almal kan Kaffertaal praat nie.

Uit die geskiedenis weet ons dat in die eerste jare van

die volksplanting aan die Kaap min slawe en slavinne uit die Ooste hierheen gekom het; mettertyd het die getalle toegeneem, sodat op die huidige dag duisende van hul afstammelingen woon in Kaapstad, op die Skiereiland, in die Bolandse dorpe, Port-Elizabeth, Kimberley en Johannesburg; en as oosterlinge is hulle nou aan die handel verbind en soek net die groot stede op. Behoudend in hul opvatting en lewenswyse vind ons hul nie meer op boerplase nie; so is 'n Slamaaier op die platteland 'n seldsaamheid wat verskyn en dadelik verdwyn. En dit is een van die sterkste redes waarom so baie Maleise woorde uit die binnelandse spraak verdwyn het. Die rede waarom hulle die platteland nie as werkveld verkies nie, het veel met hul Mohammedaanse geloof te doen, daar hulle dan kos moet eet wat deur hul geloof belet is.

Dat Maleise invloed vroeër ingekrimp is, is ook te danke aan die feit dat baie Maleiers Kristene (*serannie*) geword het; dit was meestal die geval op die boerplase naby die Kaap.

Omdat die *suiwer* Maleise spraak hier geen vrugbare veld vir voortplanting kon vind nie, het dit vanself, sonder dwang, uitgesterf; die Afrikaans van daardie dae het reeds 'n te groot voorsprong gehad; en ook die taal van die Hottentotte en Boesmans binne die grense van Kaapland het dieselfde weg gevolg—ook in hierdie laaste geval is daar geen dwang toegepas nie, al het baie van die koloniste dié tale ook kon praat.

Dat so veel Maleise woorde uit die taal van Holland verdwyn het, is toe te skrywe aan die feit—ons kan dit billikheidshalwe aanneem—dat daar blanke bediendes en nie Maleise—net soos by ons—vir huiswerk in diens was nie; die in diens neem van Oosterse slawe het gewis baie bygedra om Maleise woorde in Afrikaans te bestendig. Met dit alles was Afrikaans te selfstandig en kon goed sy man staan om nie tot 'n brabbeltaal te onttaard nie; die burgers het almal dieselfde belange gehad en dit nagestreef, waardeur hulle die fondament gelê het vir 'n standaard vir 'n volkskarakter en eie taal. Ook het die geslaagde vermeniging van die drie blanke rasse bygedra om Afrikaans nie in dialekte op te splits nie.

Oordelende van die houding wat Afrikaans in die laaste jare aangeneem het, skyn dit dat ons nie meer so gretig is om meer Maleis-Portugese woorde op te neem nie. Die woorde wat in ons taal bestaan, is nou monumente van die verlede wat ons herinner aan die getroue ou bediendes wat

deur ons voorvaders van vryheid beroof geword is, en toe so veel lief en leed met ons voorouers deurgemaak het. Hoe baiekeer is nie aan ons as kind vertel nie hoe simpatieke slawe bitter trane om die sterfbed van een van die huisgesin gestort het, of hoe gewillig en opgeruimd hulle op feeste en bruilofte gedien het.

Uit die spreektaal het ek die onderstaande Maleise, Portugese en dergelike woorde opgeteken; hulle het hul weg in Afrikaans gevind deur die Hollandse taal van die 17de eeu, deur die seemans-, die handels- en slawetaal. Hierdie woorde is algemeen oor ons hele land bekend: *Amper, amperljies, baar* (vir dom), *baadjie, baklei, blatjang, bredie, baie, baljaar, bamboes, banana* (vrug wat baie op 'n piesang lyk), *basaar, basta, doepa, ghoeroe, gooiing, jakker, Kaffer, koejawel, kapok, katel, katjiepierung, krawetjie, kaketoa, kastig, rond-om-talie, stramboel, kerrie, kjaat, koelie, karkatjie, loerie, marmotjie, nartjie, oorlam, oorlams, paai* (om te vlei), *pamperlang, pierung, piesang, pondok, rissies, rotlang, sambal, seroet, sambok, soebat, tamaai, tjap, tata, outata, tõiing, asgaai, aia, spens, ghitaar, jalap, klapper, kalbas, karmenaadjie, kapater, karba, kiepersol, laai, maskie, kraal, lem-moen, likkewaan, mielie, nonna, nonnie, nooi, patats, tronk, sambreel, tarrentaal, transie, pampelmoes, ens.*

Nou volg 'n lys woorde wat in die Boland en omstreke goed bekend is, dog vir die binnelande verlore gegaan het:

Bobotie, borrie (geel poeier), *borrie* ('n draagbaar), *froetang, jamboes, jillettjie, kaparring, kaliefa, katjang, koesiester* (koek), *kurang, kenta, katjiepoetolie, malmok* (seevoël), *moesoek, mebos, memme, motjie* (Slamse meid), *paljas, pienang* (stoofvleis), *serannie, sieal, sosatie, soesie* (koek), *tamryn, tassal, tjoekie* (tronk), *toeding* of *toering*, *tjou-tjou, tjakkie-tjakkie, albertkoort, galjoen, herrie* (op sy — gee), *kabaai, karet* (skildpaddop), *lemmetjie, mandoor, mango, piekanien, pikkewyn, ramkie, sieter* (soort sitroen), *trawal, tornyn* (seevark), *kaaiman, palaber* of *palawer, rabbedoe* of *robbedoe, ens.*

Enige van bogenoemde woorde verdien nader verklar-ing: *Banana* en *piesang* is feitlik twee afsonderlike soorte van dieselfde vrug. In die Westelike Provinsie van Kaapland groei die *piesang* en word so deur die Afrikaans-sprekendes genoem; die vrug is groot en die nate daarop sterk geteken, terwyl die skil dik is. Die Engels-sprekendes daar beskou die woord *piesang* as die Hollandse benaming en

spreek van *banana* pleks van die regte Eng. naam *plantain* te gebruik. Dikwels het ek in die Boland hoor sê: „Ek wil *bananaplante* van Natal kry,” en sommige het dié gekry; maar in my kinderjare was die Natalse soort in die Boland onbekend. So is prof. J. J. Smith volkome reg waar hy meen dat die woord *banana* deur Engelse invloed in Afrikaans herstel is.

Tarrentaal. Op die Lebombo moes ek saam met die Portugese Kommissie die grenslyn tussen Transvaal en Mosambiek afbaken. Kaptein D'Andrade (later Minister van Buitelandse Sake in Lissabon) en ook kapt. Nunez da Silva (van 'n oorlogskip) hoor ons Afrikaners onder mekaar van *tarrentaal* en *lemoen* praat en vra dadelik of ons die voël ook *tarrentaal* noem, waarop ek bevestigend antwoord. Hy merk verder op dat die Portugese dit ook so noem en dat in die Sambesie 'n eiland is wat Lemoeneiland genoem word omdat suurlemoene daarop wild groei.

Loerie is by ons nie juis 'n pappegaai nie; hulle het wel klimpote met twee tone na voor en twee na agter, maar het 'n dik stomp bek. Die Knysna-soort is groen met rooi vere onder die vlerke en 'n witgestippelde kuif wat soos by die kakatoas kan opgelig en neergelaat word. Die Swasielandse soort het 'n pou-blou nek en ook rooi vere onder die vlerke. Die bosveld-soort is asvaal en heet die *kwêvoël*—na die geluid wat die voël maak, terwyl die blou en groen soorte glad ander stemme het.

Likkewaan is anders as die Amerikaanse *iguana* (wat 'n keelvel nes 'n bees het), maar tog is die gelykenis treffend en lewenswyse dieselfde.

Kaaiman het by ons 'n ander betekenis gekry en stel nie meer voor die krokodilsoort van Amerika nie. Soms word van die blou- en rooikop-salmanders as *kaaimans* gepraat. Ook word kaaiman op denkbeeldige rivierwesens toegepas, waaroor ons later meer sal te sê hê. Vandaar die name *Kaaimansgat*, *Kaaimansrivier*, ens.

Oulap is in die Boland en dele van Kaapland die naam vir 'n Engelse koper-pennie. In die noorde word dit *duw-weltjie* genoem.

Gekko is 'n boomgeitjie wat in tropiese dele van ons land te vinde is, soos b.v. in die Lebombovlaktes, waar ons saans die goedjies hoor die geluid maak: „gêko! gêko! gêko!” In die Boland is 'n geitjie wat amper so lyk, maar is stemloos en word daar genoem: die *dakgeitjie*, *hamelstertgeitjie*, omdat hulle dikwels in dakke aangetref word en om-

dat hulle dik vet sterte het soos dié van Afrikaanse skaaphamels; die stert is bros en val gemaklik af wanneer die diertjie geterg word.

Kabaai is in my kinderjare nog deur oumense gedra; dit was van sis gemaak en het soos 'n jas tot op die voete gehang en het as nagkleed in koue tyd gedien soos pijamas vandag. Die kabaai en gebreide katoenmus staan my nog goed voor.

Toeding, toering is 'n Slamse hoed, afkomstig uit Oos-Indië. Dit het die fatsoen gehad van 'n trompetterblom op die kop omgekeer. Die ou tiepiese Slamaaiers met hul toerings, kaparrings, wye broek, lang onderbaadjie en gekleurde sy-halsdoeke van 'n halfeeu gelede het so te sê in Suid-Afrika verdwyn; die jong Slamse volg die Europese kleredrag, en dit is nog net die rooi *kofiea* (Mohammedaanse mus) wat hulle van die Kristen-kleurlinge onderskei. Baie van die ou Kaapse blanke famielies was daar erg op gesteld om hul Slamse koetsier in sy volle mondering voor op hul landou te sien sit, en dit het dié drag in sulke gevalle lank in ere gehou. Maar nou dat die motorkarre die plek van landous en ander perderytuie inneem, sal Slamse koetsiers tot die verlede weggeskuif word.

Kiepersol heet ook in Transvaal, Vrystaat en Natal *sambreelboom* en *nooiensboom*, daar aan die punte van die dik takke die silwergroen en langwerpige blare die vorm aanneem van 'n sonskerm; die boom self wek die beeld op van 'n jongnoui wat onder 'n sambreel stap.

Koelie in vroeër dae in Kaapstad was iemand wat goed van een plek na die ander dra; ook het hy terselfder tyd as gids gedien om aan buitemense plekke aan te wys. Ou Dappat, 'n Slamaaiër, met kopdoek op Slamse wyse om sy hoof gedraai, was soggens by die spoorwegstasie te sien en het altyd sy dienste teen 'n geringe prys aan buitemense aangebied. Nou teenswoordig beteken *koelies* Indiërs. Arabiere is *witjurk-koelies*.

Peddie is die naam wat oumense aan die Kaap gebruik het vir rys waaraan die doppie of omhulsel nog vaskleef.

Tata en *memme* is die benaming waarmee die slawe se kinders hul *pa* en *ma* onderskeidelik angespreek het. Soos dit blyk uit aanmerkings deur oumense in ons teenwoordigheid gemaak, was dit vermetel vir slawekinders om hul ouers as *pa* en *ma* aan te spreek, en so dikwels het ons oumense hoor sê: "Ja, nou begin die kleurlinge se kinders hul tata en memme ook al as *pa* en *ma* aan te spreek, iets

wat in die slawetyd nie die gebruik was nie." Wit kinders het vroeër die gewoonte gehad om hul gekleurde min (aan wie hulle gedrink het) en die ou vroedvrou as *memme* aan te spreek; die ander ou volk was altyd *outa* en *aie*, of *ouaia*—meer as 'n tiitel van respek en opvoeding.

§9.—PORTUGEES EN DIE AFRIKAANSE SLAWETAAL.

Om enigszins 'n idee te vorm omtrent die neërslawe wat aan die Kaap in diens was, is dit nodig om hulle in hul geboorteland gade te slaan; dan kry ons meteens 'n begrip van hul omgangstaal met blankes. Die slawe was in die eerste instansie afkomstig van Angola en Guinea, en later uit Madagaskar en Mosambiek. By ondersoek sal dit blyk, met weinige uitsonderinge van onbeduidende aard, dat al hierdie inboorlinge in sedes, gewoontes en behoudendheid ooreenstem—die grootste verskil bestaan in hul spraak of taal. Wanneer ons van een stam 'n duidelike begrip het, dan verstaan ons al die ander; en ondersoek ons hul handelsverkeer met blankes, dan sal ons haas geen afwyking in hul ekonomiese en sosiale bestaan ontdek nie.

Daar ek met Mosambiek volkome op die hoogte is, sal ons die lewensaard en handeling van daardie gebied uiteensit en sodoende op hoogte van sake kom.

Van 1886 tot 1899 was ek amper elke winter besig met Portugese kommissies om die grenslyn, 350 myl, tussen Mosambiek en Transvaal, en Mosambiek en Swasieland af te baken. In Delagoabaai was ek die gas van die Portugese regering, en in die veld het ek onderhandel soms met die Goewerneur-Generaal, dan met die distriks-goewerneur, dan met kaptein Alfredo d'Andrade, wat jarelank aan daardie besitting verbonde was en daarop Minister van Buitelandse Sake geword het. Ook was ek in noue aanraking met ons konsul, mnr. Pot, wat as jongeling aan die Sambesie handel gedryf het en later die groot Hollandse Handelshuis in Lourenço-Marques gestig het. En dit is van dié here dat ek my inligting aangaande die inboorlinge ontvang het—vir die res het ek die landstreek deurreis, gesien en gehoor wat vir my doel nodig is. Ook was ek na Kosiebaai in verband met die stigting van 'n hawe—alles wat my in staat gestel het om 'n kennis van daardie inboorlinge te kry. Dit is wat my daar onder die oë geval het:—

(1). 'n Jonger geslag van daardie volk waaruit slawe weggevoer is en wat nog leef in dieselfde toestande as twee-

honderd jaar gelede, daar dit—soos by al die Kafferstamme—as 'n gruwel beskou word om die voorvaderlike sedes en gewoontes te versak. Die enigste vingerwysings in die rigting van beskawing is dat sommige Kaffers sakdoeke om hul lyf pleks van velle dra as hul in Lourenço-Marques werk, en dat die Kaffers wat watertransport op riviere uitoefen, geteerde plankskuite wat hulle self maak, besit.

(2). By die hawe dra hulle die vraggoed van skepe in die groot pakhuis in.

(3). Die blanke opsigters spreek hulle in die Portugese taal aan—onder mekaar praat hulle hul eie taal.

(4). Dié wat verder van die see woon, verstaan nie Portugees nie, maar bedien hulle van hul eie spraak.

(5). Daar is ook Portugese wat die inboorlinge in Kaffers aanspreek.

(6). Dieselfde toestand heers langs die hele kus van Mosambiek en was die gebruik vir geslagte terug.

Die naam *Masbieker* is vir ons, ná die invoering van slawe gestop is, verlore gegaan, ofskoon ons nou nog in die Boland van *Masbiekers* hoor praat. Selfs die afstammelinge erken die naam nog en sê: “Ek is van Masbiek-afkoms.” Die benaming is deur die Voortrekkers reeds verwerp, daar hulle van die inboorlinge uit daardie oord gepraat het as *Delagoabaaise Kaffers*—'n benaming wat vandag nog by die myne geldig is. Die Portugese noem die provinsie *Mozambique* en die hawe *Lourenço-Marques*, en sê dat die name *Delagoabaai* en *Algoabaai* wel Portugees is, maar dat dié deur seevaarders en nie deur die Portugese gegee is nie. In hul spreektaal noem hulle die rivier wat in die hawe vloei, met die Kaffer-naam *Tembie*, maar op hul kaarte staan dit bekend as *Rio Santo Spirito* (rivier van die Heilige Gees).

Hulle name is meesal van godsdienstige aard, en so vind ons ook een van die dwars strate daar genoem *Travessa Boa Morte* (Dwarsstraat van die Goeie Dood). Die Kaffers wat tot die Kristelike geloof oorgaan, word Rooms, daar ander sendelinge daar nie toegelaat word nie. Maar of van die verkogte slawe Rooms was, kan met sekerheid nie verklaar word nie.

Met behulp van die Transvaalse konsul, mnr. Pot, het ek naspornings gedoen of onder die inboorlinge in hul Portugees geen Maleise woorde voorkom nie; en hoewel hy al die tale daar in gebruik grondig geken het, kon hy nie een Maleise woord vind nie.

Goewerneur Azeriedo Vasconcellos het met sy bedienendes Portugees gepraat en het my verseker dat die ou Portugese handelstaal (die *lingua franca*) nooit in Mosambiek gepraat is nie—lank het ons saans om ons veldvuurtjie of in sy tent hieroor gesels, daar ons in 1888 vir 'n maand saam op die Lebombo was; en ná dit het ek vir 'n week by hom in sy huis in Lourenço-Marques gekuier. Om nog meer hieromtrent verseker te wees, het ek onlangs aan die welwillende bestuurder van die Standaard-Bank, mnr. W. J. Letchford, Delagoabaai, geskryf en hom versoek om op my koste 'n deskundige op taalgebied te emplojeer om my toegesonde lys van gewone Maleise woorde te ondersoek. En dit is wat mnr. Letchford my geantwoord het:—

„Ons het u brief in verband met die *lingua franca* in hierdie Gebied ontvang. Ons het dit geplaas in die hande van eerw. H. L. Bishop, die vernaamste outoriteit op sulke vraagstukke op Portugese gebied in hierdie geweste, en hy verklaar dat geen *lingua franca* in Portugees-Oos-Afrika in gebruik is nie. Die Portugese taal is die vernaamste medium gebruik in gesprekke met die inboorlinge. Ons eie ondervinding bevestig dit.—Ons stuur aan u terug die lys van woorde en ook u tjek, daar eerw. Bishop sy dienste vry verleen het,” ens.

Dieselfde toestand van sake het geheers, en heers nog, in Angola volgens 'n verklaring aan my in Kaapstad gemaak deur wyle mnr. Roberts, voorman van die Humpata-trekboere.

Hieruit kan Afrikaanse taalvorsers self hul eie gevolgtrekkings maak aangaande die omgangstaal van baas en slaaf. Volgens goewerneur Azeriedo Vasconcellos se mededeling aan my, praat die Kaffers Portugees van 'n slegte gehalte; hoe langer hul in diens bly, hoe suiwerder word hul taal, wat maar op dieselfde neerkom as wat ons reeds weet in verband met Kaffers wat Afrikaans leer.

§10.—DUITSE INVLOED.

Aangesien in die bloedvermenging van die Afrikaner die Duitse element 27 persent verteenwoordig, het die Duitse bevolking aan die Kaap direk min bygedra tot die Afrikaanse woordeskat. Ons het reeds enige historiese redes hiervoor opgenoem; maar bo alles moet die gewigtigste oorsake in gemengde huwelike met meisies van Hollandse afkoms gesoek word. Want die taal van die huismoeder is

immers die taal van haar kind. Hiervan lewer die Jode ons die treffendste bewys.

Die volkskarakter het wel deeglik baie te doen met die spraak wat die volk kies om sy gedagtes in te verklank. Na sy geaardheid kies iemand sy nering; en om die besigheid met sukses voort te sit, ontwikkel sy taal vanself, sodat hy die geringste behoefte of noodsaaklikheid in woorde kan vertolk.

Die vryburgers wat geen aanleg en nie genoeg volharding vir die boerdery gehad het nie, het weer na hul ou besigheid of hul geboorteland teruggekeer. Dié wat volhard het in boerdery, het 'n boerevolk geword, waardeur die Afrikaners vandag onder die ander nasies van die wêreld bekend staan as die BOERE.

Dat die Duitse bevolking van Suid-Afrika so min woorde direk aan Afrikaans geskenk het, kan maklik verklaar word:—

(1). Hulle was meesal aan die militêre diens verbind en het om hierdie oorsaak meesal in Kaapstad gebly, waardeur 'n sosiale verkeer met die platteland gestrem was; en dit was op die platteland waar Afrikaans gevorm is.

(2). Deur op gevorderde leeftyd met Hollandse meisies te trou het Duitse invloed op die kleinkinders nie meer effek gehad nie, daar die taal van die moeder oorheersend is.

(3). Duitsers is werksaam en is nie aldag met vlaggewaai op straat te sien nie. Hulle leer gou die taal van hul aangenome vaderland en besit nie die trekgees om na hul geboorteland terug te gaan nie. Hul eie plase het hulle nie eens Duitse name gegee nie, maar wel Hollandse, terwyl die Hugenate aan die Kaap aan hul plase wel Franse name gegee het—soos ons later sal aantoon. Dit pleit sterk daarvoor dat die Duitsers van die beginsel uitgegaan het: Nederlands is eenmaal die taal van die land, ek onderwerp my—miskien het hul militêre dissipliene in hierdie opsig invloed uitgeoefen.

(4). Afrikaans het reeds 'n vaste rigting ingeslaan toe die Duitse burgers op die platteland geplaas is.

Hul invloed op Afrikaans moet dus gesoek word in ons volkskarakter. Die Duitser is 'n krygsman; hoe baie maal het volke uit Germania Europa nie oorstroom en kagge loop nie? Dink maar aan die Angele en Saksers, die Longobarde, die Franke, die Vandale, ens. Op die troon van die Heilige Romeinse Ryk het hulle keisers geplaas; en wan

neer keisers van die Duitse Ryk gepraat het, het Europa geluister, en selfs 'n Napoleon kon die nek van Pruise nie buig nie. Die Duitsers wat hulle aan die Kaap kom vestig het, was juis van daardie stempel—anders sou hulle die Oos-Indiese Kompanjie nie as militêre gedien het nie. Hul bloedvermenging met Hollanders en Franse was 'n volslae sukses. Die Boere het in hul kort bestaan getoon dat hulle die Soeloe, die Matabelie en die Britse Ryk nie gevrees het nie deur oorlog teen hulle te verklaar; ander inboorlingstamme wat wapens opgeneem het, is gou tot hul plig gebring. Watter invloed het militêre bedrywe op die taal nie!

Die Duitsers het 'n sterk liggaamsgestel—anders sou hulle as 'n militêre volk nie deug nie; op kommando geld hierdie natuurwet ook: die voortbestaan van die geskikste. Vir die Boer het hierdie Duitse uithouvermoë goed te pas gekom—anders hoe sou hy die onherbergsame wildernis kon ingetrek het? En watter invloed het die trek van plek tot plek op Afrikaans nie uitgeoefen nie? Die weerstandsvermoë van die Duitser is spreekwoordelik. Hulle kan 'n streek bewoonbaar maak waar ander dit nie durf waag nie. Die Kaapse sandvlakte is hiervan 'n goeie bewys; daar kan net 'n Duitser en 'n swartslang 'n bestaan vind. Dit verklaar hoe die trekboere, ver van beskawing, 'n bestaan kon maak.

Die Duitser egter is stomp—net soos die Hollander—in sy omgang; altyd ernstig, vergeet hy soms om by wyle 'n bietjie vrindeliker te wees. Sy weldeurdagte deurdrywendheid dryf hom soms tot koppigheid—'n karaktertrek wat hom baie maal in die Afrikaner ook openbaar. So is hierdie kwaal die dryfveer geword wat die rustelose trekgees inlands gaande gemaak het; natuurlik het dit gepaard gegaan met die vryheidsug van die drie nasies waaruit die Afrikaner gebore is.

Daar die Duitsers meesal militêre diens verrig het, en sulks nog gedoen het in later jare in die artillerie van die twee Boerrepublieke, so moet ons Duitse invloed gaan soek in woorde wat by die krygsbedryf pas. As hulle vir sommige daarvan nie direk verantwoordelik is nie, dan het hulle in ieder geval meegehelp om Hollandse woorde verwant aan die Duitse taal in stand te hou. So vind ons die Hollandse woorde *schans*, *brandwag*, ens., nou verwant aan die Duitse woorde *Schantz*, *Brandwache*, ens.

Aan die Duitsers het Afrikaans direk ontleen: *werda*, *laer*, *jaarhonderd*, *by my siks*, *dan en wan*, ens., en waarskynlik ook: *bolmakiesie*, *strawasie*, *verfoes*, ens.

Maar ons vind ook in die geselstaal woorde met 'n sterk Duitse karakter—woorde wat ons uit die Hollandse taal ontleen het en wat in daardie taal so ingeburger het dat hulle nou ook as Nederlands aangeneem word, soos: *tas*, *blits*, *bloedweinig*, *balderja*, *berghang*, *drijf*, *flous*, *flint* (geweer), *gansgaar*, *hamel*, *krans* (rotsmuur), *kameraad*, *niksnuts*, *piets*, *pokaal*, *peits*, *roer* (geweer), *waks*, *vroegstuk* (oggend-ete), *vrek*, *vergange*, *wiks* (uitklop), *wafel*, *werskaf*, *sneller* (van 'n geweer), *sistertjie*, *sens*, ens.

Kosname aan Duits ontleen besit ons glad nie; die woord *wafel* kom reeds vroeg in Hollands voor. Daar ons Duitse voorouers stegs uit mans bestaan het, is dit lig te begryp dat hulle—net soos alle mans—min van kos-maak gehou het.

Wanneer iemand 'n vreemde taal spreek wat hy nie goed ken nie, dan gebeur dit te dikwels dat hy die slepende uitgange weglaat; dus het ons goeie rede om te vermoed dat Duitse sowel as Franse invloed baie bygedra het om Afrikaans uit Hollands te vereenvoudig.

As ons ou geskifte nagaan—vernaamlik ou briewe—, dan sal ons merk dat ons oumense die gebruik gehad het om 'n krulletjie op die letter *u* te maak; is dit nie miskien 'n namaking van die Duitse gebruik nie? 'n Ou moeder sê eendag aan my: „Dat julle jongmense nie meer die krulletjie bo die *u* maak nie, is net van pure luiheid; ons meesters in die ou dae was baie noulettend daarop.” Tot vandag toe maak die oumense nog die krulletjie op die letter *u*.

§11.—FRANSE INVLOED.

Ewenas die Duitsers aan die Kaap het die Hugenote min woorde direk aan die Afrikaanse spraak geskenk; maar indirek het die Afrikaanse taal baie woorde aan die Franse letterkunde te dank. Dit is vir ons nie hier so seer te doen om die weg aan te wys hoe die woorde in Afrikaans opgeneem is nie as om te let op die aanwesigheid daarvan in ons geselstaal; ons verloor nooit uit die oog nie, ons het te doen met die spreektaal en sy eienaardighede.

Al het die Hugenote nie so 'n duidelike en direkte invloed op Afrikaans uitgeoefen nie, dan voorwaar het hulle op die volkskarakter 'n duidelike stempel gedruk, wat dus die taal indirek affekteer het.

Laat ons vir 'n oomblik die Hugenote en die aandeel wat hulle in ons volkslewe geneem het, in oëskou neem.

Hulle was streng Kalwiniste, wat hul oortuigings vir ander nie lig prysgee nie; dus persone van vaste beginsels. Daarby het hulle behoort tot die edelste bloed van Frankryk en het daar in hul geboorteland met oorleg en volharding hulle opgewerk tot persone van groot aansien en vermoë. Dit alles het hulle agtergelaat aan hul vervolgers terwille van vryheid van gewete, en het lievers verkies om die wêreld opnuut, met niks in die sak nie, te begin as om in hul eie land eer, rykdom en gemak te geniet—maar dan om daar as slawe van dwepery te woon, sonder die reg om vir hulself te dink. So het hulle hul vrinde, goed en bloed verlaat om te trek na waar vryheid woon.

Die teenswoordige wynbou aan Stellenbosch, Pêrel en Riebeeck het hul oorsprong aan die ou Hugenate te dank. En hoeveel woorde het ons direk aan die wyubou en vrugtekwekery nie ontleen nie? Ook was hulle net so dapper om die ou grense van die Hollandse Besitting aan die Kaap oor te trek as hul Hollandse en Duitse medeburgers. Onder goeie leiers—soos 'n Napoleon—het die Fransman getoon dat hy deur vuur en water sal loop; dog deur hul hartstogtelike opgewondenheid raak hulle gou neerslagtig—maar hier kom die flegmatieke aard van die Hollanders en koelheid van die Duitsers in die bloedvermenging handig in. Die stomtheid van Hollander en Duitser is skadeloos gemaak deur die fyngvoeligheid en ingebore hoflikheid van die Fransman. Sy liggaamsbou en uithouvermoë skiet by dié van die Duitser kort. In opvoeding het die Hugenaar hoog gestaan, wat weldadig moes gewerk het op die burgers wat die Kompanjie as soldate en matrose gedien het; hul nougesette lewensopvatting op morele en godsdienstige gebied kon nie anders as goeie gevolge met hulle meebring het nie; want woorde wek, maar voorbeelde trek.

Dit alles het baie bygedra tot karaktervorming van die Afrikaner, dit het hom opgehef en nog meer selfrespek ingeboesem, sodat die Afrikaner vandag trots voel op die Franse bloed wat deur sy are vloei, wat die Hollander en Duitser in ons teenswoordige tyd bietjie voor die bors stuit en laat vra: „En hoe omtrent ons Geuse- en Teutoonse bloed?” Die eergevoel van die Afrikaner het altyd hoog gestaan; so het die griffier van die Hooggeregshof van Natal tydens die opening van die spoorweg tot Charleston my meegedeel: „Dit is selde dat Boere hier voor die geregshowe verskyn; en as hulle daar kom, dan is dit om oor paaie, bakens en waterregte te prosedeer.” Maar die ontdekking van mine-

rale-rykdom en ander vreemde invloede werk baie nadelig op die teenswoordige geslag.

Wanneer ons van Franse woorde spreek, bedoel ons woorde wat nie alleen deur Hugenate-invloed nie, maar ook deur ander kanale in Afrikaans opgeneem is. Die Franse literatuur en handel met Holland, ook die feit dat Frans die diplomatieke verkeersmiddel en omgangstaal van die beskaafde lande was, het dié taal 'n ontsaglike invloed op die wêreldtale laat uitoefen. In die bloeityd van die Oos-Indiese Kompanjie het selfs vername skrywers in Holland vir verfransing van die Hollandse taal gevrees en het hul stem vir suiwering van vreemde woorde laat hoor. So is dit goed te begryp dat deur Hollands baie woorde van Franse oorsprong in Afrikaans bewaar gebly is; en met kennis van Engels, wat vir twee-vyfde van sy woordeskat Franse woorde besit, word dié klas woorde in ons taal bestendig, waardeur die Germaanse karakter van die oorspronklike ou taal van die koloniste bedreig word.

Hier volg voorbeelde van woorde wat daagliks in ons geselstaal oor die hele land gehoor word—woorde wat nie almal juis deur Hugenate-invloed ingevoer is nie:—

Ambulans, affêre, affront, banket (lekkergoed), *banier, bagasie, bermot, blafon, fleur, gasie, sjelei* (jellie), *dame, ekskuus, hotel, kantien, kastrol, konfoor, krimmetart, karwei, kaduks, koers, ivoor, likeur, negosie, ommelet, orasie, paskewel, poffertjie, punteneurig, renons, saffraan, seur, sosys, tammeletjie, toer, vandiesie*, ens. Hierdie lys kan nog aangevul word tot dit bladsye beslaan.

Nou volg woorde wat deur Franse invloed opgeneem is—nie noodwendig deur die Hugenate ingevoer nie—en wat algemeen in die Boland gehoor word, dog nie tot die binne-lande ingedring het nie:—

Agretta (Engels, May flower), *andoelie, adieu, bermot-sersan, brunet* (vir meisie blas van kleur), *fronteljak, jero-pieko, muskadel, makrol, oblietjie, pawie, pontak, poelpe-taan, portdevisiet* (deur), *sermyn*, en so meer.

Ook vind ons in die geselstaal woorde van Franse afleiding wat ook deur egte Hollandse of Afrikaanse woorde kan vervang word; hierdie woorde het lankal in Hollands bestaan en het ons langs daardie weg bereik:—

Abuis (naas fout), *kontrak* (naas ooreenkoms), *konsensie* (naas gewete), *fontein* (naas bron), *konsent* (naas toestemming), ens.

In geskifte word 'n menigte Frans-afgeleide woorde gebruik wat selde in die geselstaal gehoor word, omdat die

meerderheid van die volk die betekenis daarvan nie verstaan nie. Totnogtoe is hulle net boekwoorde, soos:

Abstraheer, affeksie, faksiemelee, fataal, fragment, passief, uniwerseel, ens. Woorde van hierdie stempel word, deur herhaling, in tye van groot gebeurtenisse in die spreektaal opgeneem, waarvan sommige daarna weer verdwyn, soos *eleksie* (naas volksraadsverkieping), *deputasie* ('n afvaardiging), *konsentrasiekamp* (vir vrouelaer), *Unie, konsiliasie*, ens.

Opvallend is dit dat dorpenaars gouer geneig is om vreemde woorde te verwelkom as plattelanders, wat baie-maal aan tweetaligheid van die dorpbewoners kan toegeskryf word, daar dié wat Engels verstaan, by voorbeeld dadelik begryp wat *affiliatie, delisiëus, kombinasie*, ens., beteken—hul Engelse woordeboek staan tot hui diens.

In die geselstaal is daar baie woorde van Franse afkoms wat net so goed as dié van Germaanse herkoms verstaan word, soos *kollekte, stasie, produkte*, ens. By samestellings kry die Franse woord—nie juis altyd nie—gewoonlik die voorkeur bo die Germaanse vorm, soos *konsensiewerk*, maar ook *gewetesaak, treinstasie, sendelingstasie*, maar *veepos*. Vir *produktewinkel, negosiegoed, kerstafabriek, kerkkollekte*, ens., bestaan daar haas geen wisselvorms in die spreektaal nie.

Ons het reeds daarop gelet dat as iemand 'n vreemde taal leer wat hy nog nie goed kan praat nie, dan gebeur dit te dikwels dat hy die slepende uitgange weglaat, en dan kom nog hierby dat die Franse taal geen slepende uitgange besit nie. Dus het ons goeie rede om te vermoed dat invloed uit hierdie rigting ook baie bygedra het om Afrikaans uit Hollands van die 17de eeu te vereenvoudig. Miskien het die Hugenate ook meegehelp om die dubbele ontkenning—net soos in Frans—te bestendig, terwyl dit uit Hollands verdwyn het.

Ook het ons daarop gelet dat die Duitsers nie so danig geheg aan hul geboorteland of taal was nie, en dat hulle heel onverskillig was om Duitse name aan hulle besittings te gee. Ons tref wel hier en daar 'n Duitse naam vir 'n plaas in die Boland aan, maar dit sê nog nie veel nie. Dit weet ek uit ondervinding, as landmeter wat baie in die Boland gemeet het en ook as Landmeter-Generaal van die ou S.A. Republiek, dat plaasname nie altyd deur die eienaars self gegee word nie. By voorbeeld op die Hoëveld van Transvaal, ook in die distrikte Lydenburg, Waterberg, Soutpans-

berg, ens., vind ons name vir plase wat haas die hele landkaart van Europa sal uitput. Hierdie vreemde name is gegee b.v. deur mnr. W. Buhrman, Jacob Middel en ander plaasinspekteurs wat in Europa gebore is. Ook het die Duitsers nooit 'n petiesie—soos die Hugenote—aan die Kaad van Sewentien ingestuur om hul taalregte as burgers te behou nie. Die Franse was meer geheg aan hul taal in kerkdiens, vandaar dié versoekskrif; ook het die Hugenote in baie gevalle Franse name aan hul nuwe grondbesittings gegee—soos blyk uit die grondbriewe en kaarte aan hulle verleen. Hier volg 'n lysie van sommige plaasname van hul eiendomme in die Pêrelse distrik geleë: —

La Terre de Luc, Cabrière, La Motte, La Cotte, La Provence, La Dauphiné, La Parisa, Parys, Labori, St. Omer, La Colligne, Champagne, Pontac, Calais, Non Pareille, Orleans, Valencia, La Roche, La Rochelle, L'Arc d' Orleans, L'Ormarins, Rhône, La Plaisir de Merle, Normandie, Le Bonheur, Nantes, St. Martin, ens.

Baie plase aan die Hugenote het ook Hollandse name ontvang; so heet b.v. die plaas aan die Du Toits hul stamvader verleen *Kleinbos* (wat voor *Dutoitskloof lê*).

Onder die strawwe vervolging in Frankryk was dit baie moeilik gemaak vir Protestante om te ontvlug. Selfs sonder vertroubare vrinde was dit uiters moeilik om hul geloofsbelydenis geheim te hou—wat nog te sê, om uit die land oor die grense te ontsnap. Dit is miskien hierom dat die meeste Hugenote vrymesselaars geword het. Onder hulle was sommige wat in die dertig vrymesselaarsgrade gehad het, soos b.v. Paul Roux, E.O.D.W.S., wat die graad van die *Rosekruis* behaal het—'n graad wat etlike jare neem om te verwerf en 'n Jood nie kan verkry nie, omdat hy in die versoeningsdood van Kristus nie glo nie. Soos ons weet, het die Pous 'n banvloek oor vrymesselaars uitgespreek, omdat by 'n volkome biege 'n openlike belydenis verhinder word. Daar dit gewoonlik nie die gebruik by vrymesselaars is om op grafstene aan te kondig dat die oorledene een van die broederskap was nie, is die rede alleen aan hulle bekend gewees waarom hulle aan die nageslag die geheim geopenbaar het. Wie hom hiervan wil oortuig, gaan na die Vlugtelingkerkhoffie in Franshoek; en daar staan dit op die grafstene uitgekop. Sien ook §75.

Wanneer ons noukeurig die name lees soos op die grafklippe in die Franshoekse en Daljosaphatse kerkhove uitgekop is, en soos dit in §75 aangegee word, dan sal ons

dadelik bemerk dat reeds toe die Hugenote nog geleef het, met die verknoeiing van die uitspraak van name begin is. Dat die name verkeerd deur vreemdelinge uitgespreek is, laat hom gemaklik verklaar; maar waarom die persone, hul famielie en vrinde die name volgens verkeerde uitspraak geskrywe het, is nie so maklik verklaarbaar nie. Want hulle was immers geen skelms om hul identiteit te verberg nie, nog minder hoef hul vir verder vervolging te vrees nie. Dit is om hierdie rede dat ek die naamlys publiseer om aan te toon dat dit in Suid-Afrika in daardie dae nie lank geneem het om woorde te vervorm en anders te skrywe nie.

§12.—HOTTENTOTSE INVLOED.

Ons kom nou tot 'n onderwerp waaroor al baie gere-deneer is. Die teenstander van die Afrikaanse taal beweer dat Afrikaans 'n Hotnotstaal is; die geesdriftige verdediger verval tot die ander uiterste en wil Hottentotse invloed totaal wegedeneer. Maar om 'n onpartydige oordeel te vel sal dit nie help om die ware toedrag by die skryftafel uit te veg nie. Die regte weg om te volg, is: Reis deur ons land met ope ore en let op die algemene spraak in distrikte waar Hottentotte as bediendes gebruik word, en dan weer na die taal van die streke waar Kaffers die werk verrig.

Om te verklaar dat Afrikaans 'n Hotnotstaal is, is so onsinnig as om te beweer dat Engels 'n Indiese taal is, daar in Engels meer Oosterse woorde gevind word as Hottentotse woorde in Afrikaans.

Die Afrikaner het nog altyd hom te hoog bo die inboorlingrasse beskou; daarom vind ons op die platteland byna nooit 'n huwelik tussen Afrikaner en inboorling nie; ook beskou hy hom te goed om met inboorlinge 'n intieme gesprek te voer. Maar die inboorlinge is die bediende-klas in Suid-Afrika, en aan bediendes moet bevele afgegee word; ook moet geluister word na wat hulle te vertel het; dan het die blanke kinders en dié van inboorlinge saam op die werf gespeel. So spreek dit vanself dat daar wel gedagtewisseling om hierdie redes tussen blankes en gekleurdes van altyd af bestaan het.

By ondersoek sal dit duidelik blyk dat die inboorlinge—hoe gering ook—'n direkte sowel as 'n indirekte invloed op ons spreektaal uitoefen, en uitgeoefen het. Die weinige direkte invloed is, dat ons woorde van hulle oorneem en

oorgeneem het; en die indirekte invloed is dat hulle ons woorde laat gebruik wat nie juis uit hulle tale oorgeneem is nie, maar wat ons miskien onder ander omstandighede anders sou gekies het.

Die inboorlinge waarmee ons te doen het, is Hottentotte, Kaffers en Boesmans; en daaglikse omgang met hulle as bediendes het 'n baie geringe invloed op ons spreekwyse uitgeoefen.

Van al die ou inwoners van Suid-Afrika waarmee die blankes in aanraking gekom het, is die Hottentot die eerste. In die tyd van die Oos-Indiese Kompanjie is daar handel met die Hottentotte gedryf. Daardie handelaars was nog nie so met inboorling-gewoontes bekend as die later geslagte nie; dus was hulle plek-plek onhandig en het toegee waar hulle soms moes vasgetrap het. Die Hottentotte het in daardie dae as 'n selfstandige nasie opgetree en kon dinge order soos hulle dit wou hê. Vir eie voordeel is handelaars baie gedienstig en toegewend en neem baie woorde van die inboorlinge oor om by smous te gebruik. Van Riebeeck het ons hiervan verskeie voorbeelde in geskrif nagelaat.

Maar dit was die Kompanjie wat allenig met die inboorlinge mag handel drywe; dus was dit hul amptenare wat eerste die Hottentot se taal geleer het en nie juis die vryburgers nie, wat slawe van ander nasionaliteite in diens gehad het. En soos ons reeds daarop gelet het, het Afrikaans sy vorm aan die platteland te danke en nie aan Kaapstad, die seehawe, nie.

Wanneer ons dus ag slaan op die woorde wat Afrikaans uit die Hottentotse taal ontleen het, dan is dié, met uitsondering van uitroepe, veldkos, plaas- en diername, meesal name wat vir die handel geskik is—en dié is maar tot 'n paar artikels beperk, soos b.v. *karos*, *kierie*, *boegoe*, ens. So kan aangeneem word dat die handelstaal tussen Hollander en Hottentot net bestaan het vir handelsdoeleindes, wat niks met die spraak van die vryburgers te doen gehad het nie.

Soos ons uit die geskiedenis weet, het pokkies amper al die Hottentotte in die onmiddellike nabyheid van Kaapstad uitgeroei; en 'n groot deel wat toe gesond geword het, het met oorgeblewe stamgenote noordwaarts die land ingetrek, waardeur hulle invloed op Afrikaans in sy wordingsperiode tot 'n mienimum gedaal het. Met dit alles voor ons is daar aanduidings genoeg dat Afrikaans geen Hotnotstaal is nie—ook die geringe woordeskat bevestig dit. En die

Hottentot-woorde, wat in ons taal ingeburger het, is later ook vir 'n groot deel daarvan deur die Engelse in hul woordeboek opgeneem.

Wat Boesman-invloed betref, vind ons dat dit net vir plaas- en plantname geld. Die Boesmans wat naby Kaapstad gedwaal het, is deur die Hottentotte na die omliggende gebergtes verdryf. So word nog deur die famielie Du Toit vertel hoe 'n klomp Boesmans in Dutoitskloof gewoon het, hoe die pokkies almal uitgeroei het behalwe een kleinjong, wat uitgehonger na die plaas Kleinbos aangestap gekom het, en hoe hy vir jare daar gewoon het. Met die Boesman het die burgers in die Boland dus nie in aanraking gekom nie, en so het hulle taal geen invloed op Afrikaans kon uitoefen nie. In Boesmanland en Namakwaland tref ons die meeste Boesman-woorde aan, waarvoor ons later breedvoeriger sal uitwei wanneer ons die spraak van daardie twee distrikte bespreek.

Maar die voorttrekkende burgers het verderaan in aanraking gekom met Hottentotte wat in die binnelande gewoon het; die Hottentotte het ook deels van veldkos gelewe waarvoor die blanke nog geen name gehad het nie, soos *kambro*, *ghaap*, *koesnaatjie*, *noem-noem*, ens. Terwyl die blankes dié gewasse bloot as inboorling-voedsel beskou het, so het hulle die moeite nie gedoen om Afrikaanse name daaraan te gee nie. Kinders hou ook van dié soorte veldkos as lekkernye en was met die inboorlingname net so tevrede as met die veldkos self. Op hierdie manier het daar geen Afrikaanse name gevolg nie—dis maar die hele wêreld oor: 'n lekkerny kan nie heerlik smaak nie of dit moet 'n vreemde naam hê, soos *joejoeps*, *tjou-tjou*, *tammeletjies*, *turkish delight*, en so meer—almal vreemde name wat natuurlik nie aan die Hottentotspraak ontleen is nie.

So ver ek die vier Provinsies van die Unie deurreis en aantekeninge gemaak het, kon ek maar 'n skraal oes van Hottentotse woorde wat in algemeen gebruik is, insamel. Uit my aantekenboekies het ek 'n lysie van sodanige woorde neergeskryf en dit aan mevr. A. Winifred Hoernlé, lektriëse aan die Uniwersiteit van die Witwatersrand, gestuur en haar vrindelik versoek om uit te vind in hoe ver dié woorde van Hottentotse oorsprong is—daar sy met die Nama-Hottentots of Namakwa-Hottentotse spraak goed vertrou is. Welwiltend het sy my tegemoet gekom en hieronder volg die lysie wat ek haar gestuur het. Maar alvorens die lysie te

behandel, wil ek die leestekens daaraan verbonde eers verklaar:—

- / staan vir suigklank (click) teen die voortande (dental click).
- || staan vir die dwars suigklank (lateral click).
- † staan vir die suigklank teen die verhemelte (palatal click).
- l staan vir die agterste suigklank (cerebral click).
- × het die klank van *ch* in Hollands.
- oor 'n klinker beteken dat dit lank is.
- ~ oor 'n klinker beteken dat dit genasaleer word.
- × oor 'n klinker dat die klank van die lettergreep lank is.
- z oor 'n klinker dat die toon middelmatig is.
- √ oor 'n klinker dat dit sterk beklem word.

Die verkeerde klem op 'n lettergreep of woord gee daaraan 'n verskillende betekenis. So is dit van besonder belang om die regte klem te gebruik. Hier volg nou wat mevrou Hoernlé aan my meegedeel het:—

„Ek stuur die lys van woorde terug aan u met my aanmerkings daarby. Baie van hulle is welbekende Hottentotse woorde in alledaagse gebruik. Die ander mag Hottentotse woorde wees wat lank gelede mag gebruik gewees het, maar hulle word nou nie meer gehoor nie. *Garra* is 'n Boesman woord, en ander in u lys mag ook Boesmans wees. Dit spyt my dat ek nie meer van die woorde kan herken nie; ek weet van geen Hottentotse woorde wat die betekenis voorstel nie. Ek beskou u manier om die Hottantotse gelykwaardige woorde aan te toon 'n goeie een, en dit is seker baie interessant om te weet watter woorde oorgeneem is. *Xa!* is 'n uitroep wat ons kinders dikwels gebruik het as ons iets onaangenaams ruik. Dit is 'n Hottentotse uitroep. Word dit ook nie in Afrikaans gebruik nie? (Ja wel, ons hoor dikwels *ga!* uitroep by so 'n geleentheid.—Die Skrywer).

„Ek sien met verlange uit na u boek, dit sal seker 'n belangrike en nuttige werk wees.

„Ek meen dat *lgei* is die regte Hottentotse woord vir die klein akkedis wat *geitjie* genoem word. Die Hottentotte laat dikwels die eind-*p* of *-s* weg wat die uitgange is om die geslag aan te dui. Ons het dan *lgei* en die Afrikaanse verkleinwoord *tjie*.”

Nou volg die lys woorde wat ek aan mevr. Hoernlé gestuur het. Haar aanmerking word tussen [] aangehaal en (P) beteken dat die woord haar in die Hottentotse taal on-

bekend is, of in eerw. Krönlein se Woordeboek nie te vind is nie.

Abá of *abba* (om 'n kind agter die rug te dra) [*abá* met dieselfde betekenis].

Arrie! (uitroep as iets iemand byval) [*aré!* 'n uitroep].

Aits! (uitroep) [*aits!* 'n uitroep].

Aitsa (uitroep) [*aitsa!* 'n uitroep].

Ankas (verspot) [*anXa*].

Abiekwa (boom) [?].

Baroe (veldkos) [*baru?*] Die *u* word soos in Duits *oe* uitgespreek.

Boegoe (veldkruie) [*buXu*].

Dawwetjie (medisyne) [?].

Eina! (uitroep vir pyn) [?].

Gorra (musiekinstrument) [Boesman-woord].

Gorê (gaatjie water gegrawe in rivierbedding) [*Xorá*].

Ghwarrie (bos of boom) [?].

Ghaap (veldvrug) [*gab*]. Die *g* word as *g* in Engels *go* uitgespreek.

Ganna (loogbossie) [*gàna*].

Gonna (bakkersbos) [?].

Gogga (insek) [*XoXo*].

Gnu (swart-wildebees) [nie Hottentots nie].

Hait! (uitroep) [*heit!* uitroep].

Haitsa (uitroep) [*heitsa!*].

Hoeka (lankal) [*huga*].

Kaambessie (veldvrug) [*am* plus Afrikaans *bessie*].

Karee (boom) [*ari*].

Krie (moer vir gisting) [*ari*, werkwoord].

Kierie (wandelstok) [nie Hottentots nie].

Karos (velkometers) [*khôros*, 'n klein velletjie].

Kambro (veldkos) [/ *amareb?*].

Koedoe (wilde bok) [nie Hottentots nie].

Kwagga (wilde esel) [*goa x ab*].

Kakoer (wilde waatlemoen) [?].

Narra (veldvrug) [! *naras*].

Noem-noem (wilde bessie) [*num-num*].

Nadroe (maanhaar-jakkals) [?].

Oorbietjie (wildbokkie) [?].

Sonkwa (dekriet) [? *sonkoa*].

Tatgai (veldkos) [?].

Tjokker-, *tjoo-*, *koovoël* (lammervanger) [?].

Koesnaatjie (veldkos) [?].

Ajoos, *oeltjie*, *nambosie* (duiwelsnuif) [?].

Vir meer Hottentotwoorde word verwys na §38 (A), §38(B).

As ons bostaande lys woorde goed bestudeer, dan sal iemand wat Groot-Namakwaland goed ken, dadelik verklaar dat plante soos *ghwarrie*, *abiekwa*, *gonnabos*, *koesnaatjie*, ens., wat met (?) gemerk is, nie in Namakwaland groei nie. Dan weer kan gevra word, het die Hottentotte van Groot-Namakwaland dieselfde dialek as hul stamgenote aan die Kaap gepraat? Ou Hottentotte beweer „nee”.

Baie plekke het hul Hottentot-name behou, soos *Prieska*, *Tarka*, *Karo*, *Keisie*, ens. So ook is dit die geval met Boesmanname soos *Okiep*, *Ghwaggas*, *Norab*. Kyk maar op die landkaart van Boesmanland en Namakwaland en genoeg voorbeelde sal gelewer word.

Wat die gebruik van Hottentotwoorde betref, moet nie uit die oog verloor word nie dat dit meesal van plaaslike aard is—so by voorbeeld is *ghaap*, *koesnaatjie*, *narras*, *ghwarrie*, ens., in die Boland, Vrystaat, Natal en Transvaal heeltemal onbekend. Ook word sulke woorde as *hoeka*, *arrie!* *ankas*, *heitsa!* ens., selde of nooit in Transvaal gehoor nie. Dus, as ons 'n sifting maak van die Hottentotwoorde wat op verskillende plekke in ons land gehoor word, en net dié neerskryf wat in algemene gebruik is, weet ek nie of ons tien sal kry nie—plaasname uitgesonder. Sommige taalgeleerdes gee 'n langer lys aan, maar dink nooit daaraan nie dat die meeste slegs in beperkte kringe gangbaar is. En dit is so menslik om die lys so uitgereg te maak as moontlik om vertoon te maak—wat die waarde van so 'n vertoon is, is van minder belang.

Dit is nie so seer die direkte invloed nie, maar die indirekte invloed van die Hottentotse taal wat deur taalgeleerdes bestudeer moet word.

Dan is daar sommige persone wat van oordeel is dat Hottentotte woorde van Kaffers geleen het, maar die geografiese verhouding tussen die twee rasse pleit nie erg daarvoor nie—tussen Kaffers en Hottentotte het 'n groot strook neutrale gebied bestaan, waarop slegs Boesmans geswerf en gejag het; die blankes het eers by Groot-Visrivier in aanraking gekom met die voorposte van die voortdringende Kosa-Kaffers.

Nou bly daar nog die wenslikheid oor om die aandag op enige Hottentotse woorde te vestig:

Tjokker is 'n ander verdwynende benaming vir die lammervanger of koovoël en word nie op 'n uitgebreide op-

pervlakte gehoor nie. As kind het ek in Agter-Pêrel die Hottentotvolk van iemand met 'n groot neus hoor praat: „Hy het 'n *tjokkerneus*”, maar ek het dit vir humor opgevat sonder die woord aan 'n bepaalde iets te verbind. Enige jare het my vader gewoon aan Klein-Bergrivier, Tulbagh, en daar het ek ou Adam, die Hottentot, hoor praat van 'n *tjokker* wat 'n lam gevang het. Van my vader, aan wie die ou bokwagter dit vertel het, vra ek watter dier dit was, en hy deel my toe mee dat dit 'n ander benaming vir 'n lam-mervanger is. Van toe af het ek die woord onder blankes sowel as gekleurdes verskeie male hoor gebruik. Ou Adam en Willem, albei by pa in diens gewees, kon die Hottentotse taal praat, en hulle het my verseker dat dit 'n ou Hottentotse benaming vir die voël is. Die benaming *koovoël* is oor 'n groter oppervlakte bekend—vernaamlik in die Karo. Eerw. Pettman noem die naam ook, maar spelle dit *Coo vogel* en sê daarvan in *Africanderisms*: “The Senegal eagle, *coo vogel* of the Boers (*Aquila senegala*) was another familiar eagle with us. (Bryden's *Kloof and Karoo*, p. 150, 1889).” Wie in Montagu woon, ken die Koo en Keisie (albei Hottentotse plaasname)—en daar het ek ook verskeie aantekeninge vir *Ons Geselstaal* gemaak.

Ghwarrie is 'n bos wat in die Karo-streke groei en lewer die lekker *ghwarrie*heuning. In Knysna en Port-Elizabeth word ook van *ghwarrie*boom en *ghwarrie*hout gepraat, en sover ek ondersoek ingestel het, is dit 'n Hottentotse benaming—reeds bekend uit die ou dae. Kaffers het verskeie woorde van Hottentotte oorgeneem—baiemaal deur Boerinvloed, soos waarskynlik die geval met *i-goede* vir *koedoe*—maar afleidings val buite ons beskouing.

Kakoer, as benaming vir 'n wilde waatlemoen, is minder bekend in gewestes waar Kaffers die bediendes uitmaak, en word baie gebruik in streke waar Hottentotte woon.

Tatgaai is 'n knolgewas wat aangetref word op plekke waar dit nat en dan droog word; dit was in my kinderjare in die Boland algemeen bekend, net soos *vinkel*, *anyswortels* en *baroe*.

Baroe, 'n klein melkerige knolletjie, is ook in die Karo bekend en is glad iets anders as *kambro*, wat in die Boland nie groei nie.

Kambro word so groot as 'n patat, is ook melkerig, besit ná reëns 'n aangename smaak en verslaan die dors; dit word in Karo-streke aangetref; in tyd van droogte is dit sponserig.

Ghaap groei in die Karo en Hantam; gewoonlik groei dit in die skaduwee van klein bossies. Die blare, so groot soos mansvingers, is vierkantig en besit 'n soetbitter smaak.

Ganna (of loogbos) is 'n litterige bossie, vandaar ook *litjiesganna*. Die as word gebruik vir die maak van seep en rosyntjies.

Gonnabos is glad 'n ander soort bos wat in die Boland groei; dit word baie gebruik om oonde mee warm te maak, vandaar die ander benaming van *bakkersbos*. Een stam Boesmans heet ook die Gonna-Boesmans; of dit die algemene naam is, kan ek nie met die minste sekerheid sê nie, daar ek dit slegs 'n paar maal plaaslik gehoor het.

Kamma is 'n woord ook deur volwasse persone gebruik, maar meesal deur kinders in die betekenis „verbeel jou”; dus: „Dis *kamma* so” staan gelyk met „verbeel jou dis so”. Wanneer die kinders heel vertroulik en liefies met mekaar omgaan, dan is dit: „Dis *kammatjies* so”, of „Dis *kammalielies* so.” *Kamma* en *kammatjies* word meer in die Boland gehoor, terwyl *kammalielies* meer die vorm is van die binnelande en noordelike deel van die Unie. Deur ondersoek na die rede vir aanlassing van die uitgang *lielies* kon ek geen ander uitleg kry nie as dat dit maar dieselfde krag het as *tjies* in *kammatjies* om 'n verkleinwoordjie van gemeensaamheid en vertroulikheid te maak; dus is die aanvoeging van *lielies* bloot kindertaal.

Opvallend is dit dat in gedeeltes van ons land waar Hottentotte diens doen, die klankverandering van woorde sterker waargeneem word as waar Kaffers diensbaar is. Ook sal ons in Hottentotse gewestes meer wisselvorms vir een en dieselfde Afrikaanse woord hoor as waar Kaffers tussen die blankes woon—dit kom vernaamlik duidelik uit in Namakwaland, waar Hottentotte en Boesmans woon, vergelyk met Natal, waar Kaffers is.

Langsaam word daar 'n einde aan al die indirekte invloed gemaak, omdat Afrikaans teenswoordig op skool geleer word, waarvan kleurlinge sowel as blanke voordeel trek, en waardeur die kleurlinge se spreektaal dan beter word.

§13—UITWERKING VAN VERWYDERING UIT VADERLAND.

Verwydering en afskeiding is die paaie na selfstandigheid. Die eerste Hollandse koloniste in die buiteland

was feitlik van Kaapstad en die Vaderland afgesny en het toe, in stede van die suiwer Hollandse taalklanke te hoor, die woorde deur Duitsers, Franse en die slawe hoor uitspreek. En dit is wonderlik hoe gou die oor aan iets vreemds gewend word, of liewers, hoe gou die oor iets kan afwen. Die tong in die uitspraak reël hom na die gehoor. Hiervan kan ons geen beter voorbeeld vind nie as iemand wat as jongeling byna doof geword het: hy spreek dan altyd meer en meer onduidelik, omdat hy die gewone klanke nie meer suiwer kan hoor nie.

Dit was eintlik nie letterlik die geval met Afrikaans nie; af en toe het wel nuwe burgers van Hollandse afkoms tussen die ouere koloniste kom woon, maar daar was so 'n menigte wat reeds meegehelp het om die suiwer Hollandse klanke anders en eenders te praat dat hulle ook spoedig—net soos vandag nog Hollanders doen—die nuwe spraak nageboots het; dus, almal het maar die wyse van uitspraak gevolg, en so het die Afrikaanse taal sy begin maak. Afrikaans moet dus beskou word as 'n steggie van die ou Hollandse boom wat deur nuwe tuiniers op ander bodem, in 'n ander lugstreek en in ander omgewing geplant is en opgegroeï het.

Maar die taal in Holland het daar ook self nie stil bly staan nie, het daar ook die werking van taalwette ondergaan, en het nog sterker as Afrikaans van die ou moederstam van die 17de eeu afgewyk. Dit is dus onbillik van die teenstanders van Afrikaans om die taalwette te minag en te wil hê dat twee volke wat van mekaar verwyder is, gedurig dieselfde rigting van dink en uitdrukking moet volg. Vergelyk b.v. die taal van Jacob Cats (1577—1660) en dié van Joost van den Vondel (1587—1679) met die Afrikaanse spreektaal, en dan weer met die teenswoordige Nederlands; dan sal dit duidelik blyk dat ons nader aan die ou moederstam as Nederlands staan.

Wat hierdie feit so vreemd laat voorkom, is dit: Die Hollanders in Nederland het daar groot boekerye al die tyd tot hul beskikking gehad, terwyl hier in Suid-Afrika die burgers van so 'n voorreg verstoke was, en hulle had dus minder leesstof wat hulle aan die lektuur van die 17de eeu gebind het. Feitlik het die enigste lektuur van die plattelandse bevolking bestaan uit die Statebybel, Psalmboek, enige predikasieboeke en skoolboeke. En hierdie boeke moes hulle nogal in die buite-negosiewinkels teen hoë pryse koop; want in daardie tyd was daar geen boekwinkels in

ons land nie; eers later in 1853 het mnr. J. C. Juta, 'n Hollander, 'n boekwinkel in Waalstraat, Kaapstad, geopen en hy is kort daarop deur 'n ander Hollander, mnr. Bellinfante, gevolg, wat met 'n dergelike onderneming op die Groenteplein, Kaapstad, begin het—maar geeneen van hulle het takbesighede gestig nie.

Die posverkeer in daardie tyd was nie alleen baie gebrekkig nie, maar het ook tussen verskeie van die vername plekke nie bestaan nie, en was daarby baie duur, daar op briewe alleen vier pennies posseëls moes geplak word. Dus het die posverkeer, in vergelyking met wat dit vandag is, glad nie aan landbehoefte voldoen nie en het die versprei van leesstof inlands belemmer; en later het die behoefte vir lees opgehou, wat natuurlik die spreektaal tot groot nadeel kon gestrek het as die Bybel en Kerk nie daar was nie. Betyds het die ou Genootskap van Regte Afrikaners die saak moedig aangepak en het in 1876 begin met die uitgee van *Die Afrikaanse Patriot* en die versprei van duisende boeke, wat deur hulle baie goedkoop gedruk is. Voor hierdie historiese gebeurtenis was die bevolking op die ver afgeleë binnelande as doofstomme wat die skryftaal betref—Hollands het hulle nie geleer nie, en Afrikaans was nie erken nie.

Al sou ons voorgeslag die Hollandse boekerye tot hul volle beskikking gehad het, dan nog sou dit hier in Suid-Afrika die Hollandse spraak van die 17de eeu miskien net so min gered het as wat die Latynse boekerye in Italië, Frankryk, Spanje, Portugal en Engeland (gedurende die Normandiese regering) daarin geslaag het om die teenswoordige tale van daardie lande nie tot selfstandigheid te laat ontwikkel nie. Want die taal gaan met die ontwikkeling van die volk mee, en gedurig word nuwe eise aan 'n taal gestel.

Die skryftaal beeld slegs deur lettertekens die gedagte in geskryf uit, sonder om die klanke of uitspraak in tekens te bewaar. Die briefwisseling tussen Suid-Afrika en Holland kon hul dus ook nie gered het nie. Dit het heel moontlik toe gegaan net soos met meisies op skool in ons tyd: Wanneer een die skool verlaat, beloof sy om aan haar twaalfstal intieme vriendinne gereeld te skryf. Hoe staan die korrespondensie ná 'n jaar of twee? Die meeste het opgehou om te skryf; en dié wat nog volhou, plaas die ver naamste nuus in kort bewoording in 'n naskrif. Ná verloop van nog 'n jaar of so, dan het die hele briefwisseling doodgeloop. Uit mededelings deur ons oumense het dit

met hulle en hul voorouers niks beter gegaan nie—almal voer die voorwensel aan: gebrek aan tyd om sosiale pligte te vervul. Die toestand het daartoe aanleiding gegee dat die eerste geslag wat op Afrikaanse bodem gebore is, glad nie meer na Europa geskryf het nie; en dit het 'n einde aan „home” gemaak, wat voorwaar as een van die voordele van verwydering kan opgenoem word.

Onderwyl het Hollands in Nederland aangegroei; en met hul hoër skole en uniwersiteite, asmede met hul letterkundige kringe, beter taalinrigtings en boekerye het die Hollandse taal vir Afrikaans in baie opsigte ver vooruitgegaan. Maar weer in ander opsigte het Afrikaans haar Nederlandse suster ver uitgestof deur suiwer Germaanse name en uitdrukkings te skeep waar hulle in Holland nog met vreemde woorde sukkel. By voorbeeld, ons het twee name, *trapsoetjies* en *verkleurmannetjie* vir *chameleon*, wat die Hollanders aan die Franse taal ontleen het; ons het ook *vuurhoutjies* vir *lucifers*, wat die Hollanders aan Latyn te danke het; dan het ons nog *swawelhoutjies* (Engels *tanstikkors*) en ook *swawelstokkies* (houtjies in swawel gedoop om 'n vlam te verkry wanneer dié teen brandende tonteldoek of 'n kooltjie vuur gehou word). So het ons nog *garingboom*, *veer-dalia*, *soetemaling*, *Jakob-regop* en 'n menigte ander blomname uitgedink, terwyl die Hollanders hulle tevrede stel met kuns- en vreemde name.

Ons merk dus dat verwydering een van die kragtige middels was, en is, wat Afrikaans en Hollands van mekaar geskei het.

Daar die burgers van Suid-Afrika so dun oor die hele land versprei was, kon hulle nie letterkundige verenigings op die platteland stig nie; so moes Afrikaans maar langs die natuurlike weg sy eie pad vind—en hy het dit gevind.

§14—INVLOED VAN NUWE OMGEWING EN TOESTANDE.

Ons kan al die invloede wat ons bespreek, onder bostaande hoof plaas. Want ons het reeds daarop gewys dat die ou burgers die taal uit die monde van soveel vreemdes (wat met die slawe saam in die meerderheid was) moes hoor. In hierdie geval het die nuwe omgewing sterk gewerk. Ons het ook daarop gelet dat die Afrikaanse taal klaar gevorm was toe die koloniste nog tussen die see en Bergrivier gewoon het. Nou gaan ons die trekkers volg op hul uittog na die binnelande, alwaar hulle weer met 'n

splinternuwe omgewing en ander toestande in aanraking gekom het. Dit kan 'n tweede tydperk in die Afrikaanse taalgeskiedenis genoem word. Dié tydperk dat die Boer 'n Boertaal gemaak het. Dié tydperk dat Afrikaans op die vlaktes en tussen berge hom dubbel verryk het. En dié tydperk dat Afrikaans alle bande vir 'n lang tydverloop met Europa kort afgebreek het—sal ons ook byvoeg, met Nederlands? Nee, nie met die Statebybel met sy suiwer taal, skone woorde en uitdrukkings, wat so verhewe, so beeldryk, so eenvoudig en tog so indrukwekkend uit sy volheid tot verlangende harte spreek nie. Die bybeltaal was die enigste vlam wat die gloed van Nederlandse invloed helder laat skyn het. Weliswaar het die betekenis van baie woorde daarin, soos *verzenen*, *rondas*, *beukelaar*, *gierst*, *welp*, ens., vir die trekkers verlore gegaan, omdat dié deur Afrikaanse woorde vervang is. Ons kom later op hierdie onderwerp meer volledig terug.

Soos ons reeds opgemerk het, moes die nuwe voorwerpe name hê en vir bykomende omstandighede moes paslike uitdrukkings geskep word. Nou is die periode vir afwykings in spreektaal gebore, daar die trekkers hul oor die hele land in alle rigtings versprei het. Nou is dit nie meer verwydering uit vaderland alleen nie, maar ook van landgenote en landgenote. Langs ongemaakte paaie, oor berge en vlaktes heen, deur riviere sonder brûe was die o-sewa die staatmaker en die enigste veilige middel van verkeer om die lang afstande af te reis. Maar wie kon vir 'n lang tyd sy veewerwe verlaat om te gaan kuier? Die land was te onveilig: daar was te veel veediewe, en ook roofdiere het orals rondgeswerf. Dus, streng waking teen hulle het die boer aan sy plaas verbind—vandaar die onbillike bewering: Die Boer is 'n huislêer.

Nie baie jare het oor hul hoof gegaan nie, of Swellendam en die suidelike kusstreke, Graaff-Reinet en die binnelande, Calvinia met die Hantam, Boesmanland en Namakwaland was dun bevolk deur blankes. As hulle toe nog nie 'n vaste spraak van hul eie gehad het nie, sou dit vir hulle treurig toegegaan het om toe eers 'n algemene taal te ontwikkel.

So het baie van die partye op ver afstande van mekaar in aanraking gekom met een en dieselfde nuwe voorwerp; en watter moontlikheid het daar toe nie bestaan om daaraan dieselfde naam te gee nie waarmee die hele volk dit so sou noem? Hier bied 'n skone geleentheid hom aan om

maar die inboorlingnaam aan te neem; dog die burgers het dit benede hul waardigheid beskou en wou van hierdie aanloklike kans nie gebruik maak nie, maar het hul vindingrykheid aangewend om, met weinige uitsonderinge, Germaanse name uit te dink—in hul aard was hulle op taalvermenging teë. Die opneem van sulke woorde het hulle vir te „volkagtig” beskou. Hierdie gedagte van te „volkagtig” het baie bygedra om Afrikaans van inboorlingwoorde vry te hou. So menigmaal was die kinders verbied—soos nou nog in ons dae—om nie soos die kleurlinge te praat nie.

Aan die verhuising na die binneland is die volgende woorde te danke, wat oor die hele land so genoem word—en dit is tog maar een persoon wat die voorwerpe so die eerste genoem het:

Apiesdoring, asgaaihout, blinkblaar, boekenhout, haak-en-steek, blouhaak, kameelboom, koorsboom, kaffewag-'n-bietjie, sekelbos, soetdoring, swarthaak, els, geelhout, nieshout, stinkhout, hardekoel, keurboom, krimmetartboom, olienhout, silwerboom, sandolienhout, terpen-tylboom, waboom, hardepeer, seepbasboom, en nog die menigte ander boomsoorte wat in ons houtbosse aangetref word.

Hier volg enige name van bossies en struik: *Anosterbos* (ook *renosterbos*), *bakkersbos*, *jakkalsbos*, *kersbos* (ook *kraaibessiebos*), *krentebos*, *slangbos*, *suikerbos*, *taai-bos*, *tontelbos*, *vaalbos*, *wolwedoring*, *driedoring*, *vyebos*, *blomkoolbos*, *brakbos*, *swawelbos*, en nog 'n reeks ander—te veel om te noem.

Veldkos het ook buite hul inboorlingname Afrikaanse gekry. Uintjiesoorte, soos *bobbejaan-*, *patrys-*, *raap-*, *teer-*, *wateruintjies*, ens. Wortels heet: *vinkel-*, *anys-*, *melkwortel*. Peulvrugte: *bokhorinkies*, *knikkers*, en so meer. Ander veldvrugte het meesal die toevoeging van *wilde*, soos *wilde-appelkoos*, *wildeperske*, *wildepruim*, *wildekastaiing*, ens.

Verskeie bome, bossies en diere het, vir die grap, onbehoorlike name van onkuise persone ontvang; hoe tiepies die benaming ook al mag wees, tog pas hul nie in fatsoenlike geselskappe nie; gelukkig het beter opgevoede persone daarvoor welvoegliker name uitgekies, soos *kanneljieboom*, *hondebossie*, *knoppiesdoring*, *groot wipstertmier*, *waterbok*, *stinkmuishond*, *witboom*, ens.

Die wonderlikste is dat een en dieselfde voorwerp op

verskillende plekke nie verskillende name ontvang het nie; in sommige gevalle het dit wel plaasgevind, maar dan is meesal al die name aan al die burgers bekend. So hoor ons die naam *jangroentjie* naas *suikerbekkie* en *suiker-voëltjie* deur een en dieselfde spreker gebruik; so ook in die meeste gevalle *laksman*, *fiskaal* en *janfiskaal*; *kokkewiet* en *bokmakierie*; *trapsoetjies* en *verkleurmannetjie*; *ouvolk* en *skurwejantjie*; *sonbesie* en *boomsingertjie* (in Karo *doringbesie*); *koning-rooibekkie* en *langstertjie*; *klap-klap-pie* en *dirk-dirkie*; *janfrederik* en *jantatra*, *kaffervink* en *borrelvink*, *keurtjie* en *kankerbossie*, ens. Maar tog wil ek erken dat een van die twee of drie benaminge die voorkeur geniet op dié plekke waar die woorde gebruik word.

Met dit alles kom daar tog gevalle van verwarring voor; laat ons eers let op waar twee verskillende voorwerpe een en dieselfde naam in twee verwyderde streke ontvang het.

Langs Bergrivier, Palmietrivier, Vierentwintigrivier, Breërivier, Olifantsrivier en langs riviere in Caledon tot Riversdal groei 'n plant (*Prionium serratum*, of *P. palmita*) wat in daardie streke die naam dra van *palmiet* of *polmiet*. Hierdie plant is in die binnelande, Vrystaat, Transvaal en Natal onbekend. Maar oor die hele Unie word 'n ander plant (*typha*) aangetref, wat in Vrystaat, Transvaal, Natal ook bekend is as *palmiet*—vandaar die plaasname *Palmietfontein*, *Palmietvlei*, *Palmietkuil*, ens. In die Boland word die *typha* egter as afsonderlike plant beskou en word *papkuil* genoem. Die ander plant (*prionium*) word in Clanwilliam en Tulbagh ook *kaffer(s)kuil* genoem. Waarom die *s* agter *kaffer* ingelas word, het ek probeer naspoor. Dr. Leipoldt, wat in Clanwilliam opgegroeï is, verklaar dat hy die woord met 'n *s* skryf omdat die veronderstelling is, die Kaffers *skuil* daarin. 'n Dergelike verklaring het ek ook van Tulbagh ontvang, waaroor later meer breedvoerig. Die benaming *papkuil* (vir *typha*) is onbekend in Vrystaat, Transvaal en Natal; as die woord daar mag gehoor word, dan is dit deur Bolandse invloed.

Nou sal ons weer die aandag skenk aan 'n geval waar verskillende name op een en dieselfde voorwerp toegepas word: Die pragtige veldblom *Sutherlandia* word in die Boland *keurtjie* genoem, ook *gansiesblom*, omdat die peule nes gansies op die water dryf. In die Oostelike Provinsie van Kaapland heet dit *eendjiesblom* om dieselfde rede. In Transvaal het dit die naam verwerf van *kankerbossie*.

omdat die blare van die plant heilsaam werk op kankeragtige gewasse en swellings.

Die plant *datura stramonium* is in die Boland bekend as *stinkblaar*, in Clanwilliam as *dotter*, in Vrystaat, Natal en Transvaal as *stinkolieblaar*. In Holland ken die mense daar dieselfde gewas as *doornappel*.

Ons kan deur eie waarneming en opmerking die rede verklaar waarom bogenoemde gevalle nie die reël is nie. Baiemaal is 'n voorwerp reeds bekend onder 'n sekere naam; maar wanneer die mense verneem van 'n meer gepaste benaming, dan kom die gewildste een altyd in aanmerking en kom langsaam in gebruik saam met die ou een; later verval die minder gewenste naam in daardie bepaalde streek, terwyl dit op die ander plekke in ons land bly bestaan. Dit is die geval met verskeie woorde, waarvan 'n goeie voorbeeld is die reeds vermelde *stormjaers*, wat in Transvaal die ou naam *poffertjie* heeltemal verdring het, sodat baie jongmense nie meer weet wat 'n *poffertjie* is nie.

Ten slotte wil ons nog daarop wys dat die benaming *katlagter* op verskeie voëls op verskillende plekke toegepas word. In die Boland word die *boskruipertjie* soms ook *katlagter* genoem, omdat hy op die grond langs hardloop, deurkruip onder bossies en 'n spotlag-lawaaï maak om die ongewenste indringer van sy nes weg te lok. In Westelike Transvaal word die *janfrederik* soms *katlagter* genoem, omdat hy by wyle lawaaï maak as hy 'n kat, slang of iets buitengewoons sien. In die bosveld van Transvaal is 'n swartbont voël wat baie op 'n fiskaal lyk; gewoonlik vlie hulle in klein klompies dig op mekaar en vlug uit een bos in die ander; in die bos bars almal tegelyk uit in 'n soort skaterlag, waardeur hulle die naam *katlagter* eerlik verdien. So kan ons nog verder opmerk dat die voël wat in die somer in die Boland so luidrugtig verskeie klanke na-boots en daar die naam van *skaapwagttertjie* of *nagtegaaltjie* dra, in Transvaal *predikantjie* heet—dog die laaste soort is swart en hardloop teer miershope op, terwyl die Kaapse soort soms ook op huisdakke gaan sit, bruin van kleur is en 'n wit keeltjie het; ook hy het die gewoonte om op miershope of groot klippe te sit, maar nooit in bome of bosse nie.

In die spreektaal van ander nasies kom ook gevalle voor van verwarring van name, en gelukkig—soos met hulle—bestaan daar nie te veel in Afrikaans om onrustig oor te wees nie; met skoolinvloed sal langamerhand 'n einde hieraan kom.

§15—SKOOL-INVLOED.

Die Oos-Indiese Kompanjie was te druk besig met sy handel aan die Kaap om aandag te skenk aan skole van enige betekenis. Al sou daar 'n kollege in Kaapstad bestaan het, dan sou dit vir die buitebevolking nie van veel nut gewees het nie, want omstandighede en toestande in daardie tyd was heel anders as nou—die verkeer tussen die buitelandse distrikte en die hoofstad was in 't geheel nie so gerieflik nie.

Die amptenare, wat die geleerdste deel van die koloniste was, sou nie ontslag aangevra het om as onderwyser op die platteland teen minder betaling op te tree nie. Holland tuis het in daardie periode van sy geskiedenis oor rykdom en weelde beskik soos min nasies van sy tyd; vir almal was daar iets te verdien; gevolglik was daar min geleerde persone te vind wat hulle aan onderwys wou wy. Die plattelanders in Afrika moes maar opsukkel en diegene huur wat nie sin in landbou gehad het nie—en dié was min. Menige soldaat of matroos wat hul plekke verlaat het, het hul dienste as skoolmeester aangebied. In verskeie gevalle het die ouers allereers die persone op die proef gestel deur die aspirant-meester vooraf self te eksamineer of hy wel 'n kind kan onderwys. Baie wat uitgekies is, het goeie werk, die tyd in aanmerking geneem, verrig. Die meesters was te veel aan dissipliene gewoond; so moes die leerling onder die kweperlat of rottang krul. Verder as lees, skrywe en reken het hulle die jongspan nie kon oplei nie. „Maar,” soos die oumense gesê het, „dis al geleerdheid wat 'n boer nodig het.” Ook hierdie klas meesters was nie so volop nie; so het in baie gevalle die ouers self hul kinders onder hande geneem om die „olyftakkies” om die groot eettafel saans in lees, skrywe en reken te onderrig. Hierdie vasberadenheid van die ouers om hul kinders 'n beskaafde opvoeding te gee was die oorsaak dat onder die Afrikaners so min ongeletterdes aangetref was—'n feit waarop ander koloniste van ander dele van die wêreld hulle nie altyd kon beroem het nie. Wat ook al van die skoolmeesters gesê word—en al was hulle soms onprakties—, niemand sal ontken dat hulle groot dienste vir die instandhouding van die suiwerheid van die Germaanse vorm van Afrikaans verrig het nie. Was hulle nie daar om die jongspan te leer lees nie, wat het van ons Kerk geword? En was die Kerk nie daar nie, wat het van die Bybel en die sedes van ons volk geword?

Die Kaap het in 1806 in hande van Engeland geval, en

kort daarna was Hollands wederregtelik uit die skole verban; en was dit nie vir hierdie boerskoolmeesters nie, wat sou die toestand vandag op taalgebied gewees het?

Aan daardie skole het ons dit vandag vir 'n groot deel te danke dat ons die betekenis van Hollandse woorde wat nie meer in die spreektaal gehoor word nie, nog ken, soos *toorn*, *verbolgenheid*, *arglistig*, ens.—natuurlik het in hierdie geval die Kerk en Bybel meegehelp, maar die uitlêers was die meesters.

In daardie tyd toe daar net 'n halfdosyn kerke in ons land was, het die skool ook as die kerkisasiekamer diens gedoen, en die meester moes die „vrae” en „antwoorde” uit die vraeboek aan die kinders leer, waardeur hy die aanne-
ming tot lede van die Kerk baie vergemaklik het. In vrede rus die as van daardie weldoeners aan ons Volk—al was hulle matrose en soldate!

§16—KERK-INVLOED.

Die Kerk was nie alleen die kompas van ons volk nie, maar ook die band wat die verskillende nasionaliteite uit die staanspoor aan mekaar gebind het. Eensgesind op godsdienstige gebied, onder dieselfde kerklike tug en bewaak deur 'n regering wat die Kerk hoog in stand gehou het, was die weg na ineensmelting skoon geskoffel. 'n Blanke wat nie aan die Kalwinistiese Kerk behoort het nie, was 'n verstoteling; en die volwassene wat nog nie as lidmaat aangeneem was nie, was 'n uitgegroeide kind onder mense van sy jare. Wie nie aangeneem was nie, het dit gevoel as hy of sy gaan trou, en nog meer as hulle by die doop van hul kind nie as ouer mag staan nie. Dit was hier in die dunbevolkte Suid-Afrika anders as in die dig-bewoonde Europa: hier het die mense mekaar nie alleen by hulle name geken nie, maar was ook van mekaar se doen en late taamlik goed op die hoogte. In daardie dae het mense jonk getrou en geeneen wou op „stopland” loop nie—dit wil sê, oujongkêrel of oujongnoui bly nie; ook die ouers wou hul kinders fatsoenlik sien trou—so was daar groot aansporing om by die eerste en beste geleentheid lidmaat van die Kerk te word. En dit is lig te begryp dat die Franse godsdienssin hier weldadig moes gewerk het.

As die Hollanders, Duitsers en Franse aan afsonderlike kerkgenootskappe behoort het, dan het daar moontlikheid bestaan dat die drie nasionaliteite hulle in drie

onderskeidelike groepe sou verdeel het—elk met sy eie geloofsbelydenis en taal, waardeur bloedvermenging nie sou geslaag het nie. Dis wel waar dat die Duitsers later in Kaapstad 'n Hollandse Lutherse kerk gëstig hef, maar die taal was dié van Nederland, en dan—soos ons weet—staan die Hollandse Lutherse kerk nader aan die Kalwinistiese as aan die Duitse Lutherse. Onoorkoomlike verskille onder die blankes het dus op kerklike gebied nie bestaan nie; so is daar in die buitelandse distrikte geen Lutherse kerk opgerig nie—en daar was dus net die *een* in Kaapstad, wat deur die buitelandse nie so maklik bereikbaar was nie. Roomse kerke was in 't geheel nie toegelaat nie; so het selfs dié wat Rooms was, na die Protestantse kerke oorgekom. Alle struikelblokke vir samesmelting was dus uit die weg geruim, en die blanke rasse het dus een volk met een taal en geloof geword.

Met die slawevolke was dit anders. Die Asiatiese slawe was meesal Mahomedane, en daarom bestaan in Suid-Afrika twee afsonderlike klasse kleurlinge: die Kristelike en Slamse gekleurdes met afsonderlike belange. Die Slamse lê hulle meer toe op die handel en ambagte, terwyl die Kristelike deel meer as plaasarbeiders hul onledig hou.

Deur kerklike invloed is huisgodsdienst in die oggend, die aand en op Sondae in stand gehou; hiervoor was die Bybel, Psalm- en Gesangboeke nodig—almal faktore wat gedien het om Hollands te laat ken; en daar die Bybel en Psalmboeke in suiwer Nederlands geskryf is, het dit weldadig op die spreektaal gewerk, sodat baie woorde en gesegdes daaruit vir ander doeleindes as net vir godsdienst gebruik is en nog gebruik word. Met die 17de-eeuse Nederlands aan die hand het Afrikaans hom na eie behoefte en onder invloed ontwikkel. Onder oumense hoor ons nog die verslede vorms van woorde, wat toe nog in die ou Statebybel met sy vet swart letters voorgekom het, soos: „Ik *stong* (stond) daar.” „Hy *loeg*” (lag). „Ik *gong* na huis”. Selfs in ons tyd hoor ons onder jongmense nog: „Dit *begos* te reën.” *Begos* word soms vir die teenwoordige en die toekomstige sowel as vir die verlede tyd gebruik—net soos die geval met *verloor*, ens. Reeds het ons daarop gewys dat dit vernaamlik daaraan te danke is dat ons volk bekend gebly het met die betekenis van Hollandse woorde soos *sig*, *aardryk*, *goedertierenheid*, ens., wat baie min in die spreektaal gehoor word. Was dit nie die geval nie, dan sou ons nog swaarder die Hollandse taal op skool geleer het.

Verder merk ons nog Bybelse invloed by die gee van

name aan mense en plekke, soos: *Daniël, Josef, Abraham, Izak, Jakob, Ebenhaezer, Mispa, Bethlehem, Moos, Abel, Jonas, Saartjie, Ewa, Kandaas, Jefsa, Esau, Bethesda, Gideon*, ens.

Baie Bybelse gesegdes word ook in die spreektaal opgemerk, soos „Werp jou brood op die water.” „Van waar, Gehasi?” „Die splinter in jou broeders oog,” „Balk in sy eie oog,” ens. Iemand wat vinnig ry, is 'n *Jehu*, „Van daardie *Abjater* moet jy geen notiesie neem nie.” „Hy is 'n Saul onder die profete.” „Uit die mond van 'n kind hoor jy die waarheid,” ens. Uit die *Spreuke* word baie aanhalings gebruik en ook uit ander gedeeltes van die Bybel. Hoe kan dit anders?—want in daardie ou dae was die godsdienstige boeke, wat in die meeste gevalle nie meer as 'n halfdosyn was nie, die enigste lektuur waaroor die binnelandse boer beskik het. Maar tog het hierdie bietjie leesstof meer bygedra om Afrikaans nie tot 'n brabbeltaal te laat ontaard nie as miskien 'n paar dosyn ander boeke van ongewyde lektuur—want die godsdienstige boeke is met onverdeelde aandag gelees.

Net soos met die Engelse vertaling waar die Angel-Saksiese woorde bo die Franse woorde die voorkeur geniet het, is die Statebybel die invloed bo alle invloede, die oorsaak dat Afrikaans so suiwer Germaans gebly is en ons taal berei het om die gedagte ondubbelsinnig te verklank.

§17—INVLOED VAN KRYGSMAG, JAG EN KOMMANDO.

Daar bestaan so baie woorde in Afrikaans wat sowel aan die krygsmag as aan die jag en kommando kan ontleen wees, dat dit moeilik is om met juistheid vas te stel aan watter bron ons sulke woorde verskuldig is. Neem b.v. die benaminge vir vuurwapens, soos *agterlaaier, voorlaaier, bobbejaanbout, buks, doppiesgeweer, doppiesroer, haan-en-pan, haangeweer, flint, oliefantroer, poena (poenskoproer), geweer, roer, sanna, sterloop, ses-op-'n-pond, sneller, half-lai, enkelloop, dubbelloop*, ens.

Die onderdele van 'n vuurwapen word beskryf as volg: *kolf, loop, laaistok, beuel, sensgat, haan, korrel, versier, kraster, nippel, pan, slagveer, sneller, trekker, slot, versierkerf, vuursteen, boorgat*, ens.

Die name vir benodigdhede is: *kruit, koeël, hael, dons-hael, haashael, patryshael, bokhael, lopers, doppies, kruit-*

bus, kruithoring, koeëltas, patroon, bandelier, loodkoeël, tinkoeël, pankruit, pluksel, skroot, wasters, ens.

Verder is daar nog vakname soos: *aanlê, amper mis, amper raak, bladskoot, kopskoot, pensskoot, knapsakskoot* (deur die kop), *bolmakiesieskoot, heupskoot, raakskoot, misskoot, skramskoot, doppie afklap, doppie afslaan, doodskoot, gewond, fynkorrel vat, geweier, koeëlbui, loperbui, haelbui, 'n linksverby-skoot, 'n regsverby-skoot, bo-oor-skoot, onderdeur-skoot, oorheen-skoot, onder lood steek, rapsskoot, volkorrel, halwekorrel, blindeskoot, ens.*

Deur die jag is die Afrikaner in aanraking met baie gevaarlike gediertes gekom, wat hom dapper vir die oorlog gemaak het; maar dit is nie al nie: die jag het sy taal ook met so baie woorde en uitdrukkings verryk. Op die skietogte is altyd iets nuuts ontdek, en ongesog het elke nuwe ding 'n gepaste naam ontvang. Die geskikste benaming is deur ander jagters gevolg, en dit het nog meer die taal verryk. Hy kom tuis met sy *biltong* en *toutjiesvleis*, en vertel hoe hy wild *bekruip* het, hoe hy hulle *voorgelê* het; hy toon sy *bekruipmus* en *hakskeen-velskoene*. Baie het hy te verhaal van *bloedspore, douspore, vars spore*, van *olifant- en renosterpaaie*, van *spoor sny, spoor vat*, van *wildebeeskuile, vanggate, wildpaaie, houplekke, wildstalle* (groot houtbosse waar wild in vlug), *slaapplek*, en so meer.

Die verskillende soorte wild het reeds gepaste name ontvang, maar hy kan sommige nog nader beskrywe, soos *poenskop-olifant* (sonder slagtande), *bontpoot-leeu, swartmaanhaar-leeu, basterwildebees, kolhaas, vlakhaas, rooihaas*; so ook *bosduif, groenduij, namakwaduij, tortelduij, lemoenduij*; dan nog die *vlakvark, bosvark, ystervark, erdvark*; ook *vaalpou, gompou, duinpou*. En waar is nog die wildeboksoorte? *Antilooop* is vir hom 'n onbekende naam vir die dier wat hy as *wildebok* ken.

Verder kan die ou jagters die tyd kortmaak wanneer hulle vertel van die voedsel waarop die diere in die *skietveld* leef, soos *kameelboom, terpentynboom, buffelsgras, bok-suring, volstruisgras, elandsboontjie, patrysuintjie, bobbejaanuintjie, varkwortel, ens.*

Wanneer 'n min-gebruikte woord anders uitgespreek word as volgens die gebruikelike Hollandse spelling, is ons te geneig om te beweer dat dit plat is. Hiervan het die Genootskap van Regte Afrikaners in hul tyd baie ondervinding gehad, en dit het lank geduur voor hul die lesers kon oortuig dat dit 'n verkeerde opvatting in die meeste gevalle

was. Net so gaan dit vandag nog waar sommige beweer dat *gensbok*, *krokodel*, *bobbejaan*, *swaaltjie*, ens., plat is; wat hulle ook al mag beweer, die groot meerderheid van ons beskaafde Afrikaners praat so. Die Hollandse uitspraak geld gewoonlik in sulke distrikte waar die diere nie meer te vind is nie; dus het hulle die name soos *gemsbok*, *krokodil*, ens., uit Hollandse boeke geleer. *Giraf* is 'n boekwoord vir die Afrikaner; hy noem die dier *kameel*, waarskynlik verkort uit die Hollands *kameelpardel*. Die kameel of dromedaris is vir die landelike bevolking 'n onbekende dier; so was dit 'n nuwigheid om hulle in Suidwes-Afrika te sien; word van hulle gepraat, dan word die diere die *bultrug-* of *knoprug-kameel* genoem. Om die giraf in teenstelling te beskryf heet hy die *langnekkameel*; vandaar ook *kameelboom*, *Kameelfontein*, *kameelsool*, *kameelsweep*, ens.

Baie van die wild het reeds in die Hollandse tydperk aan die Kaap name gekry, soos *seekoei*, *eland*, *gensbok*, *hartbees*, *steenbok*; die *kwagga* en *sebra* was destyds *wildeperde* of *wilde-esels*, vandaar die naam *Wildepaaardejagrivier* in Klein-Drakenstein, Pêrel. Maar die *eland*, *steenbok*, ens., is glad ander diere in Europa as die Afrikaanse soorte: die *eland* en *ree* is daar takbokke, en hier is hul antilope; die *zeekoe* is 'n klein walvis, by ons is dit 'n viervoetige dier wat op die droë grond kan rondstap. Die *gems* van Europa word ook *chamois* genoem. So ook is die *das* daar, en in die Bybel genoem, 'n ander dier as ons *dassie*; en so is daar nog meer diere wat Europese name gekry het, soos *hiëna*, wat by ons *wolf* heet; die woord *hiëna* is in Afrikaans onbekend. Dieselfde geld vir baie voëlname soos *sysie*, ens.

Aan die kommando het ons maar 'n skraal oes te danke en kon dus min woorde *kommandeer*. Want dis tog wonderlik dat oorlog die dierlikheid van die mens bo sy geestelike natuur laat uitblink; 'n mens is dan nooit ernstig gestem nie; sy hele strewe is om hom meester van sy vyand deur geweld te maak; sy gedagte is gerig op planne hoe om sy teenstander ten onder te bring. Die ondergeskiktes—wat die oorgroot meerderheid uitmaak—het niks te sê nie en moet net die orders van die offisiere gehoorsaam. Dit ontbloot hulle van alle verantwoordelikheid, en hulle gevoel hulle niks anders as werktuie nie. In 'n laer geestestoestand kan 'n beskaafde wese haas nie verkeer nie—naamlik om van alle verantwoordelikheid ontklee te wees; van hom word 'n kind gemaak, en verstandelik gedra hy hom

sodanig. Hy is opgeruimd, vrolik en altyd gereed om na iets grappigs uit te kyk, of om self grappe te maak. Dus is hul taalvoortbrengsels gewoonlik humor.

Reeds in die opstandjie in die ou dae op Graaff-Reinet, heet die ou kanon *Ou Grietjie*. In die eerste Vryheidsoorlog van Transvaal word die seuns op kommandodiens *penkoppe* genoem. Die mortier kry die naam van *seepot*. Omdat die *stormjaers*, van ongesuurde deeg, so onverteerbaar is, kry dié die naam van *maagbomme*. Die grys muggies wat saans 'n mens so warm kan steek, kry deur die burgers op die Natalse grens in 1881 die naam van *warm-assies*. In die tweede Vryheidsoorlog word die vierkantige Engelse beskuite *oogklappe* genoem, omdat hulle die grootte en fatsoen van oogklappe het. Het die burgers 'n soldaat gevang en ontlee hom, dan word uitgeroep: *Skud hom uit!* Word 'n sarsie op die stormende Engelse troepe gevuur, dan was dit: *Vreet hulle met die lood*. En so was daar nog baie meer soos vir „gaan weg!” was dit: *trap!* of *trap in die bos!* Die jeuksiekte het die naam van *lekkerkrap* of *lekkerjeuk* gekry. So ook was dit *hands op!* vir „lê jou wapens neer.” Die woord *kommando* word in Transvaal, Vrystaat en Natal *kommande* uitgespreek.

Maar met woorde op kommando gemaak gaan dit soos met 'n komeet: hulle verskyn blinkend aan die taalhemel om spoedig daaruit vir altyd te verdwyn.

Tog, met dit alles is die kommando die middel en werker dat eenvormigheid in ons spreektaal bevorder geword is. Die burgers kom uit alle oorde van die land, bring die woorde van hul distrikte mee, en spoedig gebruik hulle die woorde en gesegdes van hul medeburgers, waardeur hul woordeskat verryk word deur beter en meer gepaste woorde as hul eie op te neem.

Ons het nog al die tyd met veranderde toestande en omgewing te doen; en wat die mens daarvan nie weet of verstaan nie, wil hy eenvoudig weet en vra dadelik uit. Op hierdie manier doen die kommando uitstekende taalwerk. Wanneer dit vrede word, of wanneer daar 'n nuwe aflossing kom, keer die burgers terug na hul respektiewe distrikte en bring dan 'n menigte verbeterde woorde terug—woorde wat nie juis op die kommando gebore is nie, maar wat daar afgeluister is.

Selfs die spotlus van die Afrikaner het sy voordeel op taalgebied. Op kommando word aan hierdie prettigheid vry spel gelaat; so wanneer iemand hom plat uitdruk, dan

volg 'n tergbui, en spoedig vermy hy die platheid en kies dan beter woorde. Dieselfde gebeur op jag; dus het ons hier weer te doen met 'n redmiddel om Afrikaans nie in dialekte te laat opbrokkel nie.

§18—KAFFER-INVLOED.

Die invloed op Afrikaans deur die Kaffertaal uitgeoefen bespreek ons nou eers, omdat die Boere en Kaffers in 'n later tydperk van ons geskiedenis met mekaar by die Groot-Visrivier in aanraking gekom het, en wel in 'n periode toe Afrikaans reeds 'n vaste vorm verkry het en die noodsaaklikheid vir nuwe woorde en uitdrukkinge nie sterk gevoel is nie. Daarom is dit dat die spraak van die Kaffers die Afrikaanse taal so onbeduidend beïnvloed het. Hierby kom nog in aanmerking dat dié klas inboorlinge uit die staanspoor 'n vyandelike houding teenoor alle blanke aangeneem het en dat hulle op taalgebied net so leensugtig is as wat hulle kan bédél. Baie woorde het hulle aan die Engelse taal te danke en nog baie meer aan Afrikaans.

Soos ons reeds daarop gelet het, beskou die Afrikaner hom te verhewe bo inboorlinge om woorde van hulle permanent oor te neem—hy beskou dit vir 'n soort gelykstelling wat teen sy bors stuit. Terwyl die Kaffer met 'n gevoel van eiewaarde besiel is, het hy sy taal vir geen ander spraak prysgegee nie; die Boer leer lievers die Kaffertaal as om woorde van Kaffers te leen, en die boerkinders leer in sommige gevalle die taal van hul aias voordat hulle hul eie moedertaal ken. Hierby kom nog dat die Kaffer Afrikaans krom en gebrekkig praat, en dus kan die kind dadelik hoor dat hy nie só Afrikaans moet spreek nie. Maar die Kaffers werk op die plaas en in die kombuis; en so is die Afrikaner tog die hele dag met sy bediendes in aanraking in die distrikte waar dié ras inboorlinge woon—dog altyd op taalgebied in bogenoemde verhouding. Ook het ons daarop gelet dat die inboorlingspraak 'n direkte sowel as 'n indirekte invloed op ons spraak uitoefen. Die direkte invloed is dat ons woorde van hulle oorneem; en die indirekte invloed is dat hulle ons woorde laat gebruik wat nie juis uit hul tale oorgeneem is nie, maar wat ons miskien onder ander omstandighede anders sou gekies het. So praat ons miskien met hulle van *koushemp* vir 'n frokkie. „Hy het *geklaar*”, pleks van: „hy het klaar gemaak.” Of „die os, *hy trek swaar*,” *meestergoed* vir medisyne, ens. Met hulle word so

gepraat, omdat hulle hul so uitdruk; maar die boer laat dié soort spreekwyse vaar sodra hy met blankes gesels en dan spreek hy sy taal weer suiwer.

Dat die Kaffertaal ons maar net 'n stuk of wat woorde besorg het, is ook 'n eienaardigheid wat ons verwondering afdwing; want ons woon in 'n land wat deur miljoene Kaffers bevolk is; 'n paar miljoen woon reeds meer as 'n eeu tussen ons as bediendes en ondergeskiktes. Ook die Kaffertaal is mooi en welluidend sonder 'n opeenhoping van medeklinkers te vertoon, daar die lettergrepe meesal op klinkers eindig. Hul verbuigings en vervoegings is ooreenkomstig stafrym (alliterasie), en dit maak die uitspraak sag en vloeiend.

Hier volg 'n lysie van verafrikaanste Kafferwoorde:

Kaboemielies (heel mielies, gekook soos dié van die stronk kom), *mamba* (beesbyterslang), *maroela* ('n wilde vrugteboom, van die vrug word *maroelabier* gemaak), *moe-pel* (wilde vrugteboom), *mahem* (klanknabootsende naam vir die geelkuif-kraanvoël), *naboom* (noorsdoringboom), *siebieba* (teengif teen slangbyt), *mapanie* (net sowel bekend as terpentynboom), *tambotie* (boom waarvan die hout gebruik word), *tamboekiegras*, *tse-tse* (gifvlieg), *indoena* (tietel vir raadsman van 'n Kafferkonink).

Hierdie lys is soveel Kafferwoorde as wat ek met sekerheid kan vasstel en wat in streke gebruik word waar Kaffers woon en waar die soort bome groei. *Mahem* kan net sowel 'n woord wees wat deur Kaffers van die Boere afgeluister is, daar dit 'n klanknabootsende naam is. Ander skrywers voeg nog meer gebruikte Kafferwoorde by bostaande lys; maar wanneer noukeurig ondersoek ingestel word, dan kom ons miskien tot ander gevolgtrekkings, daar sulke woorde hul Afrikaanse gelykwaardige woorde besit—dus oorbodig is.

Tollie word deur venduafslaers in hul advertensies vermeld om 'n jong ossie met kort horinkies voor te stel. Maar luister na 'n boer wanneer hy oor sy eie beste praat; dan is dit: 'n *een-*, 'n *twee-*, of 'n *driejarige* ossie. In Transvaal weet die meeste boere nie wat 'n *tollie* is nie en gebruik net die woord *jongossie*.

Pasèla is van die Engelse woord *present* (geskenk) afgelei, en word meesal deur Engelssprekendes gebruik; op die platteland selde gehoor, net soos: *iempie*, *dongha*, *dagha* (klei), *pitso* (Basoetoeraad), *indaba* (Soeloe- of Swasieraad), *imbongo* ('n pryser wat sy koning, of voorman, se daade luidrugtig uitroep); en so is daar nog baie meer wat deur

Engelssprekendes gebruik word en in boeke voorkom; maar dié soort woorde word deur die meeste Afrikaners as rou Kafferwoorde beskou en nie as Afrikaans nie. En dit klink net so aanstootlik as: „Ek het daar *gestay* en my *enjoy*.”

Ons het hier te doen met die spreektaal en nie met boektaal nie; 'n boek moet nogal baie interessant wees, soos b.v. die Bybel, om invloed op die geselstaal blywend uit te oefen; ek bepaal my dus net by die woorde wat in die spreektaal gehoor word. Wanneer ek my eie lysie noukeurig ondersoek en dit met die daaglikse spraak vergelyk, dan vind ek daar wisselvorms in wat net so dikwels as die Kafferwoorde gebruik word, soos *siewa* (bykos by pap), waardeur die Afrikaner se neiging om nie so „volkagtig” te wees nie duidelik te bespeur is. Plaaslik sien ons nog die verskynsel om veldkos van inboorlinge by die inboorlingnaam te laat bly; so groei hier op die Hoëveld 'n wilde komkommertjie bekend onder die naam van *kakejaantjie*; maar in Westelike Transvaal is dit weer onder 'n ander naam bekend—dus sulke Kafferwoorde kan nie in beskouing kom nie.

Onder indirekte Kaffer-invloed word *Deusman* of *Duisman* vir witman (wat gebruik word in gewestes waar Hottentotte bediendes is) nie gehoor nie, maar wel *mens* of *mense* (verkorting van witmens). So sal 'n Kaffer praat van 'n *mens* (Boer), 'n *Engelsman*, 'n *Koela* (Koelie) en 'n *Kaffer*. Die Boere noem die Hottentotte *volk*, die Kaffers noem hy *skepsels*, maar ook *volk*, die *kleurling* noem hy *basters* of *bastervolk*.

Die Boere ken die Kaffers nie onder hul twee groepname nie soos die *Soeloe*- en *Betsjocanarasse* nie, maar noem die twee groepe onderskeidelik die *Kaalkaffers* en *Makketese*. Onder *Kaalkaffers* word meesal verstaan die *Soeloes*, *Matabelies* en *Swasies*, omdat hul liggaambeskutting so 'n benaming regverdig. Die Kôsakaffers van Brits-Kafferland heet *Rooikaffers*, omdat hulle so met rooikleibetakel is. Die *Makketese* onderskei hulle deur die *deurtrekker* of *stertriem*—dieselfde „vyeblare” wat die Boesmans en Hottentotte dra. Die Soeloes en Swasies bedien hulle van 'n ander metode wat beter gelaat as kan beskrywe word, en dra verder *majôbas* (voor- en agtervelle), wat by albei rasse verskil. In die Makketestaal word die letter *r* gehoor en duidelik uitgespreek soos in die woord *maroela*; terwyl 'n Soeloe en Swasie dit baie moeilik vind om *r* uit te spreek en gebruik gewoonlik die letter *l* in plaas, of hy laat dit

geheel weg soos in *Petolia* vir Pretoria, *Babtien* vir Barber-ton, en *Jôs* vir Johannesburg, *Emelo* vir Ermelo.

Van die Soeloe- en Swasietale gepraat, wil ons ten slotte wys op die naam *maroela*, wat 'n Makketeeswoord is; die Soeloe- en Swasie-naam is *oemghano*; maar vreemd, die mense wonende op die Swasie- en Soeloegrense het die naam *maroela* behou en het dus die naam van die Bosveld (ten noorde van Pretoria) meegebring—wat aantoon hoe 'n woord van die een plek na 'n ander oorgebring word, waar 'n mens dit nooit sal seek nie.

Ook is baie geskrywe oor die afleiding van *koedoe*; die Mapochers noem die dier *sjonghoelônie*; in Swasie is dit *songhoelôlo*; die Soeloes noem dit *oemkandhla*, en die Kôsas ken die dier as *i-goede* (*g* staan vir die harde tongklap). Maar ons moet in gedagte hou dat die Kôsas baie Hottentot- en Boesman-woorde in hul taal opgeneem het, soos *Nceba* (Keirivier) en nog name van ander riviere; ook die Boere het die *koedoe* lank reeds geken voor hulle met Kaf-fers in aanraking was.

§19—MOEDERLIKE INVLOED.

Wie sit die tyd met belangstelling af wag om te luister wanneer haar kind die eerste klanke kan uitspreek om hom te leer sê: *papa, mama*? Die moeder! En wie let dan steeds op of haar kind die woordjies reg stamel om hom dag na dag nuwe woorde te leer? Nie sy moeder nie? By 'n seker geleentheid was ek by toe 'n moeder met haar suigeling op die skoot sit, terwyl haar vierjarige seuntjie aan haar knieë staan en sê: „Gee ge my 'n soentjie”, en sy daarop antwoord: „Jy moenie sê, *gee ge my 'n soentjie* nie, maar *gee vir my 'n soentjie*.” Sulke taal het ons almal van ons moeders in die begin geleer.

Dus, die moeder is die persoon wat die toekomstige spraak van haar kinders beheers; en wat haar taal is, sal ook die taal van haar kind wees, en die spraak van die jong geslag word die taal van die volk—dis te sê, as die volk later nie onder ander invloede en omgewing verval nie. By voorbeeld, in die buurte waar ek as kind opgegroeï het, was 'n jong Engelse seun, Thomas, direk uit Engeland gekom om as settelaar te dien. Daardie seun het man geword en het op later leeftyd geen enkel woord van sy moedertaal verstaan nie. Nog so 'n geval: Ek het 'n Swasiekind van twaalf jaar oud met my na die Pêrel ge-

bring; en toe hy twintig jaar oud was, het hy sy moedertaal nie meer kon praat nie. So sterk het die nuwe omgewing op die twee persone gewerk dat hulle hul taal glad verleer het, en soiets sal natuurlik ook op moederlike invloed effek hê. Maar ons bespreek nou die gevalle waar die kind in sy eie land en tussen sy eie mense opgroei en woon.

Dit is aan die Hollandse moeders waarmee die Duitse vryburgers getroud was, te danke dat Duitse invloed op Afrikaans in sy begin doodgesmoor is. En dit is hoofsaaklik aan die moederlike invloed te danke dat ons taal so suiwer Germaans tussen die menigte inboorlinge gebly het. Maar al die moeders is nie ewe oplettend nie, en onder die armer klasse is hulle baie van huis om werkies te gaan verrig; dan word die kinderlike spraak in sulke gevalle verwaarloos, en dit is een van die redes dat die taal van die arm klas—vernaamlik wanneer hulle in agterbuurtes woon—veel te wense oorlaat; die woordeskat verminder, en die wyse van uitdrukking word slodderig.

Ons het daar so dikwels opgelet dat waar die vader en moeder van verskillende gewestes kom, die kinders altyd die spreekwyse van die moeder volg en selde eienaardige woorde en uitdrukkings van die vader oorneem; hieroor sal ons breedvoeriger in die volgende paragraaf handel.

Die invloed van die moeder is nie juis sodanig om die woordeskat te vermeerder nie—hiervoor het sy nie die kans wat die man het om rond te gaan nie—, maar wel om die woordeskat in haar besit teen verval te bewaar. As die kind haar die naam van iets kom vra, dan verstaan sy altyd om die regte woord met sy betekenis te noem, of om dit so te beskryf dat die kind weet waarmee hy te doen het.

So spreek die taal van die hart, haar bestraffing is meer 'n klagte as 'n dreigement: „Ag kinders, julle maak my gek!” Of „Waarom hoor jy nie?” Of „Julle kinders raak my baas.” En so is die kind die baas van sy moeder; maar wil darem nie sonder haar liefde wees nie. Dit alles maak 'n diep indruk op die vatbare kinderlike gemoed. Al dink iemand in later jare nie juis daaraan dat hy die woorde van sy moeder geleer het nie, dit maak geen saak in hierdie geval nie, solank ons maar weet dat dit haar woorde is wat daardie persoon gebruik. Natuurlik leer die kind van ander mense ook woorde—soos op die speelveld of wat een en ander aan hom vertel.

Ongelukkig, of gelukkig, het ons moeders in dié dae

van die verlede die skole nie deurgegaan nie—'n voorreg wat die dogters van die nageslag vandag ten dele geval is; tog, sy het ons taal nes 'n troue stuurman deur die gevaarlike rotse van verskillende invloede gered; en as dit haar deel gewees het om beter skole in haar tyd by te woon, wie weet, hoeveel ryker en soeter sal ons taal gewees het! Maar ons haal die skouers op as ons dink hoe die meisies van ons tyd (vir enige jare terug) gehandel het; dit was 'n mengelmoes van Afrikaans, Hollands en Engels deurmekaargebrou. En as die moeders van ons volk só moes gepraat het, in watter toestand sou Afrikaans vandag nie verkeer het nie? Maar gelukkig begin die jongdames nou te besef dat slodderige praat hulle tot nadeel strek en baie in die weg staan om 'n aanvallige persoonlikheid te ontwikkel—wat so nodig is om eervolle betrekkings in te neem. Suiwerheid van spraak toon opvoeding en is net so 'n aanbeveling as sindelikheid op liggaam en kleredrag. O vrou, groot is u mag en sien toe dat dit reg gebruik word!

§20—WISSELWERKING VAN BESKAAFDE EN ONBESKAAFDE SPRAAK.

Wanneer die betrokke partye min of meer dieselfde sport van beskawing bereik het, sal die spraak van die meerderheid die grootste invloed op die taal wat hulle gaan praat, uitoefen. Hiervan het ons die bewys dat die spraak van die amptenare van die Oos-Indiese Kompanjie nie sy man teen die seemanstaal en gewestelike dialekte van die vryburgers kon staan nie. Wanneer die graad van beskawing deur 'n wye afstand geskei is, dan bly die taal van die hoër ontwikkelde party oorheersend; dit merk ons uit die onbeduidende invloed wat die miljoene Kaffers op Afrikaans uitgeoefen het. Baie, natuurlik, hang dit af van die houding wat die betrokke partye teenoor mekaar inneem: hoe intiemer, hoe groter die invloed; hoe eensydiger, hoe geringer die invloed—dit natuurlik spreek as 'n boek.

Hoe die een Afrikaanse gewestelike spraak die ander affekteer, het ek besonder aandag aan geskenk; my eerste veld van studie was die Mapochsgronde. In die jaar 1884 het die Transvaalse regering my daarheen gestuur om sake finaal te reël en om die persele grond van daardie groot nedersetting gelyktydig op te meet en in kaart te bring. Dit het my met elke persoon van die driehonderd famielies

in aanraking gebring, daar ek die name van die nuwe grondeienaars moes opskrywe, asmede die plekke waar hulle vroeër woonagtig was. Die meeste het vantevore geen grond op hul name gehad nie, sommige wel; gevolglik het almal nie aan die ryke stand behoort nie. Maar op maatskaplike gebied was daar wel deeglik 'n groot onderskeid tussen persoon en persoon. Die meeste van die oorspronklike Mapochlanders was van Westelike Transvaal; dan volg in getalsterkte dié van Oostelike Transvaal—baie minder as eersgenoemde. Ook was onder hulle enige Vrystaters; van Kaapland was daar ook—o.a. uit Pêrel, Montagu, Tulbagh, Worcester, George, Wellington, Caledon, Riversdal en Somerset-Wes. Dus was hierdie spraakgebied op kleiner skaal ruim so interessant as die Hollandse Besitting aan die Kaap. In 1895 (dit is elf jare daarna) het ek weer daarheen gegaan om aan elke perseel grond van 8 morge nog 4 morge aan te meet, en gevolglik het ek weer met ieder persoon in aanraking gekom, waardeur ek in staat gestel was om die verandering in spraak waar te neem. En wat was my bevinding? Elkeen praat toe maar nog soos hy, of sy, gepraat het toe ons mekaar vir die eerste maal ontmoet het. Maar die spraak van die kinders het aangetoon dat hulle wel die moederspraak nog volg, maar tog woorde en uitdrukkings van ander kinders aangeleer het—hoe gering dit ook al was. Daar was wel 'n skool op hul dorp Roosnekal en ook een bo-op die berg by Tonteldoos, maar al die kinders kon die skole nie besoek nie. Daar was ook 'n kerk, waar die inwoners kon vergader. En laat ek hierby voeg dat Mapochsgronde 'n groot bergagtige oppervlakte is van tussen veertig en vyftig duisend morge; dus het die bewoners van die buitenste grense mekaar nie aldag ontmoet nie, waardeur taalvermenging langsaam gevorder het. Die eerste geslag wat daar gebore is, het tans opgegroeide kinders, en dis hierdie kinders wat nou 'n eenvormige spraak spreek—goed of sleg daargelaat.

Watter spraak? sal die leser vra.

Die antwoord is: 'n spraak waarin die spreekwyse van Westelike Transvaal oorheersend is en wat nie in gehalte by dié van die naburige Hoëveld kom nie. Die Hollandse invloed, wat in 'n hulpelose minderheid was, het spoorloos verdwyn—dit wil sê, wat die spraak van die bevolking daar as 'n geheel betref. Die enigste wat in die Caledonse afstammeling te bespeur is, is dat hulle almal bry, omdat hul grootouers en hul ouers gebry het; maar

die ander Kaaplandse spreekwyses het heeltemal uit die taal van die derde geslag verlore gegaan.

Oostelike Transvaal het sy vaste spraak, wat vry gebly het van ingrypende invloede en is die naaste aan die taal van die ou Voortrekkers wat Kaapland dertig jare ná die Engelse dit in besit geneem het, verlaat het. Ná die Tweede Vryheidsoorlog het hier baie mense uit ander dele van die Unie ingetrek, sodat nou in die omgewing van Hendrina Vrystaters, Natallers en Kaaplanders woon, soos van Pêrel, Stellenbosch, Wellington, Caledon, Swellendam, Riversdal, Piketberg, Boesmanland en ander dele van die land. Luister ons na hul spraak, dan merk ons dat die ouer intrekkers hul spraak onvervals behou het. Dié wat jonk hier gekom het, spreek 'n gemengde spraak samegestel uit dié van sy geboorte-distrik en dié van die Hoëveld. Die kinders uit gemengde huwelike volg die moederspraak in sy breë trekke, maar bedien hulle ook van woorde uit die spreekwyse van ander plekke. Bo dit alles kom die skoolinvloed, wat in die rigting van eenvormigheid werk—in hul spraak volg hulle meesal die taal van hul skoolboeke. Maar algemeen is dit nie die geval nie. Hier is b.v. 'n man wat aan die Gimnasium aan die Pêrel vir 'n hele tyd gestudeer het, en tog het hy sy Hoëveldse spreekwyse behou. Baie hang dus van die aanpassingsvermoë van die persoon af, wat so sterk uitkom in die geval van Engelse, van wie sommige Afrikaans maklik leer en ander nooit nie. Maar dit is die kinders van die intrekkers en hulle kinders wat die deurslag vir eenvormigheid gee—nie die ouers self nie.

So is daar nog ander dele van ons land wat ek noulettend gevolg het, en dit is my gevolgtrekking aangaande wisselwerking van een spraak op die ander—wat dit ook al in ander lande mag wees:

1. Dit is die tweede nageslag (gebore uit die eerste) wat eenvormig praat.

2. Die onbeduidende minderheid—hoe hoog ontwikkel ook—laat min spore van invloed ná en los hulle in die meerderheid op—wanneer nie groot verskil in beskawing bestaan nie.

3. Naas skool-invloed geld moederspraak die meeste.

4. Wanneer die trap van ontwikkeling tussen die partye aanmerklik skeel, dan lê die oorwinning aan die kant van die beskaafste—al is hulle ver in die minderheid soos die geval met ons en die inboorlinge.

5. Die spraak van die nuweling word in die begin as

persoonlike eienaardighede beskou en word nie dadelik gevolg nie.

6. Die spraak van die platteland is 'n natuurlike ontwikkeling en is minder as dorpspraak aan vreemde invloede blootgestel.

7. Die dorpspraak ly onafgebroke aan vreemde invloede; so is daar soms groot verskille in spreekwyses tussen stad en stad—soos b.v. tussen die hawestad Kaapstad en die mynstad Johannesburg.

§21—ENGELSE INVLOED.

In lande soos Suid-Afrika, waar verskillende beskaafde nasies samewoon en ieder sy eie taal spreek, mis dit nie dat die een ras van die ander woorde oorneem, of selfs sinswendings, woorde en name letterlik vertaal nie. Dit is werklik die geval met die Afrikaans- en Engels-sprekende bewoners van ons land. So vind die Engelse ons plaasbeskrywende name soos *veld*, *kloof*, *koppie*, *sloot*, ens., doeltreffender as hul eie Engelse benamings. 'n Deel van ons weer vind die Engelse plekname so erg mooi en noem hul plase of dorpswonings: *Oak Villa*, *Fir Grove*, *Fair View*, en so meer. Die Engelse gee aan hul trekosse Afrikaanse name, soos *Kolberg*, *Makman*, *Bandom*, en ander. Ook hul muile heet: *Bosbok*, *Vaalbok*, *Antjie*, *Saartjie*, ens.; terwyl ons weer verkies vir ons kar- en ryperde Engelse name te gee, soos *Ponie*, *Blackie*, *Never*, *Fly*, en so meer. Die Engelse praat van *disselboom*, *bywoner*, *brandsolder*, en so voort; ons weer van *brekfis*, *holiday*, *troks*, *porter*, ens. Die Engelse vertaal Afrikaanse woorde, soos: *buckwaggon*, *outlander*, *ironwood*, *cattle camp* en nog meer; ons versuim ook nie in sulke gevalle nie: *stasiemeester*, *gevoelige plant*, *afpen*, ens. Die Engelse vertaal een deel van 'n samegestelde woord, soos: *boekenwood*, *trekoë*, *saltpan*, ens.; ons doen dieselfde in: *skaapdip*, *kidleer*, *ysterreil* en ander. Party Engelse sê: *inspan the horse*; he threw me *with a stone*; I am *full of mud*, en nog meer. Sommige Afrikaners sê: dit sal *doen*; ek *myself* dink anders; die kindermeid kyk *agter* die kinders, ens.

Uit bostaande is dit duidelik dat 'n verbastering aan die gang is—sonder eens na die speelveld, die winkel, die renbaan, fabriek, spoorweë en ander plekke van nywerheid te gaan.

Ingeburgerde woorde gaan moeilik om uit die volks-

mond te weer; hulle word nie meer as vreemd beskou nie en is algemene eiendom geword. Ons moet vir die uitroei van hierdie euwel die taak aan die skool opdra dat die onderwysers en onderwyseresse hul leerlinge teen hierdie gevaar waarsku.

Vyftig jare gelede het ons sekere dele van die Unie geken waar geen Engelse woord in Afrikaans gehoor is nie, maar vandag kan ons dit nie van daardie dele meer getuig nie. As soiets in 'n halfeeu kan plaasvind, wat kan dan nie in 'n paar honderd jaar gebeur nie?—vernaamlik nou dat albei tale op skool geleer word en die natuurwetenskappe nog uit Engelse boeke bestudeer word.

Die kennis van die Engelse taal is verantwoordelik daarvoor dat so baie verhollandste Franse woorde in Afrikaans daaglik opgeneem word, want hoeveel Afrikaners het Frans geleer en leer dit tans? Sommige van die yweraars in dié rigting sal dit wel ontken; maar die waarheid van hierdie feit word bewys deur die spraak van die platteland te vergelyk—waar die bevolking eentalig is—met dié van dorpe en stede—waar die mense meesal tweetalig is, en dit sal bevind word dat tweetaliges baie meer gebruik maak van verhollandste Franse woorde as die eentaliges. Vir Franse woorde staan die deure van die Afrikaanse taal wawyd oop; maar teen Engelse invloed word gewaarsku om ons taal nie tot 'n bastertaal te laat sink nie. By een geleentheid spog 'n Engelman dat Afrikaans so arm is dat dit woorde by die Engelse moet kom leen; waarop sy vrind hom 'n knypie aan die arm gee en opmerk: „Bly stil, dit gaan by die Afrikaners deur dat dit nie Engels is nie, maar Franse woorde wat hulle steel.” Nie lank gelede nie, vertel 'n student wat net na 'n uniwersiteit sou oorgeplaas word, hoe sy klas by die onderwyser gekla het oor *onverstaanbare* Franse woorde deur sommige skrywers gebruik, en hoe die onderwyser geantwoord het: „Slaan maar 'n Engels-Hollandse woordeboek oop en leer die betekenis van die Engelse woord wat van die Franse afgelei is.” Dit was eerlik van die onderwyser om die waarheid nie te verbloem nie.

Dit mag beweer word dat die opneem van sulke Franse woorde Afrikaans ryker aan woorde maak—wat op dieselfde neerkom as om vreemde kinders aan te neem, waardeur die eie kinders die deur aangewys word.

Dit word beweer dat baie van die verhollandste Franse woorde in Hollands bestaan het voor die Engelse besit van ons land geneem het; maar baie van daardie woorde het uit

Afrikaans as ongewens verdwyn omdat hulle nie juis nodig was nie; en wat gebly het, soos: *konsensie*, *kollekte*, *ambisie*, ens., het hul betekenis vir die volk nie verloor nie en word steeds gebruik naas hul gelykbetekende woorde: *gewete*, *insameling*, *eergevoel*, ens. Vir die wetenskap in die algemeen is vreemde woorde baie geskik, daar net geleerdes die wetenskap kan bespreek. Maar in die spreektaal word hulle nie gehoor nie; en waar hulle soms deur 'n spreker gebruik word, dan is dit net om met geleerdheid, of onkunde, te pronk tot belediging van die Afrikaanse woordeskat. Dit is maar menslik: toornaars en dolosgooiers praat ook in vreemde woorde om hulself des te belangriker te vertoon.

Die suiweraar stel hom tot doel om sy taal van alle vreemde elemente te louter, maar slaag nie altyd daarin om suiwer Afrikaanse woorde in die plaas te stel nie. *Platform* en *kompartement*, twee ingeburgerde Engelse woorde, deug nie; so moet onderskeidelik *perron* en *koepie* hul plekke inneem. Hoeveel van ons volk weet die betekenis van die laaste twee Franse woorde? Sal die spreektaal hul ooit verwelkom? Reeds het ons in die geselstaal twee selfverklarende en suiwer Afrikaanse woorde daarvoor, nl. *stasie-stoep* en (*trein-*)*afskorting* of *-afdeling*—wat miskien oor die hele land nog nie in algemene gebruik bekend is nie.

Strenger taalondersoek sal ons bring waar ons moet wees, want gaan ons met vreemde woorde uit, kom ons met vreemde woorde tuis. Dit is nie my opienie nie, maar dié van die Afrikaner wat sy taal tot sover, so te sé, suiwer gehou het—vandaar die geroep teen onverstaanbare vreemde woorde.

Nou bespreek ons die direkte invloed wat Engels op Afrikaans uitgeoefen het en steeds uitoefen. Laat ons toe om Afrikaans te laat verengels, dan los ons vir ons vanself geleidelik in die miljoene Engels-sprekende volke op.

Waarom Engels van alle invloede totnogtoe die grootste vat op ons spreektaal het, is toe te skrywe aan die volgende feite:

1. Ons woon tussen Engelse amper in gelyke getalle.
2. Ons sit saam met Engelse op skoolbanke, en totnogtoe het die Engelse taal op onderwysgebied die voorkeur geniet.
3. Die Engelse beskik oor die goedkoopste en uitgebreidste boekerye van die wêreld, en daarby het hulle 'n

pragtige letterkunde. Deur Engels te lees, word in Engels gedink.

4. Die Engelse is behoudend en traag om 'n ander taal aan te leer; ook is hul taal maklik om te leer.

5. Totnogtoe is Engels die handelstaal in Suid-Afrika; al die koopware is met Engelse name beplak—al kom hulle uit Duitsland, Japan of elders.

6. Sport is deurgaans 'n Engelse instelling en het 'n groot vat op die jeug en 'n groot deel van die publiek.

7. Gemengde huwelike, waardeur die huistaal gewoonlik Engels word.

8. Nywerhede is nog al die tyd deur Engelse onderneem, en die nywerheidstaal beskik oor 'n uitgebreide woordeskat.

Die eerste treine in Suid-Afrika is deur 'n Engelse maatskappy gebou en deur Engels-sprekende beamptes gedryf; gevolglik was alles daarmee in verband met Engelse benaminge bestempel, en so het die volgende Engelse woorde hul in Afrikaans ingeburger: *stasie, stasiemeester, porter, trein, enjin, troks, kerrieds* (carriage), *ghaard, reil* (rail), *sleper, tikket, passasierstrein, goederetrein, ballastrein, enjindrywer, stoker, signalpaal, kulwert, saiding* (siding)—en nog meer, soos: *briewe pos*, ens.

Uit die oorloë met Engeland het ons sulke woorde ontleen as *kamp* (laer), *militêre kamp, konsentrasiekamp, kakkie, pompom, handsop, blokhuis* (blockhouse), *skout* (National Scouts), en so voort.

Sport lewer baie voorbeelde: *voetbal, tennis, krieket, resies*, en 'n menigte ander waaraan nou Afrikaanse name gegee word.

Daar die diamant- en gouddelwerye deur Engelse en uitlanders in die aanvangtydperk onderneem was, is dit ligte begryp dat Engelse benaminge die oorhand gekry het, soos: *kleim, kleimlisensie, apfen, mynkommissaris, kleiminspekteur, lewwel* (level), en nog meer, waarvan sommige nog as egte Engelse woord gevoel word, soos: *shaft, drive, outcrop, manager, camp captain*, en honderde meer.

Aan die boerdery is ook verskeie Engelse woorde deur die handel opgedring, soos: *kultivator, dis-eg, dis-ploeg* (disc), *trollie, dip, donkie, boesel, gelling, horssweep, ponie, planter, hickory king* (mielie), ens.

Die handel gebruik Engelse woorde soos: *tweed, tjek, olspys* (allspice), *kondensmelk, boeliebief, stoof* (kombuis),

ghries, enweloop, en etlike meer soos jaard, tenk, ghienie (21/-), jellie, kidleer, ens.

Verder word in die spreektaal gehoor: *mister, missies, miss, unkel, aantie, cousin* (daar oom, tante, neef, niggie by sommige te boersagtig klink), *stoor* (winkel of pakkamer), *bôikot, konkreet, studs, horries, konstabel, piekfyn, nonsies, rewolwer, jingo, jokkie, keb, klub, piekels, pieknie, poeding, sjerrie, spiets, terrier, boeldog, kollie, pointer, dril, hint, setlaar, tender, ens.*

In die dorpspraak word meer onnodige Engelse woorde as in die taal van die platteland gebruik. Hoe onmisbaar tweetaligheid ook al is, nadelig werk dit gewis tot verengelsing van Afrikaans. Dit word soms baie aanstootlik om te hoor hoe 'n tweetalige persoon die twee tale deurmekaar brou—wat natuurlik sy, of haar, fyn gehoor geleidelik verstomp en so een bepaald aanstootlik maak sonder dat hy of sy dit self agterkom.

Stoof vir 'n voetbankie was by ons voorouers, lank voor die Engelse in besit van die Kaap gekom het, in gebruik gewees; so is die benaming van Hollands afgelei. Maar kombuis*stoof* is maar eers in my kinderjare (ongeveer 1870) in die Kaap ingevoer (juis in dié tyd toe Engels so in die mode was dat Engelse aanddienste in die Hollandse kerke gehou is). Ons moet dus *stoof* (in die kombuis gebruik) as van Engels afgelei beskou. As agjarige seun het ek wel hier en daar 'n *plaat* in die kombuis gesien om kos op te kook; die vuurherd was nes 'n oond van baksteen hol gebou; bo-op was dit met 'n sterk gladde ysterplaat bedek; en daarop moes die potte staan. Die kokmeid het ons kinders baie die kombuisdeur uitgeja as ons kleinspan met krappe aangestap kom om dié op die *plaat* te braai. Op Welvanpas, Wellington, was so 'n *plaat*, maar *plate* was egter nie in algemene gebruik nie. Verder het die mense in dié tyd hulle bedien van die baksteenvuurherd; in die Karo het ek ook die *es*, of lae vuurherd, dikwels in daardie dae aangetref.

Dat so baie Engelse woorde hul tuiste in Afrikaans gemaak het, is te wyte aan die hooghandige optree van die Britse goewerneys om Hollands uit ons skole te verban; die dorpinge het meer gebruik van die Engelse skole gemaak, en daarom is dit so te betreur dat hulle ewe gedwee die woorde in hul taal verwelkom het. Die Engels-sprekendes hier in Suid-Afrika sal hartlik bedank om hul spraak so reënboogkleurig met Afrikaanse woorde te deurvleg; en daarom moet

ons nog te meer waak om ons taal van onnodige anglisismes te suiwer.

Maar sommige van ons suiweraars gaan na die ander uiterste en soek anglisismes waar dié nie bestaan nie. Omdat ons wyse van uitdrukking soms van dié van Hollands verskil en 'n ooreenkoms met Engels vertoon, word dit so lig as 'n Engelse spreekwyse bestempel.

Hy gee my 'n kyk word volmondig as 'n letterlike vertaling uit Engels verklaar, en dan word voorgeskryf om te sê: *Hy werp 'n blik na my*. *Werp*, in die eerste plek, word heel selde in die Afrikaanse spreektaal gehoor: ons gebruik *gooi*; dan, 'n *blik* in Afrikaans beteken 'n stuk dun-gerolde yster waarvan *blikgoed* gemaak word, soos *blikemmers*, *blikskottels*, ens. Dus beteken die voorgeskrewe sin in die spreektaal: *Hy gooi my met 'n stuk blik*. Is *ek gee hom 'n klap*, *ek gee hom 'n skop* dan ook anglisismes? Of moet die *gegewe kyk* beskou word net so ongewens as die *klap* of *skop* wat iemand aan 'n ander *gee*? Die gesegde: *ek gee hom 'n kyk* word oor ons hele land gehoor, en wel op plekke waar Engelse invloed nog nie erg gevoel word nie—of sal ons sê vir jare terug nie bestaan nie?

Daar is nog etlike sulke gevalle wat in die geselstaal voorkom; maar vermelding hier sal net 'n storm van kritiek laat losbars, terwyl ons tot hoofdoel gestel het om alle taalkundige beskouing buite bespreking te laat.

§22—DIE PLATTELANDSE SPRAAK.

Reeds het ons daarop gelet dat die plattelanders die grootste aandeel vervul het om die Afrikaanse spreektaal te maak wat dit vandag is—die skryftaal, natuurlik, het sy vorm ontvang op die skryftafels van skrywers en taalgeleerdés. Laat ons die boer se spreektaal iets nader beskou.

Die plattelandse spraak het altyd 'n ander rigting ingeslaan as die dorpspraak, en wel om die volgende redes:

1. Die plattelanders is meesal eentalig.
2. Onder hulle het min uitlanders gewoon.
3. Die omgewing is glad anders as op dorpe.
4. Latyn, Grieks en ander tale word nie in die reël in buiteskole onderwys nie.

Dus, wanneer daar 'n woord in hul woordeskat ontbreek, dan het die boer geen ander bron om uit te put nie as net en alleen die Afrikaanse taal, en heel selde uit Hollands—dis te sê, waar Hollands 'n geskikte woord vir die

nuwe toestand besit. Dit het die buitemense nooit moeilik geval om die ontbrekende woord deur samestellings aan te vul nie; want hulle het reeds van kleins af in Afrikaans leer dink, en so was hul gedagtegang Afrikaans—wat ook een van die vernaamste redes is dat Afrikaans so suiwer Germaans gebly het.

Die boerebevolking koester bepaald 'n afkeer teen die gebruik van vreemde woorde. En word die nood hulle opgelê om dié tog te gebruik, dan word die uitspraak net so 'n mislukking as met Engelse wanneer hulle Afrikaanse woorde en name desnoods moet uitspreek. So ken die plattelander vir Mr. White as *meester Wyts*; Gilfillan heet *Gilfelling*; Sullivan is *Sullefink*; Schlossberg is *Slonsberg*; MacGregor is *Mekrieker*. So ook is painkiller *pynkeller*, wonder-essens is *wonderliksens*; bronchitis is *bromkatjies*; police word *pollies*, ens., sonder om eens van verskuiwing van klemtoon melding te maak. Dit gebeur ook dat die Engelse handel hulle vreemde woorde in die mond lê, soos: *wa-kries*, *sal-mon* (vis), *stets* (studs), *skaapdiep* (dip), *emmi-loop* (envelope), ens.

Dog hulle laat hul nie aan bande van die handel knoop nie: 'n *disc plough* word genoem 'n *skottelploeg*; 'n *cultivator* 'n *skoffelploegie*; *condensed milk* heet *blikkiesmelk*; *tinned stuff* word *blikkieskos*; so ook *chipped beef* is *blikkiesbilting*; *potted stuffs* kry die naam van *gemaalde blikkiesvleis*; volgens die soort heet dit *gemaalde tong*, *gemaalde beesvleis*, *gemaalde varkvlies*, ens.

Dit is soms nogal prettig hoe verdraaid die vreemde woorde deur sommige van die buitebevolking uitgespreek word. Bly dit maar by *persent* vir *present*, *perbeer* vir *probeer*, *pilsier* vir *plesier*, dan val daar nie veel om daarvoor te sê nie; maar dit kom tot *appelkasie* vir *applikasie*, *solteer* vir *sorteer*, ens. Selfs word die betekenis van die woord nie begryp nie, soos in: „Ek sal dit so nooit *pretendeer* nie” vir *permitteer* nie. Die plattelander is oor-tuig van sy onhandigheid met vreemde woorde; daarom laat hy hulle links lê, wat glad nie tot nadeel van die suiwerheid van Afrikaans strek nie.

Dan is daar nog 'n ander oorweging waarom die platteland-spraak sy egte Afrikaanse karakter behou het: Kinder-oppassers op die boerplase is nie so vertroubaar om alleen met kinders gelaat te word nie—die beste bediendes gaan meesal na die dorp waar lone hoër is. Die boervrou is 'n ware moeder vir haar kind; om hierdie redes is die

kind meer aan die voorskoot van die moeder as dit die geval is in dorpe, waar vrouens hul reël na die gebruike van „society”. Verder kom hierby, om dieselfde rede, dat kinders wel, as hulle nog aan moedershand is, in geselskap van besoekers toegelaat word—algar op die platteland handel so; daarom word dit nie vir aanstoot beskou nie. Dus wanneer die kind leer om te praat, is hy onder bewaking van sy moeder en hoor ’n eenvormiger en beter taal as wat bediendes gebruik.

Reeds het ons geleentheid gevind om daarop te wys dat waar Kaffers bediendes is, die kinders die Kaffertaal van kleins af leer; dus bly hulle vry van slegte en onreëlmatige uitspraak.

Selfs die skoolinvloed op die platteland is anders as op dorpe: die kinders kom met hul donkiekarretjies na skool en land daar aan kort voor skooltyd; en sodra die skool oor is, versuim hulle nie, maar ry weer dadelik terug huis-toe, sodat geen tyd vir sport gelaat word nie. Tuis versorg hulle hul eie donkies en doen nog ander handreikinkies vir hul ouers. Dus, hulle leef en bly in ’n Afrikaanse, en glad nie in ’n vreemde omgewing nie.

Op die plaas het ieder bossie sy naam; geen wildeboom is naamloos nie. Elke voorwerp in die *veld* is onder een of ander benaming bekend—laat dit so onbeduidend wees as ’n *knikspoor*, of van so groot belang as ’n diep *kloof*; of van so geringe waarde as ’n *molshoop* of van so groot betekenis as ’n hoë *berg*. Ieder voorwerp het sy plaasbeskrywende of doeltreffende naam, soos: *veld* en *vlakke*, *heuwels* en *berge*, *rantjies* en *koppies*, *vloere* en *panne*, *kolke* en *kuile*, *vleie* en *laagtes*, *spruite* en *riviere*, *kranse* en *banke*—daar is niks wat *somar ’n ding* is nie.

Dit is nie al nie: ons word vervoer na ’n wye gebied. Daar is die veeboer, die graanboer, die wynboer, die vrugteboer en die tuinboer. Hul oog val nie op iets nie; hul hand roer nie aan iets nie; of hul oor word nie deur iets getref nie—vir alles is daar ’n gepaste Afrikaanse naam gesmee. Alles het sy bestemde tyd: ’n tyd om te saai en ’n ander om onkruid uit te skoffel; ’n tyd om te besproei, ’n ander om te oes en in te samel; ’n tyd om uit te trap (of uit te dors), en ’n ander om dit mark-toe te bring. Dan is dit die tyd vir lammers, kalwers, vulletjies, om te skeer, om winterveld-toe te trek. Die wingerde, boorde en tuine kry hul aandeel op hul tyd. Dit alles lê eise op die taal, en aan dié eise is, sonder vreemde hulp, voldaan.

Hoe het die name versprei sonder om verwarring te veroorsaak? Daar was immers in daardie dae nog nie landbouskole of -tydskrifte nie. Tans verskyn een landboutydskrif na die ander, maar ook een vreemde benaming na die ander duik daarin op, totdat die landelike bevolking by die Regering gekla het oor die onverstaanbare name wat in die *Goewerments-Landboujoernaal* voorgekom het. Verder as Standaard VI is hulle nie geleerd nie; so is Griekse, Latynse en Franse terme vir die boere in die algemeen onbegryplik. Hieruit blyk dat die deskundiges op landbou- en veeteeltgebied minder gelukkig was om gepaste en verstaanbare woorde te kies.

In vèrafgeleë hoeke en oorde is die boer nog sy eie smit, timmerman, skilder, dokter en selfs sy eie predikant; gevolglik behou hy baie vakname wat aan die ambagte en bedrywe verbind is, en dis nie vreemd om hom aan sy buurman te hoor vra nie: „Wat ambag jy nou?” Of: „Wat ambag die mense tuis?”

Die benaming van toestelle en dié van onderdele van goed wat op die boerplaas gebruik word, sal 'n taamlike lysie uitmaak; so noem ons slegs 'n paar voorbeelde: Die Hollandse *hefboom* heet *ligterhout* of *stelarm* in Afrikaans. Aan 'n wa vind ons: 'n *voor-* en *agtertang*; *luns* en *lunsriem*; *draaibord* en *ewenaar*; verder *skamel*, *skamelbout*, *bokbalk*, *buikplank*, *reling*, *voor-* en *agterkis*, *trap*, *disselboom*, *beuel*, *wiel*, *speek*, *band*, *naaf*, *naafband*, *remskoen*, *as*, *skeen* (aan hout-as), *perdewatang*, *ossewatang*, *langwa*, *bus*, *teerputs*, *trekgoed*, *trektou*, *trekketting*, *remketting*, *juk*, *jukskei*, *trensriem*, *osriem*, *agterjuk*, *voorjuk*, en so meer. Die Bolandse *weesboom*, wat bo-oor 'n vrag gerwe kom, is in die binnelande onbekend. So is daar 'n *bokwa*, *tentwa*, *kakebeenwa*, *molwa* (trollie), *perdewa*, *ossewa*, *halftentjiewa*, en ander. Op 'n wynplaas kom ons ander voorwerpe teë, soos: *wynkelder*, *stukvat*, *kuip*, *trapbalie*, *vlootjie*, *lêer*, *okshoof*, *halfaam*, *anker*, *gelling* (maat), *hewer* (Holl. *hevel*), *wynpomp*, *stelling*, *swawelpit*, en nog meer. Op die saaiplaas: *driesgrond* (maagdelike aarde wat nooit onder ploeg was nie), *braakland*, *ouland*, *stopland* (*stoppeland*), *koringmiet*, *hawermiet*, *oppers* (gerwehope op oesland), *kafhok*, *kafbok*, *hooisolder*, *hooimiet*, *ploeg*, *eg*, *braakland-eg*, *enkel-*, *dubbel-* en *drievoorploeg*, *gansnekploeg*, *osse-* en *perdeploeg*, *planter*, *kraalmis*, *kunsmis*, *voëlghwano*, *witghwano* (superfosfaat), *ysterghwano* (metaalskuim), *trapvloer*, *klein-* en *grootvloer*, *skop*, *gaffel*,

hark, skuiwer, jaagbesem, wanmasien, dorsmasien (die dors is die part wat die graan uitdors, die ander is die enjin), *mud, boesel, skepel* (uit gebruik), *strykvoor, misvoor, bank, akker, wenakker*. en so meer. Op die veeplaas: *kraal, skeerhok, lammerhok, kalwerhok, varkhok, hoenderhok, skaapkraal, skaapwagter, skaapram, skaapooi, skaaplam, hamel, bok, bokram, -ooi, -lam, kapater, bokwaater, voorbok, bokkraal, beeskraal, afdak, melkkoei, melkbok*—en so kan ons die lys nog langer rek. Dan is daar nog die vrugte- en tuinboer, wat 'n menigte woorde nodig het om te vertel wat op hul plasies aangaan.

Is daar—nes die Afrikaanse boer—nog 'n nasie wat met presiesheid die plekke kan bepaal waar 'n os of ander dier in die span trek? Hy span hul *agter, naasagter, op ses*, en so aan tot *naasvoor* en *voor*. Nog nader bepaal hy die trekplek van ieder dier, soos *hot- of haaragter, hot- of haarnaasagter, hot- of haar-op-ses*, ens. Op dieselfde manier sal 'n koringboer kan sê waar elke jong in die span graan sny, of 'n wynboer weet presies te vertel waar ieder jong in die dolvoor spit.

Die begaafdheid van die Afrikaner om gepaste name aan plase en plekke te gee kom sterk by die plattelanders op die voorgrond. Meesal is daar 'n geskiedenis aan verbind, soos: *Bloedrivier, Vegkop, Ponieskrans* (waar 'n perd Ponia aan perdesiekte beswyk is), *Kameelfontein* (waar kamele geskiet is), *Moedverloor, Boesmanfontein, Volstruispan*. In die meeste gevalle is dit plaasbeskrywend, soos: *Vlakplaas, Bergplaas, Kookfontein, Groenkloof, Soutkloof, Bankpan*, en so meer. Met die opskrywe van name van die persele in Mapochsgronde het baie daarvan my getref, daar ek met die geaardheid van elke perseel bekend was. Gee die eienaar die naam of bynaam op van *Drink-my-droog*, dan gee dit eienskap dat daar nie baie water is nie, terwyl *Paddadam* van 'n standhoudende watervoorraad getuig. *Politiekfontein* het 'n geskiedenis daaraan verbind—hoe die eienaar sy medeburgers uitoorlê het. So ook die bynaam van *Snuif-in-die-oë*. *Bobbejaanprotes* is 'n ander bynaam, omdat die stuk grond bo in die berg in 'n kloof lê en die weiveld van bobbejane is. Sommige name gee die gemoedstemming van die eienaar aan: *Rus-my-siel, Lekkerdraai*. Ook was daar digterlike name: *Koppie-alleen, Berg-en-Dal*.

Daar dit nou eenmaal die gewoonte is om op boerplase vroeg op te staan en vroeg na bed te gaan, bly daar saans nie veel tyd oor om boeke te lees nie; die aandag word slegs

gewy aan koerante, wat driemaal per week kom, en ook aan tydskrifte, wat eenmaal per maand verskyn—vroeër was soiets onbekend. Dus het egte Hollandse woorde en uitdrukkings nie so 'n vat op die plattelandse spraak gehad nie. Daarom hoor ons daar nie sulke deftige Hollandse woorde nie as: *Vaak* gebeur dit. *Des* te groter is sy verantwoording. *Trouens*, elkeen moet dit erken. *Desnietemin*. Dit is kleiner *dan*. Die man *die* hier was. *Welke* persoon was hier? Almal woorde wat as boektaal beskou word. Wat die plattelander sê, is dit: *Dikwels* gebeur dit. *Hoe* groter is sy verantwoording. *Inderdaad*, elkeen moet erken. *Nietemin*. Kleiner *as*. Die man *wat* hier was. *Watter* persoon was hier?

Stukke vir die buitebevolking geskryf, moet kort en saaklik wees, want mog hulle die koerasie hê om 'n lang artikel aan te pak, dan merk hulle by die slot op: „Waarom moet die geleerde mense só omslagtig skryf?”—terwyl sommige self taamlik omslagtig iets kan vertel. Maar in die reël kan die ou jagter en plattelander iets baie aanskoulik verhaal; sy taal is beeldryk en sy wyse van voorstelling helder. Een aand sit 'n man dinge uit die ou dae vertel; 'n paar uitlanders was teenwoordig, en hulle het aandagtig geluister. Een van hulle roep by die slot uit: „Só kan ons uitlanders nie 'n storie vertel nie! Dit is asof jy alles voor jou sien en hoor.”

Die rede hiervoor moet miskien daarin gesoek word dat die mense op die platteland nie soveel dinge sien en hoor nie as dorpinge om hulle opgewonde te maak, want opgewonde persone is selde goeie vertellers. 'n Boer word net opgewonde as die vee in sy land is, as sy volk laat in die werk kom, en as die kalwers uitsuip.

§23—DORPSPRAAK.

Die inwoners van ons dorpe—vernaamlik dié van ons groot stede—is samegestel uit Afrikaners en Engelse, Hollanders en Duitsers, Jode en Grieke, Arabiere en Indiërs, terwyl kleurlinge en inboorlinge gewoonlik die bediende-klass uitmaak. Almal dryf handel, en elkeen besit 'n taal van sy eie, wat sterk op die oggendmarke gehoor word. Die Afrikaners, die oorspronklike blanke bevolking van die land, is in die stede vèr in die minderheid en gevolglik ook hul taal—Engels het die oorhand, daar die Engelse die handel van die land in hande het. Daar is 'n gedurige heen-

en-weer-lopery; die een moet die ander oor een en ander spreek; die gewoel is groot, en besigheid word onafgebroke verrig. Suiwerheid van taal in besigheidsgesprekke is van minder belang solank die doel bereik word. Praat maar krom: niemand sal jou, soos op die platteland, uitlag nie. Dit skep natuurlik 'n toestand wat die gehoor vir suiwerheid verdoof; so is 'n slodderige wyse van uitdrukking geen skande nie.

Dan, die inwoners van stede en dorpe is nie 'n vaste bevolking nie; daar is 'n gedurige verskuiwing van een dorp na die ander, sodat daar geen einde aan die Babelse spraak kom nie, en dit is die oorsaak dat die spraak van stede en dorpe 'n eienaardige spreekwyse volg, wat min of meer met mekaar ooreenslaan. En tog is daar 'n groot verskil in spraak tussen stede soos Kaapstad, Port-Elizabeth, Kimberley, Johannesburg, Pretoria en Pietermaritzburg te bespeur—die verskillende nywerhede en ander invloede het dit veroorsaak en hou dit aan die gang.

Daar die Afrikaner hom meesal toelê op boerdery, het die handel uit sy hande in dié van die Engelse oorgegaan, waardeur Afrikaans armer aan besigheidsterme geword het, omdat dié nie meer gebruik is nie en dus verlore geraak het—pleks dat hy hom verryk het om nuwe woorde te skep, wat moet pas by die nuwe toestande in nywerheid en handel. Spreek 'n uitlander 'n Afrikaner in Afrikaans aan, dan is die uitspraak in die meerderheid van gevalle gebrekkig, en hy antwoord gewoonlik op dieselfde gebrekkige manier van uitdrukking. Dit is so anders as wat die Engelse doen, wat te behoudend is en te veel respek vir hul taal koester om dit so op te brou. In sy besigheid, winkel, kantoor en in sy sitkamer streef die Engelsman om suiwer Engels te spreek, wat die geval met die dorpeling ongelukkig nie is nie. Met inspanning kan hy natuurlik nog suiwer praat, maar in die meeste gevalle is hy onbedag en ag dit onnodig om so nougeset met sy taal om te gaan. En dit is die rede waarom dorpeling hulle Afrikaanse gesprekke, tot selfs in die sitkamer, met so baie Engelse woorde deurvleg. Die kinders hoor dit en dink dit hoort so; en ook die huismoeder is sterk onder die aanstootlike invloed gekom om Engelse woorde in te vleg en maak dit die taal waarmee sy haar gedagte in die beste geselskappe verklank. As die vrou ons taal so vermink, wie moet dan vir die skoonheid van die sitkamertaal sorg? In die vorige paragraaf het ons die oog gerig op die platteland om Afri-

kaans van vreemde smette vry te hou; maar wat skoonheid van vorm betref, is ons aandag op groot stede soos Kaapstad, Stellenbosch, Bloemfontein, Potchefstroom en Pretoria gevestig. Wanneer die tyd daarvoor ryp is, sal 'n Catharina Rambouillet—nes in Frankryk—haar sitkamer vir taalliefhebbers oopsit om Afrikaans te verfyn en te ontwikkel dat dit in skoonheid sal uitmunt—al is dit vereers nog nie so pragtig as die Franse taal nie.

Maar nou verkeer die kind nog onder die invloed van die huistaal wat in dorpe so ontsier word; die speelvele help mee saam met skole, waar hy met kinders van verskillende nasionaliteite in aanraking kom. Dus, dit word vir hom as kind moeilik gemaak om te besef wat suiwer Afrikaans is. Die teenstanders van Afrikaans maak gebruik hiervan en weier om hul kinders Afrikaans te laat leer. Ook bestaan daar totnogtoe geen goedkoop Afrikaanse kinderboeke nie; derhalwe moet die jongspan hulle met Engelse boeke behelp, wat nog nie die algemene gebruik op die platteland is nie.

Deurdad dorpse mense ná op mekaar woon, is daar gedurig *morning* en *afternoon calls*. Wanneer daar kuiergaste of *callers* is, dan word kinders nie in die geselskap van grootmense toegelaat nie; dus, wanneer die moeder uitgaan op besoek, of gaste ontvang, dan word die kinders in die reël aan die oppassers toevertrou. Die huisbediendes praat wel Afrikaans, maar nie van die gewenste gehalte wat in die sitkamer gehoor word nie.

Daar is egter nog baie dorpsmoeders wat gesteld is op die huistaal van hul kinders, van die huismense, en wat nog die roer van suiwerheid in die hand hou. Onder die oumense, wat miskien minder geleerd was, was daar baie; hoe dit nou toegaan, moet elke huismoeder self weet. Het iemand 'n sekere ouderdom bereik, dan is hy, of sy, taamlik klankvas; en dit gaan dan uiters moeilik om af te wen wat eenmaal vasgegroeï het—dit vertel musiekonderwysers ons deur hul langdurige ondervinding.

Hoewel die dorpspraak ook deur dié van die platteland in die onmiddellike omgewing beïnvloed word—wat sterk in die binnelandse dorpe gevoel word—, het die dorpspraak ook 'n sekere mate van invloed op die spraak van die nabygeleë omgewing; dit is te wyte aan oor en weer kuier en aan die feit dat die buitense meer by die winkels en kantore gesien word as diegene wat veraf woon. Die skool het hiermee ook veel te doen, daar boerkinders—wat in die

dorp op skool is—op dié leeftyd baie vatbaar is om nuwe woorde en gesegdes vir hulle toe te eien.

Die woordeskat van die dorpenaar is ryker as dié van die buiteman—afgesien van vreemde of bastaardwoorde. Want hy gesels oor baie meer onderwerpe as wat op boerplase die aandag trek, hy lees meer koerante en tydskrifte en is meer in aanraking met geleerde persone van verskillende vakke. In stede, waar uniwersiteite, kolleges en hoë skole is, is dit nog meer die geval; want die spraak van die professore, onderwysers en studente beskik oor 'n groot getal woorde, wat die ander opgevoede bereik. Verder is die dorpeling in die voorreg gestel om voorlesings, toneelopvoerings, debatte en vergaderinge van allerlei aard by te woon, terwyl sy plattelandse vriende van sulke voorregte verstoke is. Dis opbouend en belet die dorpspraak om langsaam te ontaard.

Wat die oog in dorpe grootliks van Afrikaans aflei, is dat meesal in Engels teen winkelruite, buitemure, en uithangborde geadverteer word; dus lê die Engelse benaming wat hy buite gelees het, reeds op die lippe as hy die besigheidsplek binnestap. En dit is maar eenmaal die fout van 'n tweetalige persoon dat as 'n woord in sy taal hom nie meteens byval nie, hy dan die woord uit die ander taal inlas. Liewers om te dink wat die Afrikaanse naam is, vra hy, of sy, *steaks, chops, undercut, of brown bread, cross-buns*, of wat ook al die besigheid mag wees. Hy praat dan ook van sy *bicycle, typewriter, shopping*, gaan *call, bioscope, groceries, soda water* (spuitwater), *cocoa*, ens.

Dit is egter verblydend dat ons meer en meer die dwaasheid van so 'n manier, om gedagtes slodderig uit te druk, insien en ons toelê om dit nie alleen in ons te onderdruk nie, maar ook om ander daartoe oor te haal.

§24—PLAT EN EIENAARDIGE AFRIKAANS.

Soos die geval is met alle tale, besit ook Afrikaans sy plathede en minder verfynde gesegdes. Dié soort taal word gewoonlik gevind by die minder bevoorregtes en veragterde klasse, wat die geleentheid van opvoeding misgeloop het. By ons moet die oorsprong *plaaslik* gesoek word onder invloed van inboorlinge wat hul eie taal prysgegee het vir Afrikaans. Hul eerste pogings om Afrikaans te praat het hulle in versoeking gestel om soms sinne uit hul eie taal letterlik in Afrikaans te vertaal, soos vandag nog die geval

is met Kaffers. Hierdie brabbeltaal—ons het reeds daarop gewys—het op die spraak van die opgevoede Afrikaners geen die minste invloed uitgeoefen nie. Was daar nogal invloed in sekere streke uitgeoefen, dan was dit van onbeduidende aard; die bewys hiervoor is dat Afrikaans suiwer Germaans gebly het en so min inboorling-materiaal tot sy skat van woorde toegevoeg het.

Die spreekwoord: „Armoede skend nie”, mag waar wees, maar die arm persoon het nie die vrymoedigheid om met beter gestelde persone, wat goed geklee is, op intieme voet te verkeer nie; hy voel sy armoede, hy let op sy slegte klere, en om hierdie rede trek hy hom terug. Maar hy voel tog hy is witman wat hoër staan as die kleurling wat hom nog altyd aanspreek as „baas”. Maar hierdie gevoel van eiewaarde werk op sy ydelheid, en hy stap die grense van sy werklike waarde oor en gaan gesels met diegene wat hom as „baas” aanspreek en maak van hul plat taal gebruik om lekker te kan gesels. Gelukkig, sulke gevalle is nie die reël nie. Dié persoon se kinders, wanneer hulle met die meer bevoorregte kinders meng, voel hulle die veragterde skepseltjies wat met minder aandag bejeën word. Hulle voel dit diep en gaan liewers met kinders speel wat vir hulle „basie” noem. En wie is meer vatbaar om die spraak van ’n ander oor te neem as ’n kind? Op hierdie manier staan die spraak van die agterlike deel van ons volk laer as dié van die gros.

’n Ander bron van plat taal is die spraak van die Griekwas. Hoe dié basterras ontstaan het, weet ons uit die geskiedenis. Hulle was oorspronklik Hottentotte met wie blanke Europeane hul vermeng het. Voor die Griekwas met Afrikaans goed vertrouwd was, het hulle die nabyheid van Kaapstad verlaat en het noordwaarts getrek om die streke in Namakwaland, Boesmanland, Griekwaland-Wes en later Griekwaland-Oos te bewoon. Hul taal is ongetwyfeld die laagste vorm wat Afrikaans bereik het. Ook het blanke na daardie streke getrek; en daar dié gewestes vry ope grond was om met vee rond te trek, het almal hul vee werwe in die onmiddellike omgewing van waterputte maak, aangesien lopende strome daar net in reëntyd bekend is. Die veeboer het in die dag veel tyd om te praat, en gevolglik het die welgestelde Griekwas geleentheid genoeg gehad om met die blankes te gesels. En hierdie geselsery het ongetwyfeld ’n baie nadelige invloed op die spraak van die blank trekboer uitgeoefen; en wanneer ons

die spraak van daardie gewestes breedvoeriger bespreek, kom ons op hierdie punt terug.

Gelukkig het hierdie toestand hom verder met die Kaferspraak nie voorgedoen nie, waaroor ons geleentheid sal vind om ook breedvoeriger uit te wei.

Daar dit my strewe is om 'n oorsig te gee hoe Afrikaans oor ons hele land gepraat word, is dit nie my doel om vas te stel wat plat is en wat nie plat is nie; ek bepaal my net by wat gebeur het en nog gebeur. Ons moeders was baie daarop gesteld dat ons kinders nie van plathede gebruik moes maak nie, en so het hulle in hul ywer soms te ver gegaan en het ons gewaarsku teen sulke woorde as *vat*, vergetende dat daar wel deeglik 'n verskil is tussen *vat* en *neem*. Nooit wou hulle hê nie dat ons moet sê: „*Vat die vurk*.” Volgens hul mening moes dit wees: „*Neem die vurk*”, want *vurk* het hulle ook as plat beskou net soos *skottel*, *botter*, *vleis*, *sop*, en dies meer. Ons Afrikaners gebruik *vat* in die sin *gryp*, soos: „*Vat my hand*”; in die sin van *skep*, soos: *Moed vat* (*skep*). So het ons ook: *handvatsel*, *koue gevat*, *iets aan die hand vat*, *vatplek*, *hy vat koers*, *vasvat*, ens. *Neem* word meesal in die sin van *ontvang* gebruik, soos: „*Neem die bord aan*”, ook: *dis aanneemlik*, *verlief neem*, in huwelik *neem*, *aanneem* (tot lid van die kerk), *onaanneembaar*, ens.

Die woorde *vreet* en *vrek* was goggas in die ore van ons oumense, en tog het hulle ons beskuldig: „*Kinders, julle vreet aan my siel*”; verder het hulle gepraat van 'n *vretende* kanker, die *vrektyd* van perde aan perdesiekte, of van 'n groot *vrekte* onder die skape, ens.; maar „*loop vrek!*” of „*waarom vrek jy nie!*” is weer iets anders waarteen ons gewaarsku was.

Die woord *bek* het hulle ook so aanstootlik gevind, soos in: „*Ek gee jou 'n klap op jou bek*.” Maar *leeubekkie* (*blom*), *rooibekkie* (*voëltjie*), *suikerbekkie* (*jangroentjie*) mog ons wel sê, terwyl hulle self gepraat het van: „*soos 'n voël gebek is, sing hy*,” „*die perd is hard in sy bek*,” of „*hardbekkig*”; „*ek voel bek-af*” (*vir moeg of neerslagtig*), en nog meer.

Poot was 'n ander sondebok, soos in: „*hou jou pote tuis*,” „*die man het vir jou regtig groot pote*”. Maar tog het oom gekla oor *pootjie* (*jig*), maar het sy seun bestraf as hy praat van: „*poot in die as slaan*.” Dan kla hy weer dat die *duisendpote* sy ertappels so verniel. So hoor ons

ook van *poot-uit*, dan van *hoenderpoot* (op bandietklere), *skaappoot*, *beespoot*, ens.

Suip moes dit ook ontgelde, en so moes ons hoor: „*Mense drink*, maar diere *suip*” of: „*Mense verdrink*, maar diere *versuip*.” Dan gesels die oues weer van: „’n kelkie wyn *drink*”, maar kla oor: „die *suipery* van die volk by die kantiene”; of: „hy *suip* soos ’n vis”; oor *wynsuipers*, *suiplappe*; ook van: ’n *suiping* of *suipplek* (van vee aan ’n stroom), ens.

Brabbeltaal is ’n ongebonde spreekwyse wat hom nie aan die taalreëls steur nie—veral nie aan die manier waarop die woorde uitgespreek word nie. So ’n soort van gedagte-uitdrukking is in die ou dae vernameklik deur die Afrikaanse slawe gevolg. As kind het ek met verskeie van dié soort werkvolk uit die later tydperk van slawerny in aanraking gewees en weet nog goed hoe ou Kalem, Malampie, Jas Masbiek, en ander gepraat het. Hul kinders het ek ook geken, en dié het ’n suiwer kleurling-Afrikaans gepraat, wat ’n bewys is dat die taal van hul baas en dié van die ander volk ’n groter invloed op die brabbeltaal uitgeoefen het om dit reg te kry as wat die brabbeltaal op die gewone spraak uitgeoefen het. Maar wonderlik, die oues wat uit hul land gekom het, kon die regte uitspraak van Afrikaanse woorde nie regkry nie. ’n *Konfoor* was *fôr*, ’n *saalklap* was *klapsaal*, *juk* was *jok*; ook was hul taal en sinbou miserabel. In plaas van te sê: „Die bok is nie dood nie, maar is siek”, word gesê: „Die bôkwe kan nie dod nie, darem hy nog sieke.” Of ’n *kar-os* was soms *die os van die kar*, sowel as *die kar van die os*. So wanneer hy moet vertel: „Die kar-os het flou geword”, dan was dit: „Die kar van die os hy hette gedaan.”

Dat so ’n spreekwyse min invloed, of geen invloed, op Afrikaans uitgeoefen het, word bewys deurdat Afrikaans nie in ’n brabbeltaal ontaard het nie—hiervoor was Bybel- en kerkinvloed ’n kragtige teëmiddel.

Afrikaanse sleng (Engels *slang*) is meesal die vrug om iets van ’n grappige sy te beskou; so word iemand ’n *papbroek* genoem wanneer hy halfhartig, sonder die nodige aandrang en onverskillig oor wat die gevolg mag wees, handel; kortom, ’n *papbroek* is iemand op wie nie staat kan gemaak word nie. Om iemand *dop te hou* is om sy handeling noukeurig gade te slaan. Hy *katnael*, of hy *skeur die wêreld*, beteken: hy hardloop weg. *Lappiesmous* (vir handelsreisiger), *bokdokter* (vir brandsiek-inspekteur),

goggakoning (vir insekkundige), *koringkriek* (vir 'n koringboer se dogter), *stoepsitters* (vir dorpinge), *torre* (vir boerseuns), en nog meer, word dikwels gehoor. So ook word die boermense deur dorpinge *boerkwaggas* genoem; 'n klerk word 'n *penlekker*; en kleurlinge as *bloubekke* bestempel. Aan hierdie soort humor is haas geen einde nie.

Sinspeling op name van persone is in die reël nie van blywende aard nie en duur solank die persoon leef en miskien 'n ruk ná sy dood. Wie hoor nou dikwels van *Sleensteen* vir Shepstone, of *Bottelbier* vir Bartle Frere, of *Langjan* vir Lanyon? Name van persone bly nog voortlewe wanneer dit b.v. aan 'n straatliedjie verbind is, soos: „Parreira, vat jou goed en trek” (Parreira was goed in Kaapstad bekend; hy het krom bene gehad; ook moes hy vir skuld van plek tot plek vlug. Sommige onbekend met die Portugese naam Parreira het dit op 'n meer bekende Portugese naam Ferreira oorgebring). So ook is Horak bewaar gebly in die segwyse: „Wat sê Horak?” Aan die Pêrel het hy gewoon en was 'n verstandige man om raad te gee; baie het na hom gegaan om advies; so wanneer iemand in moeilikheid was, word hom gevra: „Wat sê Horak daarvan?” Dit het ek van oumense wat Horak geken het, en van een van sy kleinkinders. Maar hierdie punt raak nie plat taal nie, en daarom bespreek ek dit as eienaardige Afrikaans. In die loop van ons bespreking sal daar geleentheid wees om meer breedvoerig te wees oor eienaardighede van Afrikaans.

By gebrek aan genoegsame taalondersoek is ons maar te geneig om ons verstand te raadpleeg en dan 'n uitleg van ons eie mening omtrent die vraagstuk te gee, waardeur ons die saak eer in die war bring as om dit op te los. En daarom moet hierdie feit ons nog sterker aanspoor om die spreektaal grondig te ondersoek alvorens met 'n opinie van ander of van onself voor die dag te kom.

Wat plathede in die algemeen betref, blyk daar 'n verskil van opinie te bestaan. Omtrent driekwart van die bevolking praat van *twak*; die Bolander noem dit plat en sê *tabak*. Die Bolander weer spreek van *klong*, *patats*, *boontjies*, en die ander dele van die land verklaar dit vir plat en noem dit: 'n *kleinjong*, *patattas*, *bone*; en so is daar etlike voorbeelde nog waar die een party die ander verwyt dat hulle onsuiver taal spreek. Maar met taalondersoek en grondige kennis sal geleidelik uitgemaak word wie reg en wie verkeerd is.

§25—DIE VERHOUDING VAN AFRIKAANS TOT HOLLANDS.

Soos ons algar weet, is die Nederlandse taal van vandag en Afrikaans die twee takke uit die Hollandse stam van die 17de eeu. Elkeen het sy eie rigting na sy eie behoefte ingeslaan, en so het twee afsonderlike tale uit een stam geword.

Daar Afrikaans van die begin nie aan vaste reëls van 'n vasgestelde skryfvorm gebind was nie, het dit meer vryheid gehad om te verander. In hierdie opsig het dit sy vrye gang gegaan en het hom spoedig losgemaak van ingewikkelde verbuigings en vervoegings. Verder het hy hom ontdaan van harde medeklinkers en het die slepende uitgange eenvoudig weggelaat. Hollands het egter dit alles nie so uitgevoer nie, en nog steeds word Holland met 'n skryftaal bedien wat al aanmerklik van sy spreektaal afwyk; terwyl ons nie vergeet nie dat Nederlands met moeiliker toestande te kampe het as Afrikaans, omdat in Holland so baie gewestelike sprake bestaan wat onderling grootliks van mekaar verskil.

Hieruit blyk al dadelik dat tussen Nederlands en Afrikaans 'n wye kloof ontstaan het; maar gelukkig die twee walle van die kloof is oorbrug, waardeur die een taal vir die ander bereikbaar is, en dus wederkerig vir mekaar van groot waarde is. Hierop wil ons let in hierdie paragraaf, en sal die verhouding van Nederlands tot die Afrikaanse spreektaal iets nader bespreek.

Ons het reeds geleentheid gevind by die bespreking van invloede van Kerk en Skool om aan hierdie onderwerp te skram, dog nou deel ons meer van ons waarnemings mee.

Hollanders wat pas uit hul geboorteland hier aangekom het en Suid-Afrika tot hul nuwe vaderland aangeneem het, vind ons taal vreemd en kritiseer dit sterk deur ons te vertel hoe verkeerd ons praat en dat hulle Afrikaans glad nie mooi vind nie. Ons kan hul beskouing goed begryp, want hulle lê die Nederlandse maatstaf naas Afrikaans om die hoedanigheid daarmee te meet. Maar hulle is nie te lank in Suid-Afrika nie of hulle begryp ons standpunt volkome en beywer hulle dan om Afrikaans op eie grondslae te ontwikkel. Dit was 'n gebore Hollander, mnr. Arnoldus Pannevis, wat ons aandag die eerste bepaal het op die doeltreffendheid van Afrikaans as taal en ons aangespoor

het om dit tot skryftaal te ontwikkel. Dit was 'n gebore Hollander, mnr. C. P. Hoogenhout, wat voorsitter was toe die Genootskap van Regte Afrikaners opgerig is. Onder die ledetal was die ywerige werker, mnr. J. W. van der Rijst, 'n gebore Hollander, so was ook mnr. Jan Balt; en onder die medewerkers was ds. Jan Lion Cachet, 'n Hollander, die geesdriftigste. Iemand wat in Holland gebore is en as kind na Suid-Afrika gekom het, het my vertel dat sy ouers hier daar erg op gesteld was dat hy en die ander kinders suiwer Nederlands in huis moes spreek, terwyl hulle buitenshuis Afrikaans mog praat. Hy is na Holland vir sy studies terug en het daar jare gestudeer, waarna hy na sy nuwe vaderland, Suid-Afrika, teruggekom het; en hy sê by 'n sekere geleentheid aan my: „Mnr. Von Wielligh, as ek van een ding spyt het, dan is dit dit: dat ek my proefskrif oor Aardkunde nie in Afrikaans geskryf het nie.” Hier het ons die bewys hoe gebore Hollanders Afrikaans bejeën.

Op taalgebied is die Nederlander erg behoudend en het nog nie so ver as die Engelse gegaan om gretig van hul koloniste woorde oor te neem om daarmee hul woordeskat aan te vul nie; by voorkeur neem hulle die toevlug tot ou tale of Frans om die ontbrekende woorde oor te neem. By voorbeeld, die Afrikaanse woorde *vuurhoutjies*, *trapsoetjies*, en meer, noem die Hollanders nog *lucifers*, *chameleon*, ens. Ons woordeskat in ander opsigte is voorwaar nie te minag nie.

Dit word verklaar dat Afrikaans die hele Nederlandse woordeskat tot sy beskikking het; maar seker tog nie onvoorwaardelik nie. Die Afrikaner aan die ander kant is meer toegewend op die gebied om woorde uit Hollands oor te neem; wat hyself nie kan smee nie, ontleen hy uit 'n Hollandse woordeboek, maar dit geskied onder voorbehoud, omdat soms een en dieselfde woord in Nederlands en Afrikaans ander betekenis gekry het. So verstaan 'n Afrikaner dat *afneem* (portret neem) in Hollands dié betekenis nie besit nie. *Aardig* (ook *arig*) in Afrikaans is naar, onhebbelik; in Hollands is dit fraai, lief. *Akker* in Afrikaans is 'n smal strook grond van enige treë breed wat die vak is wat een ploeg moet omwerk voor hy 'n ander *akker* aanpak; in Hollands is dit die hele ploegland; 'n *akkertjie* is 'n tuinbedding, in Hollands heet dit 'n *broeibed*. *Kneg* in Afrikaans is die blanke voorman op 'n boerplaas; in Hollands word die woord toegepas op alle manlike huurlinge wat in huis

of op landerye werk. *Eland* in Afrikaans is die grootste wildbok (antiloop); in Hollands is dit 'n groot takbok. *Gensbok* in Afrikaans is 'n wildbok met twee reguit horings; in Hollands is *gemsbok* die chamois van die Alpe. *Stekelvark* in Afrikaans heet ook *krimp-*, of *rolvarkie*; in Hollands is *stekelvarken* ons *ystervark*. *Klimop* in Afrikaans is enige soor klimplant; in Hollands is dit die *Hedera* (Engels *ivy*). *Vermaak* in Afrikaans is 'n soort hartseer-maak; in Hollands is dit vervorm. *Aanmaning* in Afrikaans is die *na*-tekens van 'n vorige siekte soos in malaria of perdesiekte; in Hollands is dit die *voor*-bode van 'n siekte of naderende gebeurtenis. Vergelyk nog verder: *sysie*, *wolf*, *tier*, *steenbok*, *ribbok*, *veld*, *kuier*, *dam*, *bok*, *beeste*, *doodskrik*, *muishond*, *dassie*, *skoenlapper*, *seekoei*, *meid*, *kop*, *pan*, *spruit*, *skel*, *skram*, *bel*, *werf*, *meerkat*, *jas*, *tulp*, *kamp*, *beset*, *kleingoed*—en so is daar nog baie meer woorde wat in betekenis verskil.

Maar aan die ander kant is daar nog baie meer Hollandse woorde wat uit die Afrikaanse spreektaal verdwyn het, of nog nie daarin opgeneem is nie, hoewel hul betekenis vir die Afrikaner deur Nederlandse geskifte bekend gebly is, soos: *toorn*, *verbolgenheid*, *keuken*, *nopens*, *nadeemaal*, *byaldien*, *wynpersbak*, *wyders*, ens. Die kan maklik opgeneem word.

Ook is daar 'n menigte woorde in Nederlands waarvan die Afrikaner in die algemeen die betekenis nie weet nie, soos: *Huiken*, *hozeband*, *beu*, *kevels*, *kier*, *klenzen*, *kluij*, *gijp*, *gloren*, *brui*, *entrijs*, *erachten*, *flambouw*, *fleemtong*, *flonkeren*, *gaaien*, *gaanderij*, *gaats*, *gaggelen*, *geslemp*, *haag*, *hander*, *hachje*, *hompel*, *hutselen*, *ijzel*, *jaarwedde*, *jijen*, *kaam*, *krissen*, *vaan*, *bloknaad*, *bloodaard*, *blut*, *bobijnen*, ens. Van hierdie klas woorde is die persentasie baie groot.

Selfs die uitdrukking *lansie breek*, of die *draak steek* is nog baie onbekend en word meesal deur geleerdes gebruik. So ook is daar min wat weet wat die volgende gesegdes beteken: *Ik heb er den brui van*; *wat bruit het mij?* *een appeltjie voor den dorst bewaren*; *het eindje zal den last dragen*; *het is niet van mijne gading*; *achter de hand liggen*; *er het hachje bij inschieten*; *in de kas zitten*; *uit zijn zak liegen*; *het neusje van den zalm*; *iets kopen voor een prikje*, en so meer.

Die teenstanders van Afrikaans verkeer onder die indruk, as hulle Nederlands grammaties ken, dat hulle die taal dan magtig is, maar vergeet dan dat suiwer Hollandse uitspraak en gebruik van egte Nederlandse idiome daarby

hoort, en dis hierdie laaste twee vereistes wat 'n Afrikaner moeilik kan oorwen.

Dus, die bewering dat ons die hele Nederlandse woorde-skat tot ons beskikking het, mag in teorie waar wees, maar in die praktyk is dit nie so nie; want ons volk moet eers tyd kry om die betekenis van al die woorde te leer. Dit help immers nie om onbekende woorde neer te skryf waarvan die betekenis nie bekend is nie. Om van die standpunt uit te gaan dat as 'n suiwer, dog onbekende Hollandse woord, in 'n Afrikaanse geskrif geplaas word, dat dit *dan* skielik Afrikaans word, sal gewis nie bydra om ons taal te verryk nie. Wel, miskien om taalvorsers oor 'n honderd jaar te laat stry dat dit *wel* Afrikaans is omdat dié en dié dit in 'n Afrikaanse geskrif reeds gebruik het. So sal hulle dan kan beweer dat *keet* Afrikaans is, omdat skrywer so en so hom also uitgedruk het: „Haal vir my die sout in die *keet*.”

Een van die skrywers wat graag onverstaanbare Hollandse woorde tussen sy Afrikaans invleg, het aan my be-weer: „As die volk die betekenis van die woorde nie weet nie, moet hulle dit eenvoudig leer.” Die skrywer besit nie die reg om te gebied nie; hy moet selfs baie bekwaam op taalgebied wees om te lei—die spreektaal is 'n baie sterk stroom wat hom nie so maklik laat opdam nie.

Daar is baie egte Hollandse woorde wat nie meer in ons spreektaal afsonderlik gehoor word nie, en tog is hulle in saamgestelde woorde bewaar gebly, soos: *ros* (perd) in *roskam*, *rosmeul*; *koe* (koei) in *koevoet*, *seekoegat*; *muil* (bek) in *muilband*; *kip* (hen) in *kipperig*; *vlees* (vleis) in *vleeslik*, vir *vlees* en *bloed* is dit swaar, ens.; *broeder* (broer) in *broederlike liefde*, *Broeders en Landgenote!* *Broederstroom*, ens.; *steen* (klip) in *gesteente*, *steenhoop*, *steenkool*, *versteen*, *steen des aanstoots*, ens.; *burg* (vesting) in *Winburg*, *Boksburg*, en so meer; *vallei* (vlei) meesal in plaasname en ook in *vallei des doods*; *bron* (fontein) in *Heilbron*, *Rietbron*, *bron des lewens*, en nog meer.

Afrikaans, net soos Engels, het geslagte vir lewelose voorwerpe verwerp; en dit op sigself maak die praat en skrywe van die taal soveel makliker as Nederlands. Selfs in die geslagsbepaling van diere het die Afrikaner na eenvoudigheid gestreef deur die woorde *mannetjie* en *wyfie* voor of agter die diernaam te plaas, wat meteens eenvormigheid verskaf, soos: *mannetjieleu*, *wyfjieleu*; *mannetjie-eend* en *wyfie-eend*; *mannetjiekat* en *wyfiekat*, ens. So het hy ook: *leumanne-*

tjie en *leeuwylie*; *eendmannetjie* en *eendwylie*; *katmannetjie* en *katwylie*, ens. Die benaming *leeuwyn* (vir *leeuwylie*), *woerd* (vir *eendmannetjie*), *kater* (vir *katmannetjie*) gebruik die Afrikaner nie, maar wel *haan*, *hen*, *bul*, *koei*, *hings*, *merrie*, *ram*, *ooi* as geslagsbepalings.

Die grootste verskille tussen Nederlands en Afrikaans bestaan in hul taalkunde—wat buite die beskouing van ons geselstaal natuurlikerwyse moet bly.

§26—DIE VERHOUDING VAN SKRYFTAAL TOT SPREEKTAAL.

Aangesien hierdie saak in die hande berus van die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, val hieroor nie veel mee te deel nie. Besware en moeilikhede omtrent die skryftaal wat nog vir enige jare bestaan het, is uit die weg geruim, en steeds word aandag aan die skryfvorm gewy. Wat die taak enigszins moeilik gemaak het, is dat hier in Suid-Afrika die Hollandse skryfvorm reeds lank bestaan; die Hollandse taal is op skole geleer, en so het dié spelling om woorde in geskrif uit te beeld vas in die bevolking gegroei. En dis wonderlik hoe behoudend 'n nasie omtrent sy gedrukte taal is—die oog is te gewend geraak om 'n sekere woord so en so gespelle te sien. Word dit anders volgens suiwer uitspraak geskrywe, dan lyk dit glad 'n ander woord, al gee dit die klank suiwer weer. So moet in hierdie opsig met die lesende publiek rekening gehou word om die afwyking in spelling nie meteens te groot te maak nie. Die spreektaal leef saam met die volk, en namate die volk hom by nuwe toestande aanpas, in dieselfde verhouding verander die taal en vereis gedurige versorging. En dit is hierdie verandering wat die moeilikhede oplewer; die konserwatiewes wil aan die ou verslete spelling nie laat torring nie, en die voortstrewendes raas gedurig oor nalatigheid om tred met die uitspraak te hou. Maar wanneer al skrikkeljaar met die spelling gepeuter word, dan bring dit verwarring op skool, daar die reeds gedrukte boeke baie van hul waarde vir die onderste klasse verloor, en die boeke moet tog verkoop word, anders ly die uitgewers groot geldelike verliese.

Deurdadig die trekkers na die binnelande nie meer die voorreg besit het om die Hollandse taal grondig te leer nie en hul spraak tog Afrikaans was, waarvan geen skryfvorm

bestaan het nie, so het elkeen op sy manier getrag om *Hollands* op die beste wyse te skryf. Dié gemaakte skryftaal was dus nie Hollands en ook nie Afrikaans nie, en was 'n taal wat net in briefwisseling bestaan het: Ons sal dit Afrikaans-Hollands noem.

Afrikaans-Hollands was net so algemeen verstaan as die Afrikaanse spreektaal en bestaan nog van daardie dae af tot nou toe. As spreektaal hoor ons dit ook in bidure en soms in toesprake. Hiervan het mnr. Meurant gebruik gemaak in sy geskrif van 1861 om die regte van die Oostelike Provinsie van Kaapland te bepleit. Omdat daardie dokument in druk verskyn het, word daar meer ophef van gemaak as van die duisende briewe van daardie tyd wat nie in druk verskyn het nie. En dus, om te beweer dat daardie 1861-dokument die eerste een is wat in Afrikaans geskryf is, vereis 'n bietjie meer ondersoek en nadink. Ons argiewe sal in hierdie opsig baie lig op die saak kan werp.

Dit was mnr. Pannevis wat die eerste die snaar aange-roer het om Afrikaans as skryftaal aan te pak, en dit was die ou Genootskap van Regte Afrikaners wat doelbewus die bul by die horings gegryp het—en wel in die jaar 1875.

Hoe die lede van daardie ou Genootskap ook al die noodsaaklikheid ingesien het om Afrikaans te skryf soos dit uitgespreek word, hulle was tog aan die Nederlandse skryfvorm enigsins gebind en moes die oog van die volk geleidelik aan die Afrikaanse spelling gewend maak. Die eerste nummer van *Die Afrikaanse Patriot* lewer ons die bewys hoe hulle te werk gegaan het. Daarin sal ons merk dat hulle b.v. die onbepaalde lidwoord *een* (pleks van 'n) gebruik het; woorde soos *seën*, *voël* is toe *se'en*, *vo'el* geskryf om te wys dat die *g* uitgelaat is, en so meer.

Daar die redaksie van *Die Patriot* uit Bolanders bestaan het, is dit te begryp dat hulle die Bolandse spraak vir die skryfvorm gekies het, soos: *baing*, *patals*, *boontjies*, *gôï*, *nôï*, met die pad *saam*, ens.

Maar die skryfvorm moes vasgestel word; outokraties wou die redaksie nie optree nie en het liewers gewag om te sien aan watter vorm die voorstanders van Afrikaans die voorkeur sou gee. Vandaar: Ons skryf soos ons praat. So is dit meer demokraties. Ná verloop van tyd kon die redaksie uit die bydraes aan *Die Patriot* gestuur vasstel watter rigting in te slaan. En dit het uiteindelik op 'n fonetiese spelling uitgeloop wat groot ontevredenheid veroorsaak het, omdat die *f* vir *v*, die *y* vir *ei* en die *ii* vir *ie* die oog ge-

hinder het deurdat die lesers nog aan die Hollandse skryf-vorm te gewend was.

Die Afrikaanse-Taalvereniging (A.T.V.) het toe weer die spelling in hande geneem en het toe teruggegaan waar die Genootskap begin het en het verskeie wysiginge ingevoer, soos *tuis* word toe *thuis*, *wanner* word *wanneer*, *y* word *ij*, ens.

Dit wou maar nie stryk nie tot die S.A. Akademie ingegryp het en van tyd tot tyd die spelling hersien het tot waar ons vandag staan. Die Akademie het 'n Woordelys uitgegee wat deur die opstellers self erken word nie volmaak te wees nie. Pionierswerk kan in die reël nooit so wees nie. In die Woordelys kom nog baie wisselvorms vir seker woorde voor. In teorie is dit volkome die regte gedragslyn. Die keuse word dan aan die skrywer oorgelaat om die vorm te kies wat hy prefereer. Maar in die praktyk werk dit anders uit: dit is die redaksie wat beslis watter vorm hulle in hul koerant of tydskrif gaan gebruik, en op dié manier het die keuse van die skrywer in die reël nie veel waarde nie. Let maar op die spelling en keuse van wisselvorms in my eie boeke—een met die ander.

Met die Afrikaanse skryftaal het ons nie die moeilikhede wat in Europa bestaan nie; daar word in een land verskeie dialekte aangetref wat baie van mekaar verskil. By ons is die moeilikhede minder, daar ons slegs met afwykings te doen het wat op sigself geen groot verskille oplewer nie—ons verstaan mekaar goed, en dit vereis soms inspanning om goed te luister waarin die afwykings voorkom. In die volgende paragraaf sal ons meer hieroor te sê hê.

In boeke kry die skrywer 'n vryer spel om sy woorde uit die wisselvorms te kies; maar waar hy self die drukkersproewe nie lees nie, word hy tog deur die proefleser gekortwiek, wat dan sy eie keuse laat geld.

Wat betref die letterkundige voortbrengsels van die Eerste en Tweede Taalbeweging bestaan die verskil hierin: die Eerste het hom toegelê om die spreektaal soveel moontlik letterlik te volg deur woorde en gesegdes net so op te neem as gepraat word. Wat 'n bietjie te sterk Hollands gekleur was, het hulle staandevoets verwerp. Hierdie neiging het hulle soms oordryf, wat die oorsaak was dat hulle nie altyd tussen goeie taal en plathede onderskei het nie. Maar dit het ook sy weldadige uitwerking gehad om egte Afrikaanse woorde en gesegdes in die skryftaal in te voer.

Maar net so min as die Eerste Beweging wou leen, net

so leensugtig was die Twede; pleks om die spreektaal grondig te ondersoek, het hulle uit die Hollandse en Franse taal begin oorneem, waardeur verskeie van hulle eerste voortbrengsels pure Hollands was op Afrikaanse wyse gekleeselfs die gedagtegang was on-Afrikaans.

Langsaam het daardie skryfwyse toe weer die nuwigheid verlaat, en vandag kry ons suiwerder Afrikaans—ofskoon sommige wat nog sterk onder Hollandse invloed verkeer, probeer om „Hoog-Afrikaans” te skryf.

§27—ONDERLINGE VERSKILLE IN AFRIKAANS.

In so 'n groot land as Suid-Afrika, waar een en dieselfde taal van Bredasdorp tot in Transvaal, en van Namakwaland tot in Natal gepraat word, en waar die gemeenskaplike verkeer groot opofferende eis, is dit lig te begryp dat onderlinge verskil in die spreektaal moet ontstaan. En tog is die verskille van so 'n onbeduidende aard dat dit baie moeilik gaan om 'n afwyking in die spraak te ontdek—dit duur soms 'n hele ruk voor so 'n verskil hom openbaar. Die verskil wat ons die gouste in die ore val, is die manier van praat van persone uit die onderskeidelike dele van die land. Die spraak van die Bolander is in die reël vlug en lewendig; die binnelander van Kaapland spreek opgewek, maar langamer; terwyl die Transvaler kalm spreek en nadruk skyn te lê op ieder woord; en die Vrystater en Nataller spreek iets vlugger as die Transvaler. Dit is selde dat iemand van Caledon, Koeberg, Malmesbury en Clanwilliam nie bry nie—en ieder van hierdie distrikte het sy eienaardige manier om te bry. Heel selde word in Vrystaat, Transvaal en Natal persone aangetref wat bry.

Ons het hierdie feite aangehaal, omdat dit die gehoor eerder tref as die afwykings self.

Hoe min, of hoe veel die onderlinge afwykings ook mag wees, hulle bestaan, en ons sal hulle in drie klasse verdeel:

- (1) Waar verskillende voorwerpe dieselfde naam dra.
- (2) Waar verskillende name op een voorwerp toegepas word.
- (3) Ander verskille.

Wat punt (1) betref, waar verskillende voorwerpe dieselfde naam dra, het ons reeds geleentheid gevind om die geval van *palmiet* en *papkuil* onder die aandag te bring; so stap ons van hierdie geval af. Die *acacia dealbata* is die *silwer wattle*, maar in Oostelike Transvaal, waar dit op

groot skaal aangekweek word, noem die mense dit *black wortel*, terwyl die *black wattle* die *acacia molissima* of *bas-wattle* is, en hierdie boom noem die oostelike Transvalers weer *groen wortel*. In die Boland is 'n *katlagter* 'n ander voël as in Transvaal; ook word die naam in verskillende dele van die land op ander voëls as die regte voël toegepas. Met verskeie blomme is dit ook die geval, soos: *botterblom*, *moeder-met-kindertjies*, *oupa-se-hoed*, *gousblom*. In Transvaal, Vrystaat en Natal word 'n *kom* 'n *skottel* genoem; so praat hulle daar van: 'n *badskottel*, *wasskottel* en *blikskottel* onderskeidelik vir 'n *badkom*, 'n *waskom*, *blikkom*. In Kaapland heet 'n *muil* 'n *esel*. Die *bleshoender* word in Kaapland ook *wildehoender* genoem; in Transvaal is *wildehoender* die *tarrentaal*, ens. Onder hierdie afdeling is daar nie baie voorbeelde nie, en dit is verwonderlik dat dit nie anders is nie.

Aangaande punt (2), waar verskillende name op een voorwerp toegepas word, is daar meer voorbeelde: die *trapsoetjies* word in een en dieselfde streek ook *verkleurmannetjie* genoem; so heet die *ouvolk* ook *skurwejantjie*; die klein soort *akkeldissie* ook *geitjie*; die *janfrederik* ook *jan-tatra*; die *fiskaal* ook *laksman*; *kaffervink* ook *borrelvink*; *terpentyboom* ook *mapanie*; *noorsdoring* ook *naboom*; *nooiensboom* ook *sambreelboom* of *kiepersol*; *vuurlelie* (*cyranthus*) ook *puruutjie* (klanknabootsing van geluid as daarop geblaas word); *garingklip* ook *wolklip*; *gruisklip* ook *ouklip*; *tarrentaal* ook *poelpetaan*; *koovoël* ook *lammervanger*; *berghaan* ook *dassievanger*; *dasadder* ook *bergadder* ('n denkbeeldige slang, half slang, half dassie); *bruidsluier* ook *bruidswieltjie* (bekend uit Hollandse tyd, gebruik van Transvaal tot Kaap); *nekhoutjie* ook *draaghoutjie*; *kakebeenwa* ook *leerwa* (omdat dit pleks van bokbalke sylere het); *bruidswa* ook *vierperdewa*, ens. Daar die Bolanders 'n *muil* 'n *esel* noem, moet daar 'n ander naam vir *esel* (*donkie*) gevind word; in my kinderdae was dit *steenesel*. So ook was van 'n kind gesê wat so vervelig huil: „Hoor die *steenesteltjie*”, wat ook toegepas was op muskiete wat in 'n kamer rondvlie. *Palmiet* word ook *kafferskuil* genoem (met die gedagte dat Kaffers daarin skuil, daar die stamme swart is). En so kan ons die lys aanmerklik verleng wanneer ons dink aan: hy is *dood* aan koors, en hy het hom *dood* verwonder; hy is *gek* geword van skrik, en hy is *gek* na lekkers; daar *sit* 'n man op die kar, en daar *sit* nog vrugte aan die boom;

uit 'n *pyp* rook, en deur 'n *pyp* waterlei; *ertjiesop* en *druiwesop*. En so kan ons nog baie die sinonieme bysleep.

Om twee aparte voorwerpe van verskillende aard onder een naam in te sluit, en tog die onderskeid te laat voel, bedien die Afrikaner hom van die woorde *wilde* en *baster*, wat hy voor die bekende naam plaas, of hy gebruik 'n ander woord om voor of agter die bekende benaming in te las, soos *pruim*, *wildepruim*; *gans*, *wildegans* of *berggans*; *eend*, *wilde-eend* of *eendvoël*; *gensbok*, *bastergensbok*; *geelhout*, *bastergeelhout*; *vark*, *krimpvarkie* of *rolvarkie*; so hoor ons ook: „hy is 'n *baster* goeie man”—wat natuurlik in 'n ander sin gebruik word.

Wat betref punt (3), naamlik ander verskille, bestaan daar baie en vorm die grondslag van hierdie boek waarin die afwykings in Afrikaans behandel word. Die Transvaler, Vrystater en Nataller praat van: „die perd is *gesout* aan perdesiekte” of „die kind is *gesout* aan kinkhoes”; in ander dele hoor ons: „hulle is *uitgemasel*” aan dié of dié siekte. Op die Afrikaanse-Taalkongres aan die Pêrel in 1896 is die Hollandse woord *ook* spesiaal onder die aandag van die lede gebring: die Bolanders het gestem vir *oek* (soos hulle dit daar uitspreek, van toe af het die ou Genootskap *oek* gebruik); in die binnelande (Kaapland), Vrystaat, Transvaal en Natal spreek die mense die woord as *ok* uit. Waar *ook* suiwer gehoor word, is in gesprekke van persone onder Hollandse invloed. Die woord *vlei* in die Boland beteken 'n pan water of vallei, ook 'n laagte; so hoor ons daar van: *Wamakersvlei*, *Blouvlei* (Wellington), *Wateruintjiesvlei* (Pêrel), *Muldersvlei*, *Perdevlei* (Stellenbosch), *Voëlvlei* (Tulbagh), *Verlorevlei* (Piketberg), en so meer. Wanneer daar sout in die *vlei* is, dan word dit net soos in Transvaal 'n *pan* genoem en heet *soutpan*, soos *soutpan* aan Die Strand, by Saldanabaai, ens. In Transvaal is my net een plek bekend as *vlei* (wat 'n pan is), en dit is *McCabesvlei* op die grense van Pretoria en Waterberg. Dus word in die algemeen in Afrikaans nog nie 'n skerp lyn getrek tussen die betekenis van *pan*, *vlei*, *laagte* en *leegte* nie—plaaslik wel.

Hierdie onderwerp vereis vollediger bespreking; so sal ons dit lievers in 'n afsonderlike part van hierdie boek behandel en stap voorlopig daarvan af.

§28—EIENAARDIGHEDE VAN AFRIKAANS.

Onderwyl Afrikaans hom tot 'n afsonderlike taal ontwikkel het, het dit sekere eienaardighede uit die Hollands van die 17de eeu behou, of dié gewysig, en het verder ander eienaardighede aangeneem wat tans nie in die teenwoordige Nederlandse taal bestaan nie. Daarvan is daar so veel, dat ons op almal die aandag nie kan vestig nie; so sal ons slegs enige van hulle bespreek.

In ou-Holland; het die dubbele ontkenning bestaan; maar dan het die swakste ontkenning voor die sterkste aan die beurt gekom, soos: *Ghy en zult niet stelen*. In Afrikaans is dit net andersom: die swakste ontkenning word aan die einde van die sin gehoor, of in ieder geval, so ver na agter as moontlik, soos: Dit is *geen* kleinigheid *nie*. Dit is maar *niks nie*. Dit is *nêrens* te vind *nie*. Hy mag *niemand* kwaad doen *nie*. Dis *nie* waar *nie*. Hy was *nooit* daar *nie*. Hieruit blyk dat *nie* altyd as die swakste ontkenning gebruik word.

Dit gebeur dikwels as iemand onbedag spreek of nie genoeg ag slaan op sy geskrif nie, dat hy hom van drie ontkennings bedien—soms een sterke en twee swakkes, soos: Ek was *nie* weg *nie* om my goed te gaan haal *nie*. Dit is *nie* die goed *nie* wat ek vir jou gestuur het *nie*. Dit is nog *geen* bewys *nie* dat dit so is *nie*. Ek is *nie* so groot *nie* soos my broer *nie*. Hy is *nie* baie groter *nie* as sy twee broers wat in die Kaap woon *nie*. In die gevalle waar *nooit* en *niemand* die sterkste ontkenning is, word in die spreektaal baie gesondig, soos: Hy het *nooit niks* gedoen *nie*. Hy het *niemand nooit* goed gedoen *nie*. Wanneer die swakste ontkenning by skrywe voor *om* geplaas word, gebeur dit dat die skrywer per abuis nog 'n swak ontkenning aan die slot van die sin toevoeg. So het 'n welbekende krietikus die stel afgetrap toe dié 'n skrywer oor die kole haal vir gebreke in 'n boek onder bespreking—so 'n bespreking word tog oorgelees voor dit na die drukpers-toe gaan. Ek bepaal slegs die aandag op die gebeurlikheid en nie omdat ek meen dat die sprekers en skrywers nie beter weet nie.

Die weglaat van die slepende uitgange en harde medeklinkers wat in Hollands bestaan, is 'n ander eienaardigheid van Afrikaans, soos: *Hy het my besteel* (Hollands, Hij heeft mij bestolen). *Droë lande* (Holl. droge landen). *Nes* (Holl. net zo als). *Appelliefie* (Holl. appel der liefde). *Dolos* (Holl. dobbelos). *Berei* (Holl. bereiden). *Als* (Holl. alsem). *Reën* (Holl. regen). *Smôrens* (Holl. des morgens). *Ons sou*

hom gehelp het (Holl. Wij zouden hem geholpen hebben),
ens. Ook: Hy sit *en* slaap (Holl. Hij zit *te* slapen).

In die verhaaltrant word meesal die teenwoordige tyd gebruik. Die Afrikaner plaas hom gewoonlik terug in die tyd toe die gebeurtenis afgespeel is. Die tydsbepaling word met 'n bywoord van tyd gereël—meesal deur die woordjie *toe* (Holl. *toen*), soos: Toe ons daar aankom, sit hy skoene maak. Verlede jaar toe ons by Jan aankom, kom hy net tuis. Laaste Maandag, ná die mis opgeklaar het, toe eers sien ons waar ons is.

Die Afrikaner het amper al sy werkwoorde gelykvloeiend gemaak, so sê hy: Ek sing. Ek het gesing. Ek het klaar gesing (toe hulle instap). Ek sal sing. Ek sou sing. Ek sou gesing het. Sing! Te sing, ens. Hy reël dus die tydbepaling met die hulpwerkwoord, wat ongelykvloeiend bly, waardeur die onvolmaak verlede tyd verdring word. Dus, waar die Hollander sê: *Ik zong*, is so 'n tydsbepaling in Afrikaans onbekend.

Herhalings in Afrikaans van sommige woorde, of verdubbeling van die begrip, is algemeen, soos: Dit is *al* laat *al*. Dis 'n saak *tussen* jou en *tussen* hom. *Dooie* aas. *Verbrande* as. *Plek-plek* is hy verkeerd. *Gou-gou* was hy terug. Ek sê, *bring* moet jy dit *bring*. Ek sê jou, haal dit *uit* jou mond *uit*. Hy stap *in* die huis *in*. Kom *na* my *toe*. Kom *saam* met my. *Aan* my goed het ek swaar *aan* gekom. *Van* nou *af* is dit klaar met kees. Hy kan nie *by* ons *bykom* nie. Ek sê jou, *daar* is niks *daarvan* nie. *Gaan*, *gaan* moet jy tog! Albei *my* pa en *my* ma het so gesê. *Kol-kol* stof slaan agter die perd *uit*. Hy gesels net om *praat* *praat* is. Ek skiet die bok 'n *skram* raps. Dit was 'n naarheid: die osse *die* bulk, die honde *die* tjank, en die kinders *die* huil. In Clanwilliam en noordwaarts hoor ons daaglik ook: Soos *dit* man kan eet, het ek nog nie gesien nie. Dis 'n lus om na *dit* vrou te luister as sy sing. Ei! is *dit* meisie nie mooi nie! Natuurlik het so 'n uitdrukking sy werking na omliggende distrikte uitgebrei, waar dit dan in die reël minder gehoor word, of dié streke het dit behou, terwyl dit op ander plekke uit gebruik geraak het.

In die Boland het 'n sonderlinge verdubbeling van die begrip *met* ontstaan en het deurgedring tot in Namakwaland, soos: Ek gooi jou *met* die klip *saam*. Hy loop *met* die pad *saam*. Wat is dit *met* jou *saam*?

Die *g* het in Afrikaans nog 'n ander klank as in Nederlands en stem ooreen met *g* in Duits *gelbe* (geel), of *gegen*

(tegen), of soos *g* in Engels *go* (gaan), *give* (gee). In die Bolandse spraak word dit minder aangetref as in die spraak noord van Grootrivier. So hoor ons: *nege* (Boland meesal *neë*), *dage* (Bol. *dae*), *egge* (Bol. *êe*), *ruggens* (Boland *rûens*), *genoege* (Boland *genoeë*), ens. Hierdie klank van *g* word in vreemde woorde met *gh* geskryf, soos: *ghwarrie*, *ghwano*, ens.

§29—WOORDVORMING IN DIE ALGEMEEN.

Soos ons reeds opgelet het, bestaan die Afrikaanse woordeboek merendeels uit samegestelde woorde; en daar die burgers mees eentalig was, het hulle geen ander taal gehad om uit te put nie as net hul eie. Hulle het dus die nuwe rededele samegestel uit bekende Germaanse woorde. Deur die natuur daartoe aangespoor, het hulle die eerste indrukke van die nuwe voorwerpe ontvang deur hul sintuie en ook deur hul redeneervermoë.

(1) *Deur die oog.* Iemand stap by voorbeeld in die veld, en sy oog word getref deur 'n seker akkedissoort; hy beskou die diertjie en let op sy langsame beweging. Onmiddellik dink hy aan *trapsoetjies*. Maar 'n ander waarnemer word getref deur die feit dat die diertjie sy kleur kan verander na dié van die voorwerp waarop hy hom bevind, en dink aan *verkleurmannetjie*. Verder het ons aan ons gesigsvermoë te danke sulke woorde soos: *blesmol*, *kolhaas*, *kuifkoppie*, *rooibok*, *stamvrugte*, *sandklip*, *blouklip*, *bosrant*, *grasant*, *spitskop*, *tafelkop*, *rietspruit*, *klipdrijf*, *bosveld*, *kaalveld*, *drievoet*, *loskop*, *blinkblaar*, *vaalblaar*, ens.

(2) *Deur die gehoor* het ons sulke woorde soos: *bromvoël*, *woer-woer*, *tjinkereetjing*, *klap-klappie*, *brulpadda*, *ting-tinkie*, *kwêvoël*, *hadieda*, *bokmakierie*, *jantatra*, *boomsingertjie*, *dirk-dirkie*, *sistertjie*, *brommer*, *tjankbalk*, ens. In die kindertaal het ons *boe* vir os, *mê* vir skaap, *bok* of *lam*, *mi-au* vir kat, en nog meer.

(3) *Deur die reukorgane* bestaan daar sulke woorde soos: *sitroengras*, *stinkblaar*, *muskusgras*, *leventelbossie*, *aasblom*, *teebloom*, *kaneeltjies*, *muishondkruie*, *naelblom*, *stinkkruid*, *soetemaling*, *swawelbad*, *duiwelsdrek*, *stinkhout*, *stinknes*, *stinkmuishond*, ens.

(4) *Deur die smaakorgane* verkry ons woorde soos: *soetriet*, *suurlemoen*, *soetlemoen*, *bitterappeltjie*, *bitteramandel*, *brakslai*, *brakbos*, *soutbossie*, *soetgras*, *suurgras*, *vrankwortel*, *suurpruim*, *sterkkors*, *suurvy*, ens.

(5) *Deur die gevoelorgane* het woorde ontstaan soos: *brandpeul, jeukui, jeuksiekte, brandnekel, koppyn, kouekoors, benoudebors, wurgsiekte, suurpap* (Kaffer lekker-ny), ens.

(6) *Deur die verstand* is baie indrukke oorweeg en die gevolgtrekkings in woorde verklank, soos:—

(a) *Vergelyking*. Die nuwe voorwerpe het dadelik laat dink aan ou bekende diere, plante en ander dinge wat amper net so lyk of daaraan herinner, soos: *wildebees, wilde-eend, gensbok, bastergensbok, wolf, eland, dassie, meerkat, tregterblom, sekelbos, velskoenblaar, bobbejaanoor, sambreelblom, sambreelboom, hartbees, skottelploeg, skottel-eg, kakebeenwa, bobbejaanstert, tongblaar, katstert, bokhorinkie, klipsweet, oupa-se-hoed, vingerhoedjies, klokkiesgras, hanekam, dortelappeltjie, vygies, vuurlelie, kandel-earblom, pypies, boomvaring, slangkop, pappegaaibek, hamelstertgeitjie, swawelstert* (veemerk), *hoendervoet* (bandietmerk), *slangsleepseltjies* (deur reënbutjie), *kruisgras, aapsekos, kersbos*, ens. So kan hierdie lys nog aanmerklik verleng word.

(b) *Geraardheid*, of die wyse van bestaan en karakter, soos: *wateruintjie, waterblommetjie, kruipertjie, rankboontjie, waterslang, grondboontjie, laksman* (voël), *waterbok, bosbok, bosvark, vlakvark, krimpvarkie, rolvarkie* (oprol), *duiker, springbok, papierblom, katdoring* (dorings nes katnaels), *opgeefsels* (lugspieëlinge), *broekmannetjie* (ruspe in huisie van stokkies), *bloedspoor, waterkweek, watergras, opblaaspadda, malkopby, vleigras, berghaas, bergspreeu, bergboegoe, fonteinboegoe, boomslang, blikkieskos, soutvleis, gesoute vis, waterkriek, koringkriek, draaijakkals, maanhaarjakkals, skaapvangerjakkals, kuikendief, driedae-siekte* (onder beeste), *galsiekte, rooiwater* (siekte), *nieshout, peperbossie* (brand nes peper in die mond), *klitsgras, sandkruipertjie, klipspringer, voetsoekertjie, klappertjie, strandlopertjie, kapokvoëltjie, winterveld*, ens. Ook kan hierdie lys baie verleng word.

(c) *Digterlikheid en skoonheidsgevoel*. In hierdie klas woorde het die skoonheidsopvatting die uiterlike vertoon te hulp gekom, soos: *sewejaartjie, trou pant* (mooi voël), *aandsterretjie* (blom), *kan-nie-dood-nie* (soort aalwyn), *moedermet-kindertjies* (blom), *naaldekoker* (vlieënde gogga), *douvoordag, kniediepvoordag* (ruk voor dagbreek), *janbéwertjies, wonderboom, reënboogvoël* (toekan), *musikantvoël, môrester* (blom), *dagbrekertjie* (soort lewerkie), *vergeet-*

my-nie (blom), *moederstrane* (plant), en nog 'n menigte blomname wat in Holland ook bekend is, soos: *lelie-der-dale*, *ridderspoor*, *venusvaring* (Eng. maiden hair), *roos-van-Jericho*, *kroonblom*, *appel-der-liefde* (naas *appelliefies*), *duisendskoon*, *keiserskroon*, *daglelie*, *sonneblom*, *juffertjie-in-groen*, *lintgras*, *duisendknoop*, *ereprys*, *witreën*, *blou-reën*, *geelreën*, en so meer. In plaasname skiet die Afrikaner glad nie te kort nie, soos: *Koppie-Alleen*, *Woes-Alleen*, *Heilbron*, *Morgenson*, *Reddersburg*, *Soete-Inval*, *Treurrivier*, *Blyderivier*, *Wakkerstroom*, en nog meer wat net so wel ook histories is en miskien welluidender is as name van plase en dorpe wat mense na hulself vernoem en die betekenis na verloop van jare tog verlore sal gaan.

(d) *Humor en spotlus* het ook baie woorde aan Afrikaans besorg, soos: *jakob-regop* (zinnia), *nooiensuil* (Hollands, kerkuil), *jakkalsdraai* (slinkse streek), *wag-'n-bietjie*, *stormjaer*, *velskoendraer*, *takhaar*, *pappelellekoors*, *boerfopper* (ook *boerverneuker*), *lappiesmous*, *penlekker*, *dopper*, *lekkergeloof*, *lekkerjeuk*, *kaas* ('n Hollander), *rooinek* (Engelsman), *padda-eter* (Fransman), *bloue* (Portugees), *makaronie* (Italianer), *peperkorrelkop* (Hottentot), *streepkop* (Boesman), *boerkwaggas* (boermense), *stoepsitters* (dorpelinge), *boomskraapsel*, *ag-os-tou* (bossie met taai wortel wat 'n ploeg met ag osse laat bly staan, of die trektou laat breek). *Truitjie-roer-my-nie* (vervorm van Hollands *kruidje-roer-mij-niet* (*mimosa pudica*) word hier op 'n ander plant toegepas omdat dié so vreeslik stink; daarom, om die humor te voltooi, word bygevoeg „of ek stink”. So hoor ons nog van *papbroek*, *uitoorlê*, *aapstert* (sambok), *naadlos* (verspot, of uit wans), *wynvlieg* (suiplap), *pappegaai* (babelaar), en nog baie meer. Ons het hier met woorde te doen gehad, maar die Afrikaner se geestigheid kom sterker in gesegdes uit wat ons breedvoeriger in Part Vier sal behandel.

(e) *Nut en bruikbaarheid*. Hierdie klas woorde het meesal betrekking op die ekonomiese waarde van die voorwerpe, soos: *wasbessie*, *seepbossie* (waarmee klere gewas word), *soutpan*, *brakpan*, *rysmier* (inboorlingvoedsel), *suikerbos*, *loogbossie*, *haasgras*, *buffelgras*, *boksuring*, *kraai-bessie*, *hottentotvy*, *hottentotbrood*, *pypklip*, *voëlent*, *jakkalsbessie*, *bobbejaanuintjie*, *patrysuintjie*, *raapuintjie*, *anyswortel*, *vinkelwortel*, *misbredie*, *arpuisbos*, *basboom*, *kokerboom*, *varkwortel*, en nog baie meer soos: *heuning-tee*, ens.

(f) *Selfverklarend*. Die meeste van bogenoemde benaminge en woorde is selfverklarend en gee 'n duidelike voorstelling wat daarmee bedoel word; so kan ons nog byvoeg: *boerbeskuit, witbrood, teerputs, wolsak, skaapskêr, kosmandjie, tentwa, halftentjiewa, mosbolletjies, kapkar, skof-felploeg, skopgraaf, spitgraaf, seepsoda*, ens.

(g) *Vakname*. Hiervan bestaan daar ook 'n groot hoeveelheid, soos: *voorhamer, saaisak, konfoor, trens, trensriem, luns, lunsriem, dolfland, remskoen, remketting, hot en haar, disselboom, wiesboom, touwys, koppelstok, vangstok, volksraad, skoolraad, voorsitter, sekretaris*; en so kan 'n klein woordeboek gevul word.

(h) *Figuurlik en oordragtelik*. Hiervan is daar ook 'n menigte, soos: *voorperd* (een wat die leiding neem), *agteros* (iemand wat laaste is), *pampoenkop* (ronde of domkop), *papbroek* (iemand op wie nie gereken word nie), *bangbroek* ('n lafhartige), *windpomp* (grootprater, spogter), *wynvlieg* (suiplap), *opblaaspadda* (vermetelete, trotse persoon), *abjater* (so gemaak en so laat staan), *kees* (bobbejaan). Hierdie onderwerp sal ons verder in die Vierde Part behandel.

(i) *Geneeskunde en kwaksalwery*. Meesal op plante toegepas, soos: *kruisement, bels, kattedkruie, aambeibossie, kankerbossie, wilde-als, sederknoppe, gifwortels, kliphoutgom, byewerkpleister, smeergoed, trekpleister, koppelhorring*, ens. Van vreemde tale ontleen: *balderja, boegoe, dawwetjies, siebiep*, en nog meer.

(j) *Histories*, soos: *kakiebossie* (deur Engelse in 1899-1902 met die oorlog ingevoer), *kankerros* (dieto, dit word as pes of 'n kanker bejeën), *volstruisbossie* (in die Boland bekend geword toe hulle daar met volstruise begin boer het), *boetebossie* (onkruid waarop boete is as dit op iemand se eiendom gevind word), *beseutjie* (zinnia, so genoem omdat sendeling Bisseux, Wellington, dit hier in Suid-Afrika eerste gekweek het). So ook het ons *dutoitskoring, nieuwoudtskoring*, ens.

Hoe *kouterbossie, turksnael* (muskusgras), *waboom, renosterbos* (annosterbos), *teeruintjie* (met taaiërige stingel), *beukesbossie*, ens., aan hul beskrywende name gekom het, het ek nooit 'n verklaring voor kon vind nie. Gis kan ons almal.

Bostaande verdelings moenie in te grote erns opgeneem word nie, daar een en dieselfde woord in verskeie afdelings pas; maar tot dié maatreeël is toevlug geneem om 'n stelselmatige oorsig van die Afrikaanse woordeskat te kry.

§30—HIEROOR EN DAAROOR.

In hierdie paragraaf is die onderwerpe onder bespreking onsamehangend: dieselfde weg word gevolg soos met die debat op die begroting in die Volksraad.

Totnogtoe het ons die geselstaal stap vir stap gevolg en gelet op sy ontwikkeling, op die invloede wat veranderinge bewerkstellig het, en op voortreflikhede, asof daar geen gebreke bestaan nie. Net soos die geval met ander tale is, bevat Afrikaans in sommige gevalle ook onlogiese en ongerymde gesegdes. Die Engelsman sê b.v.: „He *depends on it*,” dit wil sê: hy *hang op* iets; so sê ons weer: „Die appel *sit aan* die boom.” Dan hoor ons verder: „As ek die *waarheid* moet sê, dan moet ek *lieg*.” „Ek gooi jou met die klip *saam*.” In na-aping van Hollands praat ons ook van *voorjaar* en *najaar*, pleks van *voorsomer* en *voorwinter* of *nasomer* en *nawinter*. Dan hoor ons verder: „Hy is *sleg* van goedheid.” „Die *ou* kindjie het honger.” Waar sit die *wind* van die *windeier*? Of hoe lyk iemand as hy *vol* modder is? So het ons nog vir albei geslagte: *berghaan*, *korhaan*, *seekoei*, *predikantjie* (voël), *sekretaris* (voël), ens. Dan noem ons die *moeder*-heuningby 'n *bykoning*; dieselfde is die geval met *mierkoning*. Die *blindevlieg* is wel mak, maar nog nie *blind* nie. Hoe span 'n mens 'n kar in?—dis die perde wat ingespan word. Hoe loop iemand *hande-viervoet*? Die *Boland* lê enige honderde voete bokant die seevlak, die *Onderveld* lê enige duisende voete bokant die seespieël. 'n Dubbele negasie is nog 'n negasie, soos: Dis *nie* moontlik *nie*; terwyl 'n drievoudige negasie eers 'n positief is, soos: Dis *nie* onmoontlik *nie*. Ons praat van *dooie aas*, van *dood* geskrik. Dan het ons nog die herhalings soos: Ek kom *uit* die huis *uit*; dis *al* lank *al*, ens. In die bygeloof van die Hottentotte het ons duiwelsby, terwyl die insek 'n *mot* is. Verskille in waarneming bestaan onder alle volke; wat die Engelse 'n *pole-cat* noem, is by ons 'n *muis-hond*. Wat by die Hollanders 'n *nyipaard* is, is by ons 'n *seekoei*; *klavier* in Holland is die klawerbord van 'n piano, by ons is dit die hele piano; so ook is *skoelapper* by ons al die vlinders, terwyl dit in Holland op een soort vlinder toegepas word. Die volgende gevalle is aan betekenisverandering onderworpe—net soos in die geval met *japonika* vir *camellia japonica*, of *hortensia* (ook *atensia*) vir *hydrangea hortensia*. *Rou sout* is wat op die bord geplaas word.

Vloekwoorde van sy eie het die Afrikaner min—dié leen hy uit Engels, Hollands en Duits. Maar aan skelwoorde

ontbreek dit nie; en selfs dié vind hy nie mooi nie, en daarom word in die meeste dele van ons land geen onderskeid gemaak tussen *vloek* en *skel* nie. So sal 'n kind kom kla: „Ma, daardie kind het my *gevloek*.” Die moeder vra: „Wat het hy gesê?” en kry tot antwoord: „Jou hond! Jou vuilgoed!” Maar sy taal van liefde is sy eie, soos: *hartlam*, *my lam*, *hartkruipertjie*, *trekpleister*, *hartseergoed*, *harddrostertjie*, *my blouoog*, *my bruinoog*, *krulkoppie*, *die poppies*, *my nooi*, *my jongkêrel*, *my gansie*, *my skaaplammie*, *hartpleister*, *my blommetjie*, en so meer. As 'n jonkman te veel van 'n meisie haar tyd in beslag neem, dan is hy haar *bokstertjie* of *skoothondjie*, ens. Haar woonplek heet: die *soete-inval*, *draaiplek*, *ankerplek*, *vlerkslepplek*, en so meer. Die liefdetaal kom sterker uit in die Afrikaanse gesegdes wat in die Vierde Part behandel word.

Die woordjie *nee* het nie altyd die betekenis van *dis nie so nie*; so hoor ons as na die welstand gevra word, as antwoord: „Nee, dit gaan goed.” So hoor ons ook: „Ja, nee, ek weet nie wat ek daarvan moet sê nie.” So hoor ons ook: „Dit gaan goed, hoe gaan dit self?”

As iets aan 'n Afrikaner aangebied word, dan antwoord hy: *asseblief* (as hy dit wil hê). Maar Engelse invloed help hom van die spoor af, en hy antwoord dan onder dié invloed: *dankie*. Baie verstaan dan dat hy dit nie wil hê nie, en tot sy verwondering kry hy dit dan nie.

Wanneer in Hollandse woorde 'n lettergreep voorkom wat vir die Afrikaner enigsins vreemd klink, dan gee hy die voorkeur aan gebruikelike lettergrepe; so verkies hy: *perske* bo *perzik*; *sekel* bo *sikkel*; *appelkoos* lievers as *abrikoos*; so word *blaasbalg* *blaasbalk*; *kwansuis* word *konsuis*; *spinnerag* word *spinnerak*; *schorpioen* word *skerpioen*; *tweespalt* word *tweespalk*, ens.

In baie woorde vloei die laaste konsonant van 'n sillabe saam met die eerste konsonant van die daarop volgende sillabe, of omgekeerd, soos: *wat voor* word *watter* of *waffer*. So het ons ook: *niggie*, *muggie*, *knoffel*, *sukke* (sulke), *bokkie*, *soller*, *vullis*, *kinnere* (kinders), *mossie*, *Bettie*, *Lettie*, ens.

Uit Hollands het ons verskeie sametrekkinge en verkortinge, soos: *nes* (net zo als), *pleks* (in plaas van), *soos* (zo als), *tru!* (staat terug), *velle brei* (bereiden), *kaalgaar* (kabelgaren), *als* (alsem), ens.

In Afrikaans het nuwe klanke ontstaan, soos: *ôi* in *nôi*, *gôi*, en, soos reeds aangedui, die intervokaliëse *g* met

die klank van *g* in Engels *go*. Selfs het enige van die Afrikaanse klinkers ander klanke as in Nederlands, b.v. *e* en *o*. Verder maak die Afrikaner geen verskil tussen die uitspraak van *f* en *v* of van *s* en *z* nie; ook bestaan die Nederlandse klank van *sch* (in *school*) in Afrikaans nie meer nie; *aau*, *au* het verdwyn—net in uitroepe gehoor.

In Afrikaans kan die hoedanigheid of voortreflikheid in drie klasse voorgestel word. Neem by voorbeeld die woord *geel*. In die eerste graad is die denkbeeld duidelik, soos in: 'n *geel blom*. Dus die blom is geel. In die tweede graad is dit minder duidelik, soos in 'n *geelagtige blom*. In hierdie geval skeel daar iets aan die geel: dit kan liggeel, donkergeel, gestreep-geel of gevlek-geel wees. In die derde graad is die denkbeeld vaag, soos in: 'n *gelerige blom*. Dus die blom besit iets wat aan geel laat dink.

Deur middel van die Bybel het Afrikaans enige Hebreuse woorde oorgeneem, soos: *amen*, *halleluja*, *paas* (fees), *hosanna*, *Jehova*, *rabbie*, *fariseër*, *Sabbat*, *Kretie* en *Pletie*, *gerub*, asmede mens- en plaasname soos: *Josua*, *Dauid*, *Bethlehem*, *Saron*, ens.

Hier volg 'n lysie van Afrikaanse name vir klippe: *doeksteen*, is 'n ander naam vir *wolklip*, *syklip* of *garingklip* toegepas op asbestos. *Naklip* word in Namakwaland gevind en is 'n Hottentotse of Boesmanse naam. *Bloukalkklip*, ook *judasklip*, *olifantklip*, is name vir dolomiet. *Kaiingklip* is 'n klein klippie, is swartblink en word in die kaiingveld van Namakwaland en Boesmanland aangetref. *Pypklip* is wat die Engelse *soap stone* noem, waarvan pype gemaak word om uit te rook. *Ouklip* is 'n ander naam vir *gruisklip*. *Vuurklip* is *kwarts*. *Vuursteen* is wat die Engelse *flint* noem. *Ysterklip* word op baie soorte klippe toegepas wat die naam nie verdien nie, soos op swaar sandsteen en doleriet. *Blouklip*, meesal op doleriet. *Skilwerkklip*, 'n sagte klip wat op gebakte potklei lyk. *Leiklip*, waar skoolleie en dakpanne van gemaak word. *Keiklip*, toegepas op gladde ronde sandklip volop in rivierbeddings. *Kalkklip*, waar kalk van gebrand word. *Druipsteen* word in druipkelders gevind en is suiwer kalk. *Kristalklip* lyk soos deurskynende glas, en so meer. Die Hollandse woord *leem* vir *klei* word in die spreektaal nie gehoor nie. Met sand gemeng, is dit *gebroke grond*; losserrige grond, soos in die Karo, word *karogrand* genoem. In die Boland word die gebroke grond, waar renosterbossies en kouterbossies groei, ook *karogrand* genoem. *Turfgrond* in Transvaal,

Vrystaat en Natal is swart of rooi; half nat pak dit aan wiede van rytuie en voetsole van mense; in die Boland is *turfgrond* swart *potkleigrond* wat nie so klewerig is nie en goed vir bakstene is.

In die helfte van die 19de eeu was dit nog 'n algemene gebruik om te praat van: tant *Grietjie*, *Doortjie*, *Antjie*, *Gertjie*, *Letjie*, *Leentjie*, en so meer. Maar toe het die tyd van verengelsing ingetree en die jonger geslag het die *tjie* agter sulke name erg afskuwelik gevind, seggende dat dit die name van kleurlinge is en het geweier om op dié name geroep te word. Dit het toe oorgeslaan op Engels, al het hulle Hollandse name gedra; dus was dit: *Margaret*, *Dorothy*, *Annie*, *Gertrude*, *Alice*, *Helen*, ens. Maar spoedig het die kleurlinge dieselfde voetstappe gevolg, en wat sal die klagte voortaan wees?

Tot slot vestig ons die aandag op die volgende eienaardige woorde en uitdrukkings: *kruipertjie* en *kruip-ertjie*, *karos* en *kar-os*, *sykas* en *dis sy kas*, *sydoek* en *dis sy doek*, *ek loop na hom toe* en *ek loop ná hom weg*, *stad* (stede) en *kafferstat* (kafferstatte), *bergrant* (bergrante) en *hoedrand* (hoedrande), *die laaste hoop* (verwagting) en *die laaste hoop* (grond of soiets), *steenkool* en *kopkool*, *waas* en *wa-as*, *bloemis* en *blommis*, *bykos* en *byekos*, *koper-koper*, (handelaar in koper), *Wat was was eer was was was?* *Die trekos kos net wat kos kos*, *hout-as* (gebrande hout) en *hout-as* (van 'n wa), *denneboom* en *danneboom*, *tabakpyp* en *ysterpyp*, ook *pypkaneel*, *broekpyp*, *skoorsteenpyp*, *diamantmynpyp*, *pypies* (*gladiolus*), *pypsteelbos* (ongeskik vir pypstele), *misblom* of *maartblom* (bloei in Maart, misrytyd), *sens* (waarmee gemaai word) en *sensgat* (Hollands zundgat), *tier* (Hollands luipaard) en *luipèrd* (vir Holl. cheeta). Dis somar 'n *ding*, of 'n *goggagoed*, of 'n *kokkeljaner*, of *somar-so*, of *somar iets*, *husse*, *laatstaangoed*, *nie-my-goed-nie*, *nie-jou-goed-nie*.
